

**ONTKENNING IN MALMESBURY-AFRIKAANS:
'N KONTEKSTUELE VERKENNING**

DEUR

ELVIS OCKERT SAAL

**MINITESIS VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE VERVULLING
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD**

MAGISTER ARTIUM

IN DIE

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

PROMOTOR : DR. F.S. HENDRICKS (U.W.K.)

MEDE-PROMOTOR : PROF. I. VAN DE RHEEDE (U.W.K.)

BELLVILLE

OKTOBER 1994

EK VERKLAAR HIERMEE DAT:

ONTKENNING IN MALMESBURY-AFRIKAANS MY EIE WERK IS EN DAT EK ALLE BRONNE WAT EK GEBRUIK OF AANGEHAAL HET, DEUR MIDDEL VAN VOLLEDIGE VERWYSINGS AANGEDUI OF ERKEN HET.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'E.O. Saal' with a stylized flourish at the end.

E.O. SAAL

DANKBETUIGINGS

Hierdie minitiesis word met groot dankbaarheid aan die volgende persone opgedra:

Pappa en Mamma vir hul onbaatsugtige liefde, geduld, onderskraging en opofferings;

my broers en skoonsusters vir hul volgehoue bystand en belangstelling in my werk.

Ek wil ook graag my opregte dank en waardering uitspreek teenoor die volgende persone en instansies vir hul bydrae tot hierdie studie:

my promotor dr. F.S. Hendricks vir sy besielende leiding, verrykende gesprekke en persoonlike belangstelling in my werk;

my mede-promotor prof. van de Rheede vir sy onderskraging;

my tikster, Maureen Muller, wat met groot geduld en liefde die tikwerk vir my behartig het;

die Solomons-gesin wat my in liefde ontvang het en altyd van raad en bystand voorsien het.

die gemeenskap van Malmesbury - in die besonder dié mense met wie ek gesprekke/onderhoude gevoer het - vir hul gasvryheid en lieflike samewerking wat meegehelp het om die studie moontlik te maak;

my vriende, en in die besonder my vriendin, wat onder moeilike omstandighede my ondersteun en aangemoedig het;

almal wat op die een of ander stadium gemoeid was met my akademiese opleiding;

die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing wat 'n beurs van R4 200 beskikbaar gestel het;

aan Hom, die alleenwyse God, wat gesê het: *Maak die wysheid jou metgesel; dit sal vir jou 'n sierlike kroon wees.*

ABSTRAK

ONTKENNING is 'n semantiese verskynsel wat veral op clausevlak/sinsvlak geld. Ontkenningsuitings in Afrikaans word gekenmerk deur die aanwesigheid van (a) NEG-vorme/NEG₁-vorme (= negatief 1) wat deur verskeie vorme/partikels verteenwoordig word en in die eerste deel van die sin staan, en (b) NEG₂ = negatief 2) oftewel die eind-NIE/slot-NIE wat teen die einde van die sin geïmplementeer word.

Die seun gaan NIE (die NEG-vorm/NEG₁) slaap NIE (NEG₂/eind-NIE).

NEG₂ (die eind-NIE) het geen intrinsieke semantiese waarde nie.

NEG-vorme word gesubkategoriseer in:

- (a) NEG-inkorporasievorme soos geen, niks en niemand (Hy het geen kinders nie/Hy makeer niks nie/Niemand hou van hom nie) en
- (b) Ontkenningsbywoorde soos nie en nooit (Hy wil nie eet nie/Hy sal nooit slaag nie).

Ontkenning word in die onderhawige studie onderwerp aan 'n KONTEKSTUELE BENADERING. Hieronder word verstaan die bestudering van ontkenning soos wat dit gemanifesteer word in werklike gebruikskontekste.

Hierdie studie is konteks-spesifiek deurdat daar slegs gefokusseer word op die manifestasie van ontkenning binne 'n gegewe geografiese gebied, t.w. Malmesbury.

In HOOFSTUK 1 word daar naas 'n aanduiding van die studierein en gekose linguistiese raamwerk ook ingegaan op die navorsingsprosedure en databasis waarop die studie gebaseer is.

In HOOFSTUK 2 word 'n historiese oorsig van die verskillende benaderingswyses tot die hantering van ontkenning in Afrikaans kursories geskets. Daar word aangetoon dat die beskrywing van ontkenning in Afrikaans aanvanklik sterk onder die invloed van die strukturalisme gestaan het. Dit sou eers in die tagtigerjare wees dat die invloed van die funksionele taalkunde merkbaar sou word in die beskrywing van ontkenning in Afrikaans. Hierdie funksionele benadering sou die weg baan vir 'n kontekstuele aanpak van ontkenning.

In HOOFSTUK 3 kom die GRAMMATIKA van ontkenning (soos gemanifesteer in Malmesbury-Afrikaans) aan die orde. Ontkenningspatrone word bejeën vanuit die perspektief van die interaksie tussen spreker en hoorder. Die verskillende tipes NEG-inkorporasievorme en ontkenningbywoorde word bespreek met besondere klem op die plasingsmoontlikhede sowel as die (sintaktiese en pragmaties-semantiese) bereik daarvan.

In HOOFSTUK 4 word die teksfunksies en/of kontekstuele gebruike van ontkenning ondersoek. Aspekte wat in die brandpunt staan, is (a) die rol van ontkenning ten opsigte van tekstkoehesie en -koherensie en (b) die diskoerspresupposisionele kontekste waarbinne ontkenning funksioneer.

In HOOFSTUK 5 word die wesenlike van die onderhawige studie saamgevat en aangedui hoe die konteks-spesifieke ontginning van ontkenning in hierdie studie (a) aansluiting vind by en/of verskil van vorige studies oor ontkenning in Afrikaans en (b) 'n rigtingwyser wil wees ten opsigte van hoe die Afrikaanse taalkunde hom kan verantwoord jeens die appèl wat vanuit die huidige tydsgewrig tot hom gerig word.

ABSTRACT

NEGATION is a semantic feature found mainly on clause/sentence level. Negation in Afrikaans is characterised by (a) NEG₁-forms represented by various particles which are located within the major constituents of the sentence (eg. in the auxiliary, as part of the subject-nominal etc.), and (b) NEG₂ that is the closing particle (= NIE₂) in sentence-final position:

Die seun gaan NIE (NEG₁) slaap NIE (NEG₂).

NEG₂ has no intrinsic semantic value.

NEG-forms are subdivided into:

NEG-incorporation forms such as geen, niks and niemand (Hy het geen kinders nie/Hy makeer niks nie/Niemand hou van hom nie) and

Negative adverbs such as nie and nooit (Hy wil nie eet nie/Hy sal nooit slaag nie).

In the present study negation is approached contextually - i.e. the study of negation as it occurs in actual language use contexts.

This study is context-specific : it focuses on negation (and its various manifestations) within a certain geographical-area, i.e. Malmesbury.

In CHAPTER 1 the focus is on : the field of study, the linguistic/theoretical framework, the research procedures and the database of the study.

CHAPTER 2 gives a short historical review of the different approaches to the study of negation in Afrikaans. It highlights the influence the structural method initially had on the study of negation in Afrikaans. It was only in the eighties that the influence of the functional linguistics became evident in the description of negation. This functional approach then paved the way for a contextual/pragmatic approach of negation.

CHAPTER 3 focuses on the GRAMMAR of negation in Malmesbury-Afrikaans. Negative structures are viewed as an interaction between speaker and hearer. The different types of NEG-incorporation forms and negative adverbs are then discussed with specific reference to syntactic distribution and the scope (syntactic and pragmatic-semantic) of negation.

In CHAPTER 4 the text functions and/or pragmatic uses of negation are discussed. Specific focus is given to (a) the role of negation with regard to text cohesion and coherence, and (b) the contexts of discourse presuppositionality within which negative structures/utterances function.

In CHAPTER 5 a summary of the essence of the present study is given. It indicates the way in which this context-specific study of negation (a) links with earlier studies of negation and/or differs from them, and (b) signals how the linguistics of Afrikaans can answer to appeals ringing from present changes (and developments) in language study

INHOUDSOPGAW

<u>HOOFSTUK 1</u>	INLEIDING	1
1.1	Probleemstelling	1
1.2	Doelstellings	3
1.3	Databasis en Navorsingsprosedure(s)	6
	<u>AANVULLENDE NOTE</u>	8
<u>HOOFSTUK 2</u>	BENADERINGSWYSES TOT DIE HANTERING VAN ONTKENNING IN AFRIKAANS: 'N HISTORIESE OORSIG	10
	Diachroniese taalbeskrywing	10
	Sinchroniese taalbeskrywing	11
2.2.	Invloed van die Strukturele Taalkunde	14
2.2.2	Invloed van die Generatiewe Taalkunde	18
	Invloed van die Funksionele Taalkunde	19
	<u>AANVULLENDE NOTE</u>	23
<u>HOOFSTUK 3</u>	GRAMMATIESE ASPEKTE VAN ONTKENNING IN MALMESBURY-AFRIKAANS	27
3.1	DIE OPTREDE VAN NEG ₁	29
	NEG-inkorporasievorme	29
3.1.1.1	NEG-inkorporasievorme in die substantiefstuk	29
3.1.1.1.1	Onderwerpsubstantiewe	29
3.1.1.1.2	Voorwerpsubstantiewe	33
3.1.1.1.3	Substantiewiese predikaat	37
3.1.1.4	Konkurrensie tussen NIKS en GEEN/G'n	38
3.1.2	NEG-inkorporering in voornaamwoorde	40
3.1.2.	Die voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorm NIEMAND	40
3.1.2.2	Die voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorm NIKS	4

3.1.1.2.2.1	NIKS as voorwerp	41
3.1.1.2.2.2	NIKS as kern-naamwoordstuk	43
3.1.1.2.3	G'n man : 'n Voornaamwoord of substantiefstuk?	44
3.1.2	DIE PLASING VAN NIE ₁	45
3.1.2.1	NIE ₁ as insetelement	45
3.1.2.1.1	NIE ₁ as aanvangselement ter wille van sinsdeelnegasie	46
3.1.2.1.2	NIE ₁ as aanvangselement ter wille van sinsnegasie	48
3.1.2.2	Die plasing van NIE ₁ in die werkwoordstuk (WS)	49
3.1.2.2.	Die plasing van NIE ₁ t.o.v. werkwoordelike elemente	49
3.1.2.2.2	Plasing van NIE ₁ t.o.v. die voorwerp	51
3.1.2.2.2.1	Plasing van NIE ₁ t.o.v. die direkte voorwerp	51
3.1.2.2.2.2	Plasing van NIE ₁ t.o.v. die indirekte voorwerp	67
3.1.2.2.2.3	Die optrede van NIE ₁ by die setselvoorwerp	70
3.1.2.2.3	NIE ₁ voor die koplupredikaat	70
3.1.2.2.3.1	Adjektiewiese predikate	71
3.1.2.2.3.2	Naamwoordelike predikate	75
3.1.2.2.3.3	Ander tipes predikate	78
3.1.2.2.4	Plasing van NIE ₁ t.o.v. adjunkte	79
3.1.2.2.4.1	Plasing van NIE ₁ t.o.v. tydsadjunkte	79
3.1.2.2.4.2	Plasing van NIE ₁ t.o.v. houdingsadjunkte	83
3.1.2.2.4.3	Plasing van NIE ₁ t.o.v. versamelingsadjunkte	86
3.1.2.2.5	NIE ₁ in sinseindposisie	86
	DIE PLASING VAN DIE ONTKENNINGSBYWOORD NOOIT	88
3.2	DIE OPTREDE VAN NEG ₂ (= NIE ₂)	91
3.2.1	Die plasing van NIE ₂ aan die sinseinde	91
	Die weglating van NIE ₂	94
3.3	SAMEVATTING	96
	<u>AANVULLENDE NOTE</u>	99
<u>HOOFSTUK 4</u>	KOMMUNIKATIEWE GEBRUIKE VAN ONTKENNING	118
4.1	Teks-/diskoersfunksies van NEG-inkorporasievorme	118
4.1.1	Voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorme en tekskoehsie	118

4.1.2	Voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorme en tekskoherensie	125
	NEG ₁ -vorme in diskoersprespousisionele kontekste	127
4.2.1	Diskoersprespousisionele kontekts 1 : Negatiewe sinne/proposisies met duidelik onderskeibare positiewe korrelate	129
	Diskoersprespousisionele kontekts 2 : Negatiewe sinne/proposisies met geen duidelik onderskeibare positiewe korrelate nie	134
4.2.3	Diskoersprespousisionele kontekts 1 en 2 verskil t.o.v. graad van kompleksiteit en gebruiksvoorkeure in M.A.	138
	Negatiewe sinne in diskoersprespousisionele kontekste : 'n opsomming van funksies	14
	Die kommunikatiewe gebruike van NEG-vorme : 'n Vergelyking	141
	Die ontkeningsbywoord NIE ₁	142
	Die NEG-inkorporasievorme	144
4.3.3	Die tydsbywoord NOOIT	145
4.4	SAMEVATTING	146
	<u>AANVULLENDE NOTE</u>	148
<u>HOOFSTUK 5</u>	SAMEVATTENDE BEOORDELING	156
	BIBLIOGRAFIE	160

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Probleemstelling

Ontkenning¹ is 'n semantiese verskynsel wat veral op sinsvlak geld:²

Daardie man is nie (die NEG-vorm/NIE₁) die kind se pa nie (eind-NIE/NIE₂).

'n Sin vergestalt dus óf 'n positiewe waarde óf 'n negatiewe waarde. Ontkenning vorm deel van die binêre opposisie "positief-negatief" (Ponelis, 1979:367). Die opposisie "positief-negatief" staan in 'n dialektiese verband tot mekaar - i.e. 'n negatiewe sin impliseer die aanwesigheid van die korresponderende positiewe korrelaat.³ Ontkenning kan dan nader omskryf word as 'n semantiese verskynsel wat vir sy optrede (en bestaan) direk afhanklik is van die korresponderende positiewe pendant (sien hoofstuk 4).

In die deskriptiewe taalkunde is die tendens veral om meer bepaald voorkeur te gee aan die beskrywing van positiewe sinne (X negatiewe sinne). Die gevolg hiervan is dat negatiewe sinne (X positiewe sinne) in sy geheel nie juis omvattend behandel word in die grammatika(s) nie.⁴ Hiervan is die Afrikaanse grammatika 'n sprekende voorbeeld. In verskeie studies oor die grammatika van Afrikaans word ontkenning slegs by wyse van melding (of voorbeelde) aan die orde gestel.⁵ Dit is hierdie nie-verteenvoordigende aard van die beskrywing van ontkenning binne die Afrikaanse taalkunde wat die belangrikste beweegrede was vir dié studie. In aansluiting by

betekenisvolle insette van o.m. Ponelis (1968, 1979), De Stadler (1989) en Waher (1978, 1983) oor ontkenning, poog hierdie studie ook om betekenisvol en vernuwend te reflekteer op ontkenning binne die Afrikaanse deskriptiewe taalkunde.

Dié studie oor ontkenning verskil merkbaar van ander noemenswaardige studies oor ontkenning in Afrikaans, o.a. dié van Ponelis (1968, 1979), Waher (1978, 1983) en De Stadler (1989):

Eerstens word ontkenning nou in hierdie studie binne 'n kontekstuele raamwerk bestudeer en beskryf. Teenstellend met vorige werke waarin ontkenning hoofsaaklik slegs op sinsvlak bestudeer en beskryf is, word ontkenning ook nou bestudeer binne groter eenhede as slegs die sin. Onderliggend aan die wegbeweg van 'n studie van sinne in isolasie (= die sinsgrammatika) na 'n studie van sinne in 'n diskoers (die teksgrammatika) is die aanvaarding dat die struktuur van 'n taal nie nuttig bestudeer, beskryf, verstaan of verklaar kan word sonder om die kommunikatiewe funksie(s) van taal in ag te neem nie (vergelyk o.m. Givon, 1979b:XV en Carstens, 1984:5). So 'n konteksgerigte studie oor ontkenning is - sover vasgestel kon word - nog nie binne die Afrikaanse Taalkunde aangepak nie. Die belangrikste motivering vir die bestudering van ontkenning binne 'n kommunikatiewe/kontekstuele raamwerk, is die aanvaarding dat daar 'n dialektiese verband bestaan tussen die struktuur van 'n taal en die konteks waarin dit ingebed is. In die woorde van Givon (1979a:31) gestel:

If a language is an instrument of communication, than it is bizarre to try and understand its structure without reference to communicative setting and communicative function. (My beklemtoning.)

Tweedens verskil dié navorsingstudie ook van ander studies oor ontkenning in dié opsig dat ontkenning ook nou binne 'n bepaalde streek, t.w. Malmesbury, bestudeer word. Hiermee word daar nie veronderstel dat ontkenning tipies van Malmesbury-Afrikaans is nie. Die standpunt waarvan daar wel uitgegaan word, is dat daar moontlik negativeringsgebruike (en -vorme) in Malmesbury-Afrikaans is wat meer frekwent daarin voorkom as in ander streke.

Ander beweegredes vir hierdie studie kan soos volg gepresiseer word:

- (a) Ontkenning maak 'n groot deel uit van die daaglikse kommunikasie-handeling en die effektiewe gebruik en verstaan daarvan kan misverstande tussen taalgebruikers minimaliseer.
- (b) Ontkenning is wesenlik meer bepaald eerder 'n semantiese as 'n sintaktiese verskynsel. Om hierdie rede word daar met die bestudering van ontkenning ook gepoog om te reflekteer op die onderskeid sintaksis : semantiek en semantiek : pragmatiek. In die studie word van die veronderstelling uitgegaan dat bogenoemde tweedelings opgeneem moet word in die Pragmatiek as oorkoepelende benaderingswyse. Die pragmatiek (eerder pragmalinguistiek) sal dan daarop gerig wees om die vormlike te beskryf in terme van die funksies wat dit binne bepaalde kontekste kan verrig.

1.2 Doelstellings

Die primêre doelwit van dié navorsingstudie is om ontkenning aan 'n kontekstuele

analise te onderwerp - i.e. om ontkenning te beskryf soos wat dit gemanifesteer word in die werklike taalgebruiksituasie. In teenstelling met van die vorige studies oor ontkenning wat in 'n groot mate preskriptief aandoen, is hierdie studie meer bepaald deskriptief van aard. Dit gaan dus nie soseer oor 'n besinning oor die "korrekte" gebruik van ontkenning nie, maar oor 'n ontginning van die alternatiewe wyses waarvolgens ontkenning in die werklike taalgebruiksituasie gebruik word

Die spesifieke doelstellings van hierdie studie is om met die fokus op Malmesbury-Afrikaans:

- (a) ondersoek in te stel na die taalteoretiese ontwikkelinge o.v. die beskrywing van ontkenning in Afrikaans (vergelyk hoofstuk 2);
- (b) die vormlike en funksionele kenmerke van ontkenning te beskryf (vergelyk hoofstuk 3);
- (c) die kommunikatiewe gebruike/funksies (wo. teksfunksies) van ontkenning te agterhaal (vergelyk hoofstuk 4) en
- (d) die verskillende diskoerskontekste waarbinne ontkenning gebruik word, bloot te lê (vergelyk hoofstuk 4)

Doelstellings (b) (d) is regstreeks veranker in die wesenlike van 'n kontekstuele/pragmatiese benadering tot die studie van taal wat uitgaan van 'n

verbandlegging tussen linguistiese vorm, funksie en konteks. In die woorde van Fillmore (1981:144) gestel:

Pragmatics is concerned with the three-termed relation that unites (a) linguistic form and (b) the communicative functions that these forms are capable of serving, with (c) the contexts or settings in which these linguistic forms can have those communicative functions.

Hierdie spesifieke doelstellings wil aansluiting vind by meer algemene of langtermyn doelstellings soos die volgende:

- (a) Die studie wil as stimulus dien vir verdere ondersoek oor ontkenning in ander streke om sodoende vas te stel in watter mate ontkenningpatrone in verskillende streke varieer.
- (b) Die studie wil ook as stimulus dien vir verdere ondersoek na veral sintaktiese verskynsels in Afrikaans wat meer verteenwoordigend en inklusief sal wees van al die sprekers van Afrikaans.
- (c) Die navorsingsprojek wil ook 'n bydrae tot die onderrigsituasie probeer lewer. Die studie wil 'n funksioneel-relevante wyse bied waarvolgens die student/leerling die Afrikaanse ontkenningpatroon(e) kan bestudeer en bemeester. Dié konteksgerigte ondersoek na ontkenning mag moontlik tot gevolg hê dat leerlinge 'n beter begrip van ontkenning kry met die oog op beter kommunikasievaardighede daaromtrent.

Onderliggend aan die studie is die aanvaarding dat slegs wanneer sintaktiese verskynsels binne verskillende streke bestudeer word, dit kan resulteer in 'n meer verteenwoordigende en inklusiewe beskrywing van die Afrikaanse sintaksis. Dié studie wil 'n belangrike stimulus en bydrae lewer tot sulke uitgebreide konteksgerigte taalondersoeke binne streekverband

1.3 Databasis en Navorsingsprosedure(s)

Die gekose korpus bestaan uit informele gesprekke wat gevoer is met inwoners van Malmesbury. Twintig onderhoude is gevoer met inwoners van 60 jaar en ouer. Dié keuse van respondente berus op die hipotese dat daar in die ouer laag van die bevolking nog 'n ouer en meer onbevange vorm van Afrikaans gevind kan word.

Die seleksie van respondente was nie beperk tot een bepaalde groep/groepering nie; trouens, daar is gepoog om sover moontlik alle groepe/groeperinge wat Afrikaans as moedertaal besig, te betrek. Geen onderskeid is ook gemaak wat betref die sosiale status/stand van die respondente nie. Die opnames kan tot 'n groot mate beskou word as verteenwoordigend van alle sprekers in die Malmesbury-gebied met Afrikaans as moedertaal.

Nadat verwysings by verskeie van die plaaslike predikantekorps en verpleegpersoneel ingewin was, is respondente op 'n arbitrêre basis gekies. Die ondervraer het na aanleiding van die verwysings slegs gaan aanklop by die onderskeie woonplekke en 'n gesprek aangeknoop. Die gesprekke was hoogs informeel en spontaan van aard, omdat die ondervraer te kenne gegee het dat hy aanvanklik inligting wou inwin oor

die geskiedenis van Malmesbury. Die respondente was dus nie daarvan bewus dat dit juis hul taalgebruik is wat ter sake is nie. Die gesprekke is opgeneem deur middel van 'n klein, versteekte bandopnemer (i.e. 'n S912-microcassette recorder). Baie van die respondente het nie eens geweet dat die gesprek op band vasgelê word nie, totdat die ondervraer na afloop van die gesprek dit aan hulle meegedeel het. Om hierdie rede reflekteer die onderhoude 'n hoogs informele en spontane karakter.

Die feit dat die korpus slegs gesproke taal beslaan, het te make met die feit dat die studie hoofsaaklik wil fokusseer op die verskillende wyses waarop ontkenning in Malmesbury-Afrikaans (voortaan as M.A. afgekort) in die werklike taalgebruiksituasie gemanifesteer word.⁶ Die studie gaan van die veronderstelling uit dat onbevange, ongekunstelde taalgebruik slegs in informele taalgebruiksituasies gevind kan word. Om hierdie rede word die meer bepaald formele kontekste van taalgebruik nie onder die loep geneem nie. Die studie is primêr gerig op 'n beskrywing van ontkenning soos gemanifesteer in die daaglikse kommunikasie-handeling.

AANVULLENDE NOTE

In die studie word geen onderskeid gemaak tussen die begrippe ontkenning en negativering nie. Dié terme word as wissel terme beskou, met 'n spesifieke voorkeur gebruik vir die term ontkenning.

Vir 'n bespreking van die onderskeid tussen die terme ontkenning en negativering, sien o.m. De Stadler (1989:273 en 320)

- 2 Vergelyk Ponelis (1979:367) en De Stadler (1989:273).
- 3 Kraak (1966:89) wys ook indirek op die dialektiese verband tussen positiewe en negatiewe sinne, wanneer hy van die veronderstelling uitgaan dat daar 'n een-tot-een korrelasie tussen negatiewe en positiewe sinne bestaan:

Het lijkt mij een aannemelijke veronderstelling dat die verzameling zinnen van een taal globaal uit twee even grote deelverzamelingen van resp. positieve en negatieve zinnen bestaat en dat er dus naast elke positieve zin een negatieve zin is aan te wijzen, en omgekeerd.

- 4 Vergelyk Kraak (1966:89-90)
- 5 Vergelyk in hierdie verband die werke van Basson et al. (1973:99), Van Schalkwyk en Kroes (1986:138), Du Toit (1982:146-147), Botha en Van Aardt (1983:211), Rossouw et al. (1975a:200-201), Rossouw et al. (1975b:298-299), Meyer et al. (1985:206), Meyer et al. (1986:250), Meyer

et al. (1987:256), Van der Walt et al. (1969:95), Botha (1985:208), Botha et al. (1990:440) en De Klerk et al. (1981:379).

6. Ponelis (1989:29) konstateer in hierdie verband:

Die belangrikste data is nie die geskrewe taal of die taalgebruik van die grootste skrywers nie ... maar die spreektaal. (My beklemtoning.)

HOOFSTUK 2

BENADERINGSWYSES TOT DIE HANTERING VAN ONTKENNING

IN AFRIKAANS : 'N HISTORIESE OORSIG

Die hoofstuk het ten doel om die neerslag van Algemeen-taalkundige paradigmas in die beskrywing van ontkenning in Afrikaans te agterhaal. Twee duidelike beskrywingsraamwerke kan in hierdie verband onderskei word t.w. 'n diachroniese en 'n sinchroniese raamwerk.

2.1 Diachroniese taalbeskrywing

Die beskrywing (en bestudering) van ontkenning in Afrikaans is grootliks diachronies van aard. Die problematiek rondom die historiese oorsprong van die dubbele ontkenning in Afrikaans het jare lank die aandag van verskeie taalkundiges - selfs Nederlandse taalkundiges - vasgevang. Waher (1988:109) wys daarop dat "die herkoms van die ontkenningpatroon in Afrikaans 'n probleem (is) waarna taalkundiges steeds weer terugkeer" en Wye verskeidenheid werke oor ontkenning in Afrikaans het te make met ontstaansteorieë oor die moontlike herkoms van die dubbele ontkenning in Afrikaans. Hierdie ontstaansthipoteses behels o.m. dat die dubbele ontkenning in Afrikaans herlei kan word na óf die Franse taal (Du Toit, 1897:3) óf Nederlands of sekere Nederlandse dialekte (Bosman, 1923; Raïdt, 1989:109-110; Pauwels, 1958) óf Kreools - Portugees² (Valkhoff, 1966:13-17) óf die Khoisan-tale (Nienaber, 1965:33-38; Den Besten, 1986:185-230; Links, 1989:72-74).

Dat taalkundiges verskillende standpunte het oor die moontlike herkoms van die dubbele ontkenning in Afrikaans, kan toegeskryf word aan die feit dat die dubbele ontkenning in Afrikaans geen presiese een-tot-een ooreenkoms met enige ander taal(e) toon nie. Die Afrikaanse ontkenning is en bly anders, en dit is waarskynlik waarom die probleem rondom die herkoms van die dubbele ontkenning so boeiend vir verskeie taalkundiges was - en steeds is (vergelyk Waher, 1988:122)

2.2 Sinchroniese taalbeskrywing

In 'n hele aantal werke word ontkenning in Afrikaans onderwerp aan 'n sinchroniese taalbeskrywing, d.w.s. 'n beskrywing van die taalsisteem soos dit op 'n gegewe moment daaruitsien. Onder die groot verskeidenheid sinchroniesgerigte taalteoretiese modelle³ wat binne die Algemene Taalkunde⁴ konkurreer (vergelyk Ponelis, 1989a:27), is dit veral die Strukturele, Generatiewe en Funksionele grammatika wat die ontginning van ontkenning in Afrikaans beïnvloed het.

Die wesenskenmerke van hierdie drie benaderingswyses tot die studie van taal (wat in die geskiedenis van die taalwetenskap as opeenvolgende dominante paradigmas op die toneel verskyn het) word vervolgens kursories geskets. Daarna word daar oorgegaan tot 'n teoretiese vertolking van werke oor ontkenning in Afrikaans.

Die opkoms van die Strukturalisme in die 20ste eeu word algemeen verbind met die sisteembegrip van Ferdinand de Saussure. Die sisteembegrip veronderstel die studie van 'n geordende sisteem van tekens. Saussure tref 'n onderskeid tussen langue (taal) en parole (taalgebruik). Langue verteenwoordig die abstrakte sisteem van

strukturele verbande wat inherent aan taal is, terwyl parole die werklike spraak verteenwoordig (Newmeyer, 1986:32). Die strukturele metode is gerig op 'n sinchroniese taalbeskrywing met die fokus op die struktuur van taal. Die primêre studie-objek van die Strukturele Taalkunde is die abstrakte linguistiese sisteem (= langue). 'n Strukturele beskrywing van taal is veral gemoeid met die opstel van inventarisse. Newmeyer (1986:34) konstateer in hierdie verband

A structuralist description of a language typically takes the form of an inventory of the phonemes, morphemes and syntactic categories of the language under analysis along with a statement of the positions in which these elements occur.

Die insigte wat deur Saussure gebring is, is verskillend geïnterpreteer deur verskeie taalkundiges sodat verskillende skole onderskei kan word. 'n Onderskeid kan getref word tussen die Europese strukturalisme (wat grootliks aansluiting vind by bogenoemde Saussuriaanse insigte) en die Amerikaanse strukturalisme.

Leonard Bloomfield kan as een van die grondleggers van die Amerikaanse strukturalisme beskou word. As strukturalis wil hy die struktuur van taal beskryf deur gebruik te maak van objektiewe, presiese formulerings wat gebaseer is op 'n deurtastende beskrywing van die gedrag (en optrede) van taaleenhede. Aangesien Bloomfield slegs met waarneembare gegewens wou werk wat toeganklik moet wees, het hy veral probleme met die begrip "betekenis" gehad. Die feitlikhede van betekenis is vir die taalondersoeker ontoeganklik en as gevolg hiervan is die betekenisaspek nie verder deur Bloomfield beskryf nie (vergelyk Newmeyer, 1986:48-49)

Gedurende die sestigerjare het 'n nuwe skool sy verskyning gemaak, naamlik die Transformasioneel-Generatiewe-Grammatika (TGG) van Noam Chomsky. Die TGG het hoofsaaklik gefokusseer op sintaktiese verbande. Onderliggend aan die TGG is die aanvaarding dat "the grammar of a language is represented by a formal set of that "generate" .. the possible sentences and their associated properties" (Newmeyer, 1986:67). Die sintaktiese verbande word beskryf deur middel van twee tipes reëls, naamlik (a) herskryfreëls en (b) transformasiereëls. Die grammatikale analise van 'n sin behels eerstens die toepassing van herskryfreëls. Dié reëls produseer die dieptestruktuur van die sin - i.e. die vlak waar die basiese sintaktiese verbande tussen die konstituente in sy eenvoudigste vorm verteenwoordig is. Die transformasiereëls verander dan die dieptestruktuur na die oppervlaktestruktuur van die sin - i.e. die sin in sy werklike taalgebruiksvorm. Transformasiereëls verklaar die strukturele verbande wat daar tussen verskillende sinstipes bestaan.

Die grootste kritiek teen die TGG (en die Strukturele Taalkunde) was dat dit die konteks waarbinne taal opereer, buite rekening gelaat het. Dit was veral met die aanvang van die sewentigerjare dat daar 'n klemverskuiwing ingetree het met betrekking tot die bestudering van taal, deur taalverskynsels binne groter eenhede as die sin te bestudeer. Die fokus val nou op taal-in-gebruik. In teenstelling met die Strukturele Taalkunde en TGG wat taal as 'n abstraksie gehanteer het, val die klem nou binne hierdie konteksgerigte studies op taalgebruik soos wat dit gemanifesteer is/word in die werklike taalgebruikssituasie. Onderliggend aan konteksgerigte studies is die aanvaarding dat "a sentence (or any utterance) only makes sense in its context" (1979:11). Na hierdie konteksgerigte studie tot taal word verwys as die

funksionele/kontekstuele/diskoers/pragmatiese benaderingswyse⁵ tot taal (en taalstudie)

2.2.1 Invloed van die Strukturele Taalkunde

Een van die vroegste werke oor ontkenning in Afrikaans is gedoen deur Bouman en Pienaar (1933). Bouman en Pienaar (1933:152-153) laat die klem primêr val op die reëls vir die gebruik van die dubbele ontkenning in Afrikaans. Hulle lys dan vervolgens ses reëls met betrekking tot die optrede van die eind-nie (NIE₂) - en ook die ontkenkende woord/NEG-vorm (NIE₁). Hierdie reëls sluit o.m. die volgende in:

- (a) Wanneer die ontkenkende nie self aan die einde van 'n sin staan, kan dit nie herhaal word nie.
- (b) Wanneer die ontkenkende woorde niks, niemand, nooit, nêrens aan die end van 'n sin staan, kan hulle met of sonder nie = NIE₂) gebruik word.
- (c) Wanneer 'n ontkenkende woord nie aan die end van die sin staan nie, moet nie (= NIE₂) aan die end volg.

Op soortgelyke wyse val die fokus in Van Schoor (1983) en Barnes (1966) se hantering van ontkenning ook op 'n beskrywing van reëls o.v. die gebruik en plasing van die NEG-vorm. Van Schoor (1983) gebruik in hierdie verband die begrip "algemene reëls". Een van die twee "algemene reëls" ten opsigte van die plasing van die NEG-vorm formuleer hy soos volg:

Waar só 'n sin die normale onafhanklike woordorde kry, is die algemene reël dat die ontkenningwoord op die (eerste lid van die) predikaat volg en die tweede nie heel aan die einde van die sin kom (Van Schoor, 1983:337).

By bogenoemde algemene reël is daar dan ook o.m. die volgende voorbehoude (ofte-
wel subreëls):

(a) As die sin net uit 'n onderwerp en 'n predikaat in die presensvorm bestaan (waar daar dus naas die onderwerp net nog een ander woord in die sin voorkom), volg net die ontkenningwoord sonder 'n tweede nie:

So 'n uiterste lujard werk nie.

(b) As die sin 'n persoonlike (of ander) voornaamwoord as (direkte of belanghebbende) voorwerp het, kom die voornaamwoord onmiddellik na die (eerste lid van die) predikaat, en dán eers die ontkenningwoord

Ek het hom nêrens gesien nie.

Barnes (1966) vind direk aansluiting by bogenoemde studies in sy beskrywing van ontkenning. In sy hantering van ontkenning (met as teikengroep die Engelssprekende leerlinge) val die klem ook op die reëlsisteem(e) van ontkenning. Sy beskrywing behels o.m. die opstel van inventarisse oor ontkenning in Afrikaans. Vergelyk die onderstaande uittreksel uit Barnes (1966:136) ter illustrasie:

Die eerste ontkenningwoord staan gewoonlik

- (a) net na die werkwoord of hulpwerkwoord, bv. Die kêrel wou NIE saamgaan nie.
- (b) net na die selfstandige naamwoord of voornaamwoord, bv. Hy glo my (Piet) NIE.
- (c) net ná (soms ook net voor) die direkte voorwerp, bv. Die man het sy werkvolk NIE betaal nie/Die man het NIE sy werkvolk betaal nie.
- (d) net na die werkwoord (of hulpwerkwoord) of net voor of net na 'n bepaling van tyd, bv. Hy maak NIE sy perd elke dag vas nie/Hy maak sy perd NIE elke dag vas nie/Hy maak sy perd elke dag NIE vas nie.

Bouman en Pienaar (1933), Van Schoor (1983) en Barnes (1966) se beskrywing van ontkenning vind direk aansluiting by die strukturele metode van taalondersoek, soos o.m. blyk uit die oorwegende fokus op reëlvorming/reëlsisteme. Hulle het dit primêr ten doel om die struktuur/sisteem onderliggend aan ontkenning te agterhaal en te beskryf. Kenmerkend van sulke sisteembeskrywings is die reëlaspek wat prominent daarin figureer. Ponelis (1968:6) beweer in hierdie verband

Taal het reëlmaat, sistematiek. Wat vir hierdie sistematiek verantwoordelik is, is wette of reëls.

Tipeerend van die strukturele metode is 'n bemoeienis met reëlsisteme/reëlmaat (en die opstel van inventarisse) in taalbeskrywing,⁶ asook klem op die dril van struktuurpatrone in die onderrig van taal

One of the greatest virtues of the structuralist approach to language, as opposed to other approaches, was that it lent itself directly to pedagogical applications. The "linguistic method of language teaching"... consisted in large part of drilling the student directly in the structural patterns (Newmeyer, 1986:51-52).

Hierdie strukturele metode is tekenend van veral Barnes (1966) se hantering van ontkenning in Afrikaans.

Insiggewend is die afwesigheid van die aspek betekenis in hierdie drie werke. In hierdie opsig word daar direk aansluiting gevind by die Amerikaanse strukturaliste wat die betekenisaspek nie beskryf het nie. Dit is met betrekking tot die betekenisaspek dat De Villiers (1983) se beskrywing van ontkenning verskil van dié van Bouman, Van Schoor en Barnes. De Villiers (1983:205) wys daarop dat die plasing van NIE_i verskillende bedoelings (= betekenis) tot gevolg kan hê.⁷

Somtyds kan ons volgens die plasing op meer as een manier die strekking vertolk, maar in ander gevalle word ons as't ware gedwing om verskillende vertolkings aan die plasing van NEG_i te heg ... Ons kan verskillende dinge bedoel met dikwels nie en nie dikwels ... (My beklemtoning.)

Onderliggend aan dié insig van De Villiers (1983), is die presupposisionele aard van ontkenning - iets wat groot prominensie in latere studies oor ontkenning geniet (vergelyk De Stadler, 1989).

Te midde van bogenoemde blyk dit dat De Villiers (1983) se beskrywing van ontkenning ook aansluiting vind by die strukturele metode van taalondersoek. Aansluitend by Bouman en Pienaar fokusseer De Villiers naamlik ook in sy beskrywing primêr op 'n sisteembeskrywing van die optrede/plasing van NEG₂, i.e. 'n beskrywing van die algemene reëls (en hul subreëls) m.b.t. die plasing van NEG₂ (en ook NEG₁).

Die bydrae van hierdie werke (veranker in die sisteemgerigte/strukturele metode van taalondersoek) tot die verkenning en/of verstaan van die vormlike sistematiek van ontkenning (meer spesifiek die reëlsisteem onderliggend aan die sintaktiese plasing van NEG-vorme en die eind-nie) kan geensins geringgeskat word nie. Die hoofbeswaar teen hierdie werke is egter die afwesigheid of onderbektoneering van die semantiese funksies van ontkenning. Ontkenning is immers uiteraard 'n meer bepaald semantiese verskynsel.

2.2.2 Invloed van die Generatiewe Taalkunde

Waher (1978 1983) beskryf ontkenning in Afrikaans binne die raamwerk van die Generatiewe Grammatika. In hierdie twee studies van Waher kan 'n duidelike teoretiese ontwikkeling waargeneem word, gesien binne die paradigma van die Generatiewe Grammatika.

In Waher (1978) word nie₂ as die afsluiting van 'n "negatief-gekleurde eenheid" binne die raamwerk van die Generatiewe Grammatika beskryf. Presieser geformuleer: Hierdie beskrywing van nie₂ as bereikmerker vind plaas binne die raamwerk van die

Generatiewe Semantiek. Waher argumenteer dat die Generatiewe Semantiek die feite in verband met ontkenning beter kan hanteer as die Uitgebreide Standaardteorie van Chomsky.

In haar latere werk (Waher, 1983) erken sy egter dat die Generatiewe Semantiek ernstige tekortkominge het en beskryf sy nie₂ nou as bereikmerker binne die raamwerk van die Uitgebreide Standaardteorie van Chomsky. Die beskrywing van nie₂ vind nou plaas in terme van die oppervlakte- en dieptestruktuur van die sin(ne), en die gepaardgaande transformasie- en fonologiese reëls.⁸

Waher (1978, 1983) het dus deeglik kennis geneem van die teoretiese ontwikkelinge binne die TGG, en dit word duidelik gereflekteer in haar studies oor ontkenning. Soos reeds vermeld, is die belangrikste kritiek teen die TGG (en die Strukturalisme) dat dit taal as 'n abstraksie hanteer en beskryf. Die konteks waarbinne taal opereer, word nie in ag geneem nie. 'n Kontekstuele benaderingswyse tot die beskrywing van ontkenning het nou onontbeerlik geword!

2.2.3 Invloed van die Funksionele Taalkunde

Die studies van Ponelis (1979) en De Stadler (1989) oor ontkenning in Afrikaans dra tekens van beïnvloeding vanuit die sfeer van die Funksionele Grammatika.

Ponelis (1979:373-374, 401-402, 505-515, 522-523) beskryf nie net die plasing van NEG-vorme binne die sinskern nie, maar verwys ook na die sintaktiese funksies van NEG-vorme - veral NEG-inkorporasievorme.⁹ In hierdie opsig (i.e. die verwysing

na die sintaktiese funksies van NEG-vorme) verskil Ponelis betekenisvol van bogenoemde werke oor ontkenning. Ponelis (1979:374) wys ook daarop dat sinne met NEG-inkorporasievorme groter stelligheid het as hul teenhangers waarin NEG-inkorporasievorme ontbreek. Onderliggend aan hierdie onderskeid is die kommunikatiewe funksie wat daarin opgesluit lê. Sinne met NEG-inkorporasievorme en hul teenhangers waarin die NEG-inkorporasievorme weggelaat is, is wesenlik opsies tot beskikking van die taalgebruiker - elk met 'n potensiële kommunikatiewe effek (vergelyk hoofstuk 4).

De Stadler (1989:282-283) wys ook op die sintaktiese funksies van die NEG-vorme, maar sy hantering van ontkenning verskil merkbaar van al bogenoemde bespreekte werke oor ontkenning. Sy beskrywing van die plasingsmoontlikhede van NEG-vorme geskied met inagneming van sowel die sintaktiese funksies as die semantiese kenmerke van die konstituente waarmee die NEG-vorme verbind. So byvoorbeeld, word die plasingsmoontlikhede van NIE_1 met betrekking tot die naamwoordstuk (NS) beskryf met inagneming van (a) die verskillende sintaktiese funksies van die NS en (b) die semantiese kenmerke van die NS - o.m. die kenmerke [+ bepaald] en [- bepaald].¹⁰ De Stadler (1989) se beskrywing van NEG-vorme is nie 'n suiwer strukturele beskrywing nie, maar is funksioneel van aard, gesien binne die parameters van die sintaksis en die semantiek. Voorts wys De Stadler (1989:291-292) dan ook op die nadrukswaarde van veral NIE_1 wanneer hy onderskei tussen gemerkte en ongemerkte negativeringstrukture. Onderliggend aan hierdie verskillende negativeringstrukture is die kommunikatiewe funksie wat daardeur ondervang word (vergelyk 3.1.2 en 4.3.1).

De Stadler (1989) onderskei hom van bogenoemde studies oor ontkenning deurdat dit ook die presupposisionele aard van ontkenning in sy beskrywing betrek (vergelyk De Stadler, 1989:271-280 en 288-289).

De Stadler en Ponelis lewer in hul studies oor ontkenning belangrike insigte met betrekking tot 'n kontekstuele aanpak van ontkenning in Afrikaans. Alhoewel hul studies oor ontkenning nie sonder meer as 'n kontekstuele benaderingswyse tot ontkenning beskou kan word nie, is dit beslis 'n belangrike stap in dié rigting. Beide De Stadler en Ponelis beskryf ontkenning slegs binne die eenheid van die sin, die konteks waarbinne die sin opereer nie eksplisiet beskryf word nie (oënskynlik wel veronderstel word). De Stadler se beskrywing van die presupposisionele aard van ontkenning word byvoorbeeld ook slegs op sinsvlak ondersoek. Die presupposisie wat De Stadler beskryf, is by uitstek 'n "semantiese presupposisie" - en nie 'n pragmatiese presupposisie nie (sien hoofstuk 4). Die kommunikatiewe funksies en diskoerskontekste waarbinne NEG-vorme opereer, word ook nie deur Ponelis en De Stadler aangeraak nie.

Gegee bogenoemde kritiek, beteken dit nie dat Ponelis en De Stadler se werke oor ontkenning geringgeskat (of negeer) moet word nie. Intendeel, dit is pionierswerke wat uiters belangrik is vir 'n pragmatiese/kontekstuele beskrywing van ontkenning in Afrikaans. Aansluitend by Ponelis en De Stadler word die NEG-vorme dan ook in hoofstuk 3 bespreek t.v. (a) hul sintaktiese funksies en (b) die semantiese kenmerke van die konstituente waarmee die NEG-vorme verbind. Voortvloeiend hieruit, i.e. uit die werke van Ponelis en De Stadler, word die pragmatiese funksies van NEG-

inkorporasievorme, asook die fokuserende/nadrukswaarde van NIE_1 in dié beskrywing nou ook onder die loep geneem. Die nadrukswaarde van NIE_1 geskied in ooreenstemming met die sintaktiese plasingmoontlikhede van NIE_1 . Ter uitbreiding van veral De Stadler se beskrywing van die presupposisionele aard van ontkenning word die verskillende diskoerspresupposisionele kontekste waarbinne NEG-vorme opereer, nou ook eksplisiet beskryf (vergelyk hoofstuk 4).

AANVULLENDE NOTE

Onder diachroniese taalbeskrywing word verstaan die histories-vergelykende bestudering van taal - i.e. tale word met mekaar vergelyk in 'n poging om die historiese oorsprong daarvan te bepaal (vergelyk Van der Merwe, 1969:38).

Verdere werke i.v.m. die diachroniese taalstudie is o.m. Van der Merwe (1969:36-40), Van Rensburg (1960:69-71), Ponelis (1989a:31-33), Scholtz (1980:3) en Lubbe (1980:1-3).

2. Van besondere belang is die werk van Waher (1988:109-124) in hierdie verband. Waher bespreek die strukturele ooreenkomste (en verskille) tussen Afrikaans en Afro-Portugees. Alhoewel Waher streng gesproke nie 'n ontstaanshipotese formuleer nie, is haar vergelykende studie uiters belangrik vir die debat rondom die herkoms van die dubbele ontkenning uit Kreools-Portugees.

3. Die sinchroniese taalstudie wat gevoed word deur verskeie taalteoretiese modelle, kan ook die diachroniese taalstudie beïnvloed. In die verhouding tussen die sinchroniese taalstudies (ook bekend as die Algemene Taalkunde) en die diachroniese taalstudies (ook bekend as die Histories-vergelykende taalkunde) kan twee skole onderskei word:
 - (a) Die eerste groep beskou die sinchroniese taalstudie (X die diachroniese taalstudie) as primêr - d.w.s dit is by uitstek die sinchroniese

taalstudie wat die diachroniese taalbeskrywing beïnvloed (vergelyk De Groot, 1962:388-399).

- (b) Die tweede groep het as hipotese dat die sinchronie en die diachronie mekaar wedersyds beïnvloed (vergelyk Lubbe, 1980:3-5).

Aansluiting word gevind by eersgenoemde groep, omrede hier van die veronderstelling uitgegaan word dat die Historiese taalkunde slegs beskryf kan word met inagneming van die opeenvolgende taalbeskrywings deur die sinchroniese taalkunde.

4. Onder Algemene Taalkunde word verstaan die bestudering van 'n geordende sisteem van tekens (o.a. klanktekens, vormtekens of betekenistekens) en verskynsels wat in alle tale en taalgebruike voorkom (Van der Merwe, 1969:43). Die Algemene Taalkunde wil dus die sisteem in taal en taalgebruik agterhaal en blootlê (Van Rensburg, 1960:73).
5. Vergelyk in hierdie verband die werke van Hendricks (1988:1-18), Carstens (1984:4-5, 106-110), Givon (1979b:xiii-xvi) en Fillmore (1981:144-149)
6. Raadpleeg De Groot (1962:396) en Newmeyer (1986:34).
7. De Klerk en Sadie (1985:185) wys ook daarop dat die plasing van NIE₁ in sommige gevalle verskillende betekeniswaardes tot gevolg kan hê.

Die plek van die eerste NIE bepaal dan die betekenis van die sin. (Sy beklemtoning.)

8. Sien hieroor Waher (1983:696-702).
9. Ponelis (1968:28-29) verwys ook na die sintaktiese funksies wat NEG-vorme kan hê. Uit Ponelis (1968:25-29) se beskrywing van ontkenning word dit duidelik dat daar deeglik kennis geneem is van die strukturele metode van taalondersoek. Dit is te begrype, as daar in ag geneem word dat sy werk (i.e. Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis) as primêre doelwit het 'n interne beskrywing van die struktuur van Afrikaans (Ponelis 1968:3). In Ponelis (1979) daarenteen, word die invloed van die funksionele sintaksis merkbaar. Hierdie invloed lei daartoe dat Ponelis (1979) in sy werk (i.e. Afrikaanse Sintaksis) "baie sterk)konsentreer .. op die gevolg van 'n sintaktiese proses; baie meer as op die struktuurbeskrywing van sodanige proses. Dit gaan in hierdie werk meer om die hoekom van 'n sintaktiese transformasie as om die hoe daarvan" (Du Plessis, 1980:240). Ponelis (1979) bied meer bepaald 'n funksionele perspektief op taal - en, by name, op ontkenning as verskynsel.
10. Vergelyk in hierdie verband die onderstaande uitsprake deur De Stadler (1989), waar die sintaktiese funksies en semantiese kenmerke van die NS^c integraal is in die bespreking van die plasingmoontlikhede van NEG-vorme:

In die geval van 'n bepaalde NS in die onderwerpsposisie staan die eerste nie in die reël nie links van die bepaalde NS nie ... (De Stadler, 1989:291).

en ook:

Wanneer die bepaalde NS as direkte voorwerp optree, kan dit ook deur die neg-vorm voorafgegaan of gevolg word (De Stadler, 1989:291).

HOOFSTUK 3

GRAMMATIESE ASPEKTE VAN ONTKENNING IN MALMESBURY-AFRIKAANS

Soos in Afrikaans in die algemeen, word ontkennde sinne in Malmesbury-Afrikaans (voortaan M.A.) gekenmerk deur die aanwesigheid van (a) NEG-vorme/NEG₁-vorme (= negatief 1) wat deur verskeie vorme/partikels verteenwoordig word¹ en in die eerste deel van die sin staan, en (b) NEG₂ (= negatief 2) oftewel die eind - NIE/slot-NIE wat teen die einde van die sin geposisioneer word:

Die mense wil NIE (NEG₁) glo NIE (NEG₂)

Hierdie hoofstuk het primêr ten doel om die sistematiek rakende ontkenningpatrone in M.A. onder die loep te neem met besondere klem op die optrede van NEG₁ (vergelyk 3.1) en NEG₂ (vergelyk 3.2). Daar word o.m. gekonsentreer op die vormlike/kategoriale en semantiese kenmerke, die plasing asook die (sintaktiese en pragmatiese) funksies van NEG₁-vorme.

Daar word uitgegaan van 'n wisselwerking tussen sin en teks/konteks - onder meer t.o.v. die bespreking van die bereik van ontkenning. Wat laasgenoemde betref, word daar in aansluiting by De Stadler (1989:285) onderskei tussen (i) "sintakties binne die bereik van ontkenning" en (ii) "semanties binne die bereik van ontkenning"

Onder (i) word die volgende verstaan: "'n Konstituent val binne die bereik van ontkenning as dit in die oppervlaktestruktuur deur ont₁ (die eerste nie)gedomineer word en regs van ont₁ en links van ont₂ (die tweede nie) staan.

Onder (ii) word verstaan "konstituente (wat) volgens die betekenis van die sin wel binne die bereik van negativering val, ongeag die sintaktiese struktuur".

Hiernaas kan 'n derde betekenisnuanse onderskei word, t.w. "pragmaties binne die bereik van ontkenning". Hieronder word verstaan konstituente wat volgens pragmatiese oorwegings/faktore binne die bereik van ontkenning val. Hierdie bereiknuanse het nie (soos (i) en (ii)) die sin as basis nie, maar wel die teks/konteks. Dit staan direk in verband met die intensie(s) van die spreker, d.w.s. die konstituente/teksgedeeltes wat ooreenkomstig die bedoeling van die spreker binne die bereik van NIE₁ (moet) val.

In die voorbeelde wat in die bespreking ter toeligting betrek word, val "semanties binne die bereik van ontkenning" en "pragmaties binne die bereik van ontkenning" meestal saam. Om hierdie rede word die uitdrukking "pragmaties-semanties binne die bereik van ontkenning" in hoofsaak gebruik. Die sameflansing "pragmaties-semanties" word ten koste van "semanties-pragmaties" verkies om die primaat van die "pragmatiese" te suggereer: die "pragmatiese" bepaal die "semantiese", nie andersom nie.³ In gevalle waar die semantiese bereik van ontkenning van die pragmatiese bereik daarvan verskil, sal dit wel uitgewys en gemotiveer word.

DIE OPTREDE VAN NEG₁

NEG₁-vorme omsluit NEG-inkorporasievorme, die ontkeningsbywoord NIE₁ en die ontkeningsbywoorde NOOIT en NÊRENS. Die optrede van hierdie subtipes in M.A. word vervolgens onder die loep geneem.

3. NEG-inkorporasievorme

NEG-inkorporering dui op 'n grammatikale proses waardeur die ontkeningsvorm in 'n woord/woordgroep geabsorbeer word met behoud van die sin/teks/diskoers se negatiewe waarde.⁴ Die belangrikste voorwaarde vir NEG-inkorporering by naamwoorde, is onbepaaldheid.⁵ Die algemeenste NEG-inkorporasievorme in Afrikaans is niks, niemand, geen/g'n en geeneen.

3.1.1 NEG-inkorporasievorme in die substantiefstuk

NEG-inkorporasievorme kan in M.A. optree as voorbepalings by substantiewe wat in verskillende sintaktiese funksies optree:

3.1. Onderwerpsubstantiewe

Vergelyk:

Geen man of geen vrou wil 'n man of 'n vrou hê wat jol buitekant die deur nie, nè.

Die NEG-inkorporasievorm geen tree hier op as voorbepaling in die neweskikkende odw.-NS Dit is 'n negatiewe kwantordetermineerder met elke, enige en menige as positiewe pendante.⁶ Vergelyk:

Elke man of elke vrou wil 'n man of 'n vrou hê

of

(M)Enige man of (m)enige vrou wil 'n man of 'n vrou hê ...

Die voorbepalende kwantordetermineerder geen in (1) asook elke en (m)enige in respektiewelik 1(a) en 1(b) het 'n versamelingsaanduidende funksie. Om hierdie rede heet hulle ook versamelingbepalers. Geen het hier die betekenis van "nie een van dit wat deur die NS genoem word nie" (WAT II:530).

Soos reeds vermeld, tree geen in (1) op as die voorbepaling by die odw.-substantief en konstitueer dit in verbinding met die substantiewe in neweskikkende verband die grammatiese onderwerp van die sin. Die neweskikkende NS geen man of geen vrou kan nader omskryf word as 'n negatiewe onderwerp⁷ op grond van die voorbepaling wat daarin voorkom. Dié negatiewe onderwerp konstitueer ook die kommunikasieonderwerp van die sin oftewel die sinstopiek, d.w.s. dit waaroor die sin gaan.⁸

Een van die primêre kenmerke van die sinstopiek is dat dit die semantiese kenmerk [+ bepaald] moet hê.⁹ Bepaaldheid staan in verband met NS^c wat inligting bevat wat bekend is aan beide die spreker en die hoorder - i.e. bekende/ou inligting.¹⁰

Die neweskikkende odw.-NS in (1) het die kenmerk bepaaldheid en kan dus ingevolge hierdie kenmerk as sinstopiek optree. Die voorbepaling geen doen generies aan Geen man of geen vrou dui naamlik op ('n) bepaalde klas(se), i.e. die klas

"mans"/"vrouens", en nie op spesifieke eksemplare van die klas nie.¹¹ Voorts verwys geen man of geen vrou na referente wat aan die gespreksgenote bekend is en kan dienoooreenkomstig dus as bepaald beskou word. Li en Thompson (1976:461) konstateer in hierdie verband:

A generic noun is definite because its referent is the class of items named by the noun phrase, which the hearer can be assumed to know about if he knows the meaning of that NP.

Die sinstopiek in (1) kan ook nie sonder meer as die diskoerstopiek bestempel word nie. Ingevolge die definisie van diskoerstopiek (sien voetnoot 8) is 'n diskoerstopiek nie bloot 'n NS nie, maar 'n proposisie. Binne teksverband gesien, blyk dit dat sin (1) (eerder proposisie) die diskoerstopiek konstitueer, met die sinstopiek geen man of geen vrou as die diskoersentiteit. Vergelyk:

- R. My dogter, die anner ene, Malanie, sy's nou ... sy was mos getroud met 'n Ringquest né en daar't toe iets by hulle verkeerd ... Die outjie het gejol met anner meisies en soe en toe wil sy hom nie hê nie. Toe skei hulle twee nou ... Toe hy nog dink hy's met haar getroud, toe kry het net die brief hy's klaar geskei.
- O. Dis reg. So moet 'n man oorkom. Dis reg!
- (c) R. Dis reg. Geen man of geen vrou wil 'n man of 'n vrou hê wat jol buitekant die deur nie, nè.

In 2(a) kan die hoorder die primêre presupposisie/proposisie o.m. soos volg reconstrueer: "Vrou skei man, omdat hy jol". In 2(b) bevestig die hoorder dat hy die diskoerstopiek korrek geïnterpreteer het. In 2(c) word die diskoerstopiek nou deur die spreker geëkspliseer,¹² en wel deur gebruik te maak van 'n "proposition

about which some claim is made or elicited" (Keenan en Schieffelin, 1976:380).

proposisie rym tematologies met die uitinge in 2(a). So gesien, kan die proposisie in 2(c) bestempel word as 'n meewerkende diskoerstopiek ("collaborating discourse topic")¹³.

In noue samehang hiermee staan die bereik van ontkenning in sin (1). Die bereik van die NEG-inkorporasievorm geen kan n.a.v. bogenoemde digotomie : sinstopiek en diskoerstopiek op tweërlei wyse beskryf word - eerstens binne sinsverband en tweedens binne (kon-)teksverband. Die sintaktiese bereik van die voorbepaling geen is die sin as geheel en nie net die neweskikkende NS man of vrou nie.¹⁴

Pragmaties-semanties beskou (d.w.s. binne teks/konteksverband), wil dit voorkom of die bereik van ontkenning in (1) nie slegs beperk is tot sinsvlak nie, maar ook op die teksfragment (2) as geheel betrekking het. Soos reeds vermeld, funksioneer proposisie/sin (1)/2(c) ook as meewerkende diskoerstopiek. Dié proposisie is direk van toepassing op die onmiddellik voorafgaande uiting(e) in 2(a) in dié opsig dat dit ooreenstem met die gerekonstrueerde diskoerstopiek/proposisie van 2(a). Op grond van hierdie korrespondensie val 2(a), pragmaties-semanties gesproke, ook binne die bereik van geen: Die spreker kan proposisie 2(c) kodeer omdat weet/presupponeer dat die hoorder die identiteit van die argumente ken, en wel op grond daarvan dat hulle in die voorafgaande teks/diskoers genoem is.¹⁵

3.1.1.1.2 Voorwerpssubstantiewe

Blykens die databasis word NEG-vorme in 'n beduidende mate geïnkorporeer by substantiewe wat as voorwerpe funksioneer - eweneens as voorbepalings. Vergelyk:

- (3) Ek't g'n probleem nie.
- (4) Nee, ek het hom toe niks geld gevra nie.
- (5) Nou kry ons niks swartvleis.
- (6) Hy't nog niks koffie¹⁶ gehad

Aan g'n (geen) en niks in (3)-(6) word die kategoriale status van onbepaalde lidwoord toegedig. As sodanig word daar aansluiting gevind by die standpunt van Kraak en Klooster¹⁷ en afgewyk van die tradisie waarvolgens die status van onbepaalde telwoord aan geen en niks toegedig word.¹⁸

Die uitgangspunt om onbepaalde lidwoordstatus aan geen en niks toe te dig, berus op 'n oorweging van die semantiese aard van die substantiewe in die positiewe korrelate van (3)-(6). Vergelyk:

Ek het 'n probleem.

Ja, ek het hom toe geld gevra.

Nou kry ons swartvleis.

Hy't al koffie gehad

Die substantief probleem in die positiewe korrelaat 3(a) verwys onbepaald, en wel op grond van die aanwesigheid van die onbepaalde lidwoord/determineerder 'n. grond van die semantiese korrespondensie tussen (3) en 3(a) kan g'n ook as 'n onbepaalde lidwoord bestempel word, en wel as die negatiewe teenhanger van 'n.

Die massanaamwoorde geld, swartvleis en koffie in 4(a)-6(a) verwys eweneens onbepaald, alhoewel hulle nie deur 'n voorafgegaan word nie. Onbepaaldheid word in hierdie gevalle gerealiseer deur 'n "lidwoord" wat geen uiterlike vorm het nie en dus fonologies "nul" is - i.e. die sg "zero"-lidwoord/"nul"-lidwoord. Inagneming van die semantiese korrespondensie tussen (4)-(6) en 4(a)-6(a) kan niks derhalwe bestempel word as die negatiewe teenhanger van die "nul"-lidwoord.¹⁹

Die onbepaalde lidwoorde/negatiewe determineerders g'n en niks gee nie net aan die substantief - hetsy onderwerpsubstantief of voorwerpsubstantief - die kenmerk van onbepaaldheid nie, maar óók 'n groter/sterker ontkennende waarde. Om hierdie rede kan die voorwerpe in voorbeelde (3)-(6) dus ook beskryf word as negatiewe voorwerpe op grond van die teenwoordigheid van die negatiewe determineerders niks en g'n.

Onbepaalde NS^c, soos dié in voorbeelde (3)-(6), neig om weg te skram van die onderwerpsposisie (i.e. die sinsaanvangsposisie), en wel as uitvloeisel daarvan dat hulle in die reël nie as sinstopiek funksioneer nie. Die onvermoë van die onbepaalde NS^c (in dié geval die negatiewe voorwerpe) om die topiek van die sin te konstitueer, het te make met die verband tussen onbepaaldheid en nuwe inligting, i.e. inligting wat

onbekend is aan die hoorder en wat nie uit die teks/diskoers herwinbaar is nie.²⁰ Omdat die sinstopiek by uitstek in die sinsaanvangsposisie staan²¹, moet dit inligting bevat/introduseer wat aan beide die gespreksgenote bekend is - .e. ou/bekende inligting. Bekende/ou inligting word gewoonlik deur bepaalde NS^e uitgedruk, en nuwe/onbekende inligting deur onbepaalde NS^e (vergelyk Keenan en Schieffelin, 1976:337)

As draers van nuwe inligting is onbepaalde NS^e wesenlik elemente met sterk inligtingsfokus.²² Die voorwerpsubstantiewe probleem, geld, swartvleis en koffie in (3)-(6) het eweneens 'n hoë inligtingslading - nie alleen op grond van hul onbepaaldheid nie, maar ook omdat hulle binne die bereik van die NEG-vorme g'n en niks val. Ontkenningsbereik en inligtingsfokus is dus in hierdie voorbeelde onderling verbind, en as sodanig 'n daadwerklike bevestiging van Quirk en Greenbaum (1973:188) se stelling:

Scope and focus are interrelated such that the scope must include focus.

Dit kan egter gebeur dat 'n onbepaalde NS hom aggressief vestig as topiek van die sin. Die onderstaande voorbeeld is uit M.A. opgeteken:

(7) Niks mense geken nie

Voorbeeld (7) is wesenlik 'n elliptiese restant van die sin : Ek het niks mense geken nie. Deur ellips van die onderwerp ek en die hulpwerkwoord het word die onbepaalde negatiewe voorwerp niks mense nou in 'n sinsaanvangsposisie geplaas en as sodanig as sinstopiek geïntroduseer. Gesien binne (kon-)teksverband, bevat die onbepaalde NS niks mense inligting wat herwinbaar is.²³ Vergelyk:

(8) O: Mense geken in Oudtshoorn?

R: Niks mense geken nie.

In (8) verteenwoordig die vraag "Mense geken in Oudtshoorn?" wat Keenan en Schieffelin die "question of immediate concern" noem.²⁴ Hierdie vraag is veranker in 'n presupposisie wat soos volg verwoord kan word:

"Jy (die hoorder/respondent) het mense in Oudtshoorn geken (of dalk nie)".

Hierdie geabstraheerde presupposisie verteenwoordig wesenlik die diskoerstopiek van fragment (8) - en daarmee dus veronderstelde/bekende inligting.

Die inligting wat in die sinsinisiële onbepaalde NS niks mense vervat is, is dus nie heeltemal nuut²⁵ nie, maar het 'n mate van veronderstelde bekendheid omdat dit met die diskoerstopiek in verband gebring kan word.

Dat 'n onbepaalde NS soos niks mense hom enigins (en daarmee op atipiese wyse) as sinstopiek kan vestig, staan dus in verband met die feit dat dit in terme van sy skakeling met die presederende diskoers bekende/herwinbare inligting verteenwoordig.

3. 1.1.3 Substantiewiese predikaat

NEG-inkorporasievorme kan in M.A. ook optree as voorbepalings by substantiewiese predikate:

(9) Kyk hier, daar's niks "worries" nie

Nee wat, daar was niks dinge nie

Vroeër wat ons hier kom woon het, was hier niks huise gewes nie.

In die onderstaande afhanklike sin funksioneer die NEG-inkorporasievorm niks ook as voorbepaling by die naamwoordelike predikaat

dat daar niks verskil tussen ons en die witmense²⁶ is.

Soos by die voorwerpsubstantiewe, is die voorbepaling niks in voorbeelde (9)-(12) 'n onbepaalde lidwoord. Die naamwoordelike kopulapredikaat verwys dus onbepaald

In voorbeelde (9) en (10) en die afhanklike sin (12) konstitueer daar telkens die grammatiese onderwerp. Die voornaamwoordelike daar wat as onderwerp optree, het geen semantiese inhoud/waarde²⁷ nie en kan om hierdie rede dus nie as sinstopiek

funksioneer nie. 'n Sinstopiek moet immers inligting vergestalt. Dit is eerder die "semantiese onderwerp", i.e. die onbepaalde NS^e niks "worries", niks dinge en niks verskil, wat hier die sinstopiek verteenwoordig.

In eksistensiële konstruksies²⁸ van hierdie aard is daar sprake van sinsnegasie. Die bestaan van "iets" word in die geheel ontken. Dienooreenkomstig val die hele sin (proposisie) telkens binne die pragmaties-semantiese bereik van ontkenning. Hierteenoor is daar by (11) sprake van sinsdeel-/konstituentnegasie²⁹. In hierdie sin is dit naamlik slegs die konstituent huise wat pragmaties-semanties (en ook sintakties) binne die bereik van die NEG-vorm niks val.

3.1 .1.4 Konkurrensie tussen NIKS en GEEN/G'n

Voorbeelde (1)-(12) weerspieël die volgende tendense rakende die konkurrensie tussen niks en geen/g'n as voorbepalings by substantiewe in M.A.:

- (a) By meervoudige soortnaamwoorde en massanaamwoorde is die voorbepalende niks verreweg die gebruiklikste, in so 'n mate dat geen/g'n wesenlik deur niks verdring word:

Massanaamwoorde niks geld (4), niks swartvleis (5), niks koffie (6).

Meervoudige soortnaamwoorde: niks mense (7), niks "worries" (9), niks dinge (10), niks huise (11)

- (b) By enkelvoudige soortnaamwoorde word uitsluitlik van geen/g'n gebruik gemaak:

Geen man of geen vrou (1) X * niks man of niks vrou,

Geen probleem (3) X * niks probleem

- (c) By substantiewe wat óf soortnaamwoordelik óf massanaamwoordelik gebruik kan word, is niks en geen/g'n weliswaar uitruilbaar, maar word voorkeur aan niks gegee.

Massanaamwoordelik

dat daar niks verskil tussen ons en die witmense is.

dat daar geen verskil tussen ons en die witmense is.

Soortnaamwoordelik:

dat daar niks verskille tussen ons en die witmense is.

dat daar geen verskille tussen ons en die witmense is.

3.1.1.2 NEG-inkorporering in voornaamwoorde

Die databasis weerspieël 'n grootskaalse gebruikmaking van die voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorme NIEMAND (< nie iemand) en (veral) NIKS (< nie iets) in M.A. Hierdie twee voornaamwoorde het die semantiese kenmerk [- bepaald]. Terwyl NIEMAND in die databasis in hoofsaak slegs as onderwerp funksioneer, tree NIKS o.m. op as voorwerp en as kern-naamwoordstuk.

3. .2 Die voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorm NIEMAND

In die onderstaande voorbeelde funksioneer die onbepaalde voornaamwoord niemand as grammatiese onderwerp, en terselfdertyd ook as sinstopiek.

Niemand hener (= hinder) jou nie, behalwe die wat nou gepraat was van die spoekbiesigheid (= spookbesigheid).

Niemand het na jou gekyk nie.

Soos reeds vermeld, tree onbepaalde NS^c in die reël nie as sinstopiek op nie, en wel op grond daarvan dat hulle tipies nuwe inligting verteenwoordig. Die topiekstatus van niemand in (13) en (14) is egter daarin gesetel dat die kontekstualisering van niemand wel op 'n sekere mate van veronderstelde bekendheid berus. Vergelyk die tekskonteks van (13):

R2: Malmesbury was nie soos dit vandag is nie. Jy kan geloop het; jy's nie aangerand nie. Jy kan maar laat loop. Niemand hener (= hinder) jou nie, behalwe die wat nou gepraat was van die spoekbiesigheid. Maar mens, hulle sal nie met jou "worry" nie.

Die verwysingsveld van niemand in (13)/(15) kan hoofsaaklik tekstueel herwin word. As sintopiek stig niemand naamlik 'n anaforiese relasie met die implisiete/herwinbare diskoerstopiekentiteit - i.e. die hipotetiese/veronderstelde anteseden³⁰ - "die mense van Malmesbury". Niemand kan geparafraseer word as "niemand/geeneen van die mense in Malmesbury nie". Voorts het niemand hier 'n partitiewe betekenis.³¹ Dit funksioneer naamlik nie negerend o.v. "alle mense" nie, maar slegs t.o.v. 'n spesifieke groep, w. "die mense van Malmesbury".

3. .1.2.2 Die voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorm NIKS

3. .1.2.2.1 NIKS as voorwerp

Die databasis weerspieël 'n frekwente gebruikmaking van niks as direkte voorwerp en wel soos volg:

(a) NIKS as voorwerp in onafhanklike sinne:

Sy gee vir my niks nie.

Dan kan ek jou niks gee nie.

Ek het nog niks daar geiet (geët) nie.

(b) NIKS as voorwerp in afhanklike sinne/bysinne:

So, toe gaan sit ek met die hand wat vandag niks kan doen nie.

(c) NIKS as voorwerp in sinskonjunkte:

Daarvoor sê ek ook "baie dankie" vir die HERE, want niks gaan jy kry nie.

Hy moet nie kom sommer net sê "Jy moet trek" en niks gee nie.

As grammatiese voorwerp konstitueer niks in (16)-(21) nie die sinstopiek nie.

Die betragting van (16)-(21) in kontekstuele verband bring die volgende tendense aan die lig:

- (a) Die voorwerp niks het 'n lae inligtingswaarde. Dit word naamlik nie gebruik om nuwe inligting te introduceer nie, maar wel om inligting (entiteite) wat in die voorafgaande konteks daadwerklik vermeld of geïmpliseer is, te negeer.³²

Vergelyk die teksverbande van (16) en (17):

R: Maar sy sê nie vir my nie - kyk, soos sy nou die kinders kos gee - kyk, ek gaan nou vir jou 'n stukkie brood en koffie ... Sy gee vir my niks nie.

R: Jammer nou laat jy eers die tee gevat het. Ouma tel nie 'n brêk op nie, my kind. Annerdag kom jy hier dan kan ek jou niks gee nie. Vandag kan ek jou gee; annerdag kan ek nie vir jou gee nie.

In (22) funksioneer niks negerend t.o.v. die kontekstuele entiteit "'n stukkie brood en koffie". In (23), daarenteen, negeer niks 'n implisiete entiteit, t.w. "eetgoed en drinkgoed om vir 'n besoeker voor te sit" - implisiet, omdat die entiteit nie vooraf geëkspliseer is nie, maar wel aan die hand van kontekstuele/pragmatiese faktore geabstraheer/herwin kan word (vergelyk in hierdie verband 4.2.2). In (23) het niks dus die status van pragmaties-beheerde anafoor³³.

- (b) In die teksverband kan die voorwerp niks óf 'n partitiewe óf 'n geheelbetekenis³⁴ hê:

In (22) en (23) het niks 'n partitiewe waarde. Sy negerende funksie word naamlik beperk tot 'n spesifieke entiteit, i.e. respektiewelik " 'n stukkie brood en koffie" en "eetgoed en drinkgoed om vir 'n besoeker voor te sit".

In (19) en (20), daarenteen, het die voorwerp niks 'n geheelbetekenis. Dit word naamlik gebruik in die woordeboekbetekenis "geen enkele ding nie" (HAT 1985:736). As sodanig funksioneer niks negerend ten opsigte van "alles"/"enigiets".

3.1.1.2.2.2 NIKS as kern-naamwoordstuk

Blykens die databasis word die NEG-inkorporasievorm niks in M.A. geredelik uitgebrei deur nabepalende adjektiewe (in welke geval die fleksie-uitgang -s meestal ontbreek) en infinitiefsinne. Vergelyk:

- (a) Uitbreiding deur nie-geflekteerde adjektiewe:

Maar dit wys hy's ook niks goed nie.

Ons het ook niks verkeerd gedoen nie.

- (b) Uitbreiding deur infinitiefsinne:

Ek het niks gehad om te sê nie.

Daar het ons niks gehad om te doen nie.

Die uitbreidende adjektief kan in M.A. ook deur iets voorafgegaan word:

(28) Ai, Oumatjie het nou niks iets lekker nie.

Hierdie uitbreidende elemente is wesenlik beskrywings | wat die kern-
naamwoordstuk niks kwalifiseer/spesifieke inligting daaromtrent gee (vgl.
Ponelis, 1979:461). Die aanwesigheid van hierdie elemente het derhalwe tot
gevolg dat die verwysingsveld (semantiese inhoud/inligtingswaarde) van niks
begrens/beperk word

3.1.1.2.3 G'n man : 'n Voornaamwoord of substantiefstuk?

Vergelyk die onderstaande voorbeeld uit M.A.:

R. Maar as jy nou vir hier van die mense vra: Hoeveel | sikloons het die
dorp gehad? Dan sal g'n man jou sê nie.

In (29) tree die generiese gemeenskaplike vorm g'n man op as 'n | meer algemeen-
gebruiklike spreektaalvorm vir die vorm g'n mens.

die kategoriale status van die vorm g'n man (of g'n mens) bestaan daar
uiteenlopende beskouinge. De Stadler (1989:283) beskou vorme soos g'n mens as
substantiefstukke, met die voorbepalende g'n as die gereduseerde variant van geen.
Hierteenoor beskryf Ponelis (1968:92, 1979:100-103) vorme soos g'n mens en g'n
man as behorende tot die klas onbepaalde voornaamwoorde. Sulke vorme is nie
tipiese | onbepaalde voornaamwoorde nie, maar kan beskryf word as onbepaalde
voornaamwoorde in die tipiese gewaad van substantiwiese vorme. Om hierdie rede

word die vorm g'n man beskryf as 'n substantiewiese onbepaalde voornaamwoord (vergelyk Ponelis, 1979:103, 117). In (29) kan g'n man sonder meer vervang word deur die onbepaalde voornaamwoord niemand met behoud van die sin se negatiewe waarde:

29(a) ... Dan sal niemand jou sê nie.

Dit blyk dat g'n man in (29) ook in 'n anaforiese verband wil staan met "die mense" wat dan as antesedent optree. G'n man het dus hier die partitiewe betekeniswaarde van "geeneen van die mense van Malmesbury nie". Gesien teen die agtergrond van die anaforiese funksie van g'n man in (29), blyk die kategoriale status van g'n man as substantiewiese onbepaalde voornaamwoord sinvol te wees. Voornaamwoorde is immers die anaforiese elemente by uitstek!

3. 2 DIE PLASING VAN NIE_i

Die ontkeningsbywoord NIE_i het groter plasingsmoontlikhede as die reeds bespreekte NEG-inkorporasievorme. Dit verskyn tipies in die WS net na die spilwerkwoord³⁵. Voorts kan dit ook as sintaktiese insetelement optree.³⁶

3. 2. NIE_i as insetelement

Deur die gebruik van NIE_i as aanvangselement kan sowel sinsnegasie as sinsdeelnegasie teweeg gebring word.

3. 2.1.1 NIE₁ as aanvangselement ter wille van sinsdeelnegasie

In M.A verbind NIE₁ as aanvangselement met 'n verskeidenheid konstituenttipes waaronder bywoorde, adjektiefstukke, naamwoordstukke en bysinne. Vergelyk:

NIE₁ + bywoord

Nie hier by ons nie

NIE₁ + (sinsbywoord) + adjektiefstuk

Nie eintlik so gesond nie, maar ek doen nog al my ou werkies.

NIE₁ + adjektiefstuk (as tydsadjunk)

(32) Nie te lank gelede³⁷ nie was h₁ in Namakwaland met 'n bus.

NIE₁ + bysin

Nie wat ek by 'n mens gehoor het nie, met my eie oë gesien het en gewies het.

NIE₁ + naamwoordstuk

Nie Kafnat nie.

In voorbeelde (30)-(34) val slegs sekere konstituente (respektiewelik hier by ons, so gesond, te lank gelede, wat ek by 'n mens gehoor het en Kafnat) sintakties sowel as pragmaties-semanties binne die bereik van ontkenning en verkry hulle as sodanig groter nadruk/fokus.³⁸ Verder word hierdie fokusering geïntensiveer deurdat NIE₂

(wat die regterkanste grens van die bereik van ontkenning aandui) onmiddellik op die betrokke konstituente volg. Die sintaktiese en pragmaties-semantiese bereik van ontkenning val dus saam in hierdie voorbeelde.

Gevalle soos (30)-(34) word hoofsaaklik in vraag-en-antwoord-kontekste aangetref.

Vergelyk ter toeligting die teksverbande van voorbeelde (30) en (31):

O: Is dit nie rof hierlangs nie?

R: Nie hier by ons nie. Hierbo, hier agter oor daar's mos klomp bome

O: Ja, dan's dit ag-en-tagtig die jaar. Ja. Maar Ouma voel nog lekker gesond, nog fluks?

R: Ja. Nie eintlik so gesond nie, maar ek doen nog al my ou werkies. Partykeers woel ek, party dae voel ek sleg en party dae nou weer lekker ...

Die ontkenningwoordgroepe met NIE₁ as aanvangselement doen dus aan as elliptiese sinne waarvan die ontbrekende gedeeltes vanuit die teksverband gerekonstrueer kan word:

Nie hier by ons nie < Dit is nie rof hier by ons nie

Nie eintlik so gesond nie < Ek voel nie eintlik so gesond nie.

So gesien, word die ontkenningwoordgroepe bo hul grammaties-voltooide teenhangers verkies ten einde sinsdeelnegasie (hier by ons, so gesond) i.p.v. sinsnegasie te sinjaleer

Ontkenningsuitinge van hierdie tipe kan ook in neweskikkende sinne optree, en wel as tweede konjunk.

Ons het weggehardloop, maar nie oom Abie nie.

Eweneens val 'n gegewe sinsdeel (oom Abie) binne die bereik van ontkenning, en verkry dit as sodanig groter nadruk.

3. 2.1.2 NIE₁ as aanvangselement ter wille van sinsnegasie

Vergelyk

Nie 'n soort siekte wat hy gehad het lat hy gely het.

In (38) is die bereik van die aanvangs-NIE₁ nie slegs beperk tot ('n) bepaalde konstituent(e) in die sin nie, maar val die hele sin sintakties binne die bereik van ontkenning.

By sinsaanvang kan NIE₁ saamsmelt met moet om die bevelshulpwerkwoord³⁹ moenie te vorm

Moenie praat nie.

Moenie luister wat die ouvrou sê nie.

Deur die gebruik van moenie word die aandag van die gespreksgerote gefokusseer op "dit" wat nie gedóén mag/moet word nie. Die fokus val dus op die taalhandeling⁴⁰ (respektiewelik "praat" en "luister")

3.1.2.2 Die plasing van NIE₁ in die werkwoordstuk (WS)

In M.A het die ontkeningsbywoord NIE₁ 'n wye verskeidenheid plasings=
moontlikhede in die WS. Hierdie diversiteit word vervolgens onder die loep geneem
en wel soos volg:

Eerstens word daar gefokusseer op die plasing van NIE₁ ten opsigte van
werkwoordelike elemente, voorwerpe, predikaatelemente en adjunktipes. Daarna kom
die optrede van NIE₁ in die sinseindposisie onder die soeklig

Daar word aangetoon hoe die plasing van NIE₁ saamhang met o.m.
betekenisverskille, grammatikaliteit en gemarkeerdheid

3.1.2.2.1 Die plasing van NIE₁ t.o.v. werkwoordelike elemente

n Tipiese gebruik in M.A is die plasing van NIE₁ tussen twee opeenvolgende
werkwoorde. Vergelyk

(a) Omskrywingswerkwoord + NIE₁ + hoofwerkwoord (HW)

(41) Jy is nie aangerand nie.

(b) Hulpwerkwoord + NIE₁ + HW

Ek kan nie wegtrek, my huis is nog nie klaar nie.

(43) Die mense wil nie glo nie.

Hy kan nie rondsit nie.

Jy mag nie inkom nie.

Ag vader, jy kan nie beskryf nie, man.

Ek wou nie uit nie.

(c) Modale hulpwerkwoord + NIE₁ + HW + tydshulpwerkwoord

Hy kan nie toegemaak het nie.

Ek kan nie gedoen het nie.

Ek kan nie gevat het nie.

(d) Hulpwerkwoord + NIE₁ + skakelwerkwoord + HW

Nou kan (ek) nie gaan lê nie.

In al bogenoemde voorbeelde (41-51) is die plasing van NIE₁ direk na die spilwerkwoord.⁴¹ Dit is egter nie moontlik om NIE₁, byvoorbeeld, ná die hoofwerkwoord te plaas sonder om ook die grammatikaliteit van die sin in te boet nie. Die plasing van NIE₁ direk na die spilwerkwoord kan beskou word as die ongemerkte/ongemarkeerde negativeringstruktuur.⁴²

In voorbeelde (41)-(51) is dit slegs die werkwoordstuk (oftewel die handeling waarna die werkwoorde verwys) wat sintakties en pragmaties-semanties binne die bereik van

ontkenning val.⁴³ Die onderwerp (oftewel sinstopiek) staan dus buite die bereik van ontkenning.

3.1.2.2.2 Plasing van NIE₁ t.o.v. die voorwerp

Sintakties en semanties beskou, kan drie hoofkategorieë plasingsoptikohede van NIE₁⁴⁴ t.o.v. die voorwerp geïdentifiseer word:

- (a) die plasing van NIE₁ slegs voor die voorwerp,
- (b) die plasing van NIE₁ voor of na die voorwerp met behoud van die betekeniswaarde van die sin,
- (c) die plasing van NIE₁ voor of na die voorwerp met 'n verskil in die betekeniswaarde van die sin.

Teen die agtergrond van hierdie indeling word die plasing van NIE₁ in M.A. t.o.v. verskillende tipes voorwerpe (i.e. die direkte, indirekte en setselvoorwerp) vervolgens onder die loep geneem.

3.1.2.2.2. Plasing van NIE₁ t.o.v. die direkte voorwerp

Die direkte voorwerp kan kategoriaal vergestalt wees as o.m. 'n voornaamwoord, 'n substantiefstuk en 'n bysin/klous.

(a) Voornaamwoordelike direkte voorwerpe

Eerstens kan 'n klas voornaamwoordelike direkte voorwerpe onderskei word waar NIE₁ sowel vóór as ná die voorwerp kan optree met behoud van die sinse betekeniswaarde.

Die plasing van NIE₁ vóór voornaamwoordelike direkte voorwerpe noodsaak tot 'n groot mate - die optrede van die setsel vir. Vergelyk:

Jy wiet, dan kan hulle nie vir jou sê nie.

Hey moerskond, jy kan gooi, maar jy gooi net nie vir my raak nie.

Vandag kan ek jou gee, annerdag kan ek nie vir jou gee nie.

Hy kan nie vir my vat nie.

Voorwerpe met die setsel vir is hoofsaaklik affekties gelaai. Die affektiese krag van vir⁴⁵ het tot gevolg dat die menslike voornaamwoordelike voorwerp sterk benadruk word. Gevalle soos hierdie waarin sowel NEG₁ as vir vóór die direkte voorwerp geplaas word, verteenwoordig die gemerkte negativeringstruktuur.

In die ongemerkte variant van hierdie negativeringstruktuur word vir weggelaat en verskyn NIE₁ ná die menslike voorwerp. Vergelyk:

Jy wiet, dan kan hulle jou nie sê nie.

maar jy gooi my net nie raak nie.

. annerdag kan ek jou nie gee nie.

Hy kan my nie vat nie.

Die nie-menslike voorwerp dit tree sonder die setsel vir op. In die ongemerkte/neutrale vorm tree NIE₁ ná die voorwerp dit op;⁴⁶

(56) Kyk, die mense wat nou nie daai wêreld ken nie, sal dit nie kan vat.

Hy wil dit nie gee of stuur nie

Nee, ek gaat dit nie doen.

In die (eweneens affekties-gelaaide) gemerkte variant, daarenteen, word NIE₁ vóór die voorwerp geplaas:

Die mense sal nie dit kan vat nie.

Hy wil nie dit gee nie

Nee, ek gaat nie dit doen

Die plasing van NIE₁ t.o.v. die voornaamwoordelike voorwerp het belangrike implikasies vir die bereik van ontkenning, en wel soos volg: Wanneer NIE₁ vóór die voornaamwoordelike voorwerp staan (vergelyk (52)-(55), (56a)-(58a)), val die voorwerp sowel sintakties as pragmaties-semanties binne die bereik van ontkenning. Wanneer NIE₁ op die voornaamwoordelike voorwerp (vergelyk (52a)-(55a), (56-58)) val die voorwerp wel pragmaties-semanties (maar nie sintakties nie) binne die bereik van ontkenning.

Die pragmatiese fokus val egter nie noodwendig op die direkte voorwerp nie. By beide patroontipes kan die pragmatiese fokus van die voorwerp afgelei word en verskuif word na 'n ander element in die WS. Vergelyk:

My pa sê nie wéér vir my nie.

Hulle wil nie nou vir hom kontaklense insit nie.

Hy roep my nie wéér nie.

In teenstelling met bogenoemde klas voornaamwoordelike voorwerpe kan daar egter ook 'n tweede klas onderskei word waar NIE₁ hoofsaaklik (en soms uitsluitlik) slegs vóór die voornaamwoordelike voorwerp optree:

Kyk, jy bedink nie iets wat kwaad is nie, maar nou wil daai een miskien nie hê jy moet gepraat het van hom nie.

Indien NIE₁ in (62) verskuif word tot na die voorwerp, sal dit 'n ongrammatikale uiting tot gevolg hê.

Tot hierdie klas kan voorbeelde soos die volgende ook gereken word:

Ek is net spyt jy wil nie iets drink nie.

In (63) is die NEG-vorm nie + onbepaalde voornaamwoord iets wesenlik die konstituente waaruit die NEG-inkorporasievorm niks saamgestel is. Die

gebruik van die vorm nie iets (i.p.v. niks) (soos in (63)) resulteer in groter fokus/nadruk vir die onbepaalde voorwerp iets. Alhoewel NIE₁ blykbaar ook ná die onbepaalde voorwerp iets kan optree, is die plasing ongewoon (en minder frekvent)

By 'n derde klas voornaamwoordelike voorwerpe gaan die plasing van NIE₁ vóór of ná die voorwerp met 'n verskil in die betekeniswaarde van die sin gepaard. In die databasis is egter geen voorbeelde van hierdie klas voornaamwoordelike voorwerpe aangetref nie.⁴⁷

(b) Substantiewiese direkte voorwerpe

Die semantiese aard van substantiewiese direkte voorwerpe het belangrike implikasies vir die plasing van NIE₁ vóór of ná die voorwerp. Ter sake in hierdie verband is veral substantiewe wat tot die volgende semantiese klasse behoort:

substantiewe met die semantiese kenmerk [- bepaald], ..e. "onbepaalde" voorwerpe.

substantiewe met die semantiese kenmerk [+ bepaald], i.e. "bepaalde" voorwerpe, en

substantiewe met onbepaalde kwantore⁴⁸ as voorbepalings.

(i) Onbepaalde substantiewiese voorwerpe

By substantiewiese direkte voorwerpe wat onbepaald verwys, blyk dit

NIE_i oorwegend vóór die onbepaalde voorwerp(e) optree.

Vergelyk

Ek het nie anner vakke nie.

Hulle't nie sale gehad nie.

Ons kry nie geld nie.

Daai tyd het die mense nie stouwe gehad nie.

Ons het nie "borre" = borde) nie.

Ek het nie koffie gekry nie.

In die o.s. onderstreepte afhanklike sinne tree NIE_i ook op voor die onbepaalde voorwerp.

Hulle sê: Hulle kan NIE BRILLE gee nie.

Hulle het vir my gesê: As jy NIE GELD het nie dan sal ek vir jou sien lat jy uit die dorp uit.

Dis die enigste getroude niggie wat NIE KINNERS het nie.

Want kyk, Wesbank ontvang nou al die buitense wat nou NIE PLEKKE het en die nie en wat nou weer hiernatoe intrek.

Die plasing van NIE_i na die voorwerp in voorbeelde (64)-(73) resulteer in konstruksies waarvan die grammatikaliteit twyfelagtig blyk te wees.

Dit is slegs wanneer daar sterk sinklem op die onbepaalde voorwerp

geplaas word dat NIE₁ ná die betrokke voorwerp kan optree, sonder enige onsekerheid rakende die grammatikaliteit van die konstruksie(s):⁴⁹

70(a) Hulle kan brille nie gee nie.

As draers van nuwe inligting val die onbepaalde NS^c in voorbeelde (64)-(73) sowel sintakties as pragmaties binne die bereik van ontkenning.

In kombinasie met ander sinselemente kan dit egter wel gebeur dat onbepaalde voorwerpe wel sintakties binne die bereik van ontkenning val, maar nie pragmaties-semanties nie. Vergelyk:

(1) Wanneer 'n nabepaling optree by die substantief wat as onbepaalde voorwerp funksioneer, is dit gewoonlik slegs die nabepaling wat pragmaties-semanties binne die bereik van ontkenning val

(74) Ek het nie 'n foto van hom⁵⁰ nie.

Sin (74) beteken dat die betrokke persoon wel 'n foto (foto's) het, maar nie een van die persoon onder bespreking nie.

onbepaalde substantiewiese voorwerp kan egter by geleentheid deur pragmatiese faktore "aggressief" gedwing word om saam met die nabepaling binne die pragmatiese semantiese bereik van ontkenning te val. Vergelyk:

Ek het nie goud of silwer wat ek jou kan gee nie.

Maar ons het nie 'n saal gehad wat (= waarin) ons die kinnere kan huisves nie.

In (75) en (76) kan die volgende sinsbetekenisse respektiewelik onderskei word

Die spreker ("ek") het wel goud of silwer, maar nie wat hy/sy vir die hoorder (= "jou") kan gee nie.

Hulle = "ons") het wel 'n saal, maar nie een waarin hulle die kinders kan huisves nie.

Wanneer pragmatiese oorwegings bygebring word, blyk bogenoemde sinsbetekenisse nie haalbaar te wees nie. Op grond van gedeelde agtergrondskennis tussen die gespreksgenote weet die hoorder dat die spreker in (75) die uitdrukking hoofsaaklik figuurlik bedoel en dat dit nie letterlik geïnterpreteer moet word nie. Gevolglik moet die nabepaling in verbinding met die kern-NS goud of silwer geïnterpreteer

word as 'n sinsdeel wat as eenheid pragmaties-semanties binne die bereik van ontkenning val. Insgelyks val die kern-NS 'n saal in voorbeeld (76) saam met die nabepalende bysin binne die pragmaties-semantiese bereik van ontkenning. In die lig van kontekstuele faktore weet die aangesprokene in voorbeeld (76) dat die mense (i.e. "ons") nie 'n saal het nie - om nie eens te praat van een waarin hulle die kinders kan huisves nie! Pragmatiese oorwegings noodsaak dus om in te sien dat in (75) en (76) die kern-NS^e (goud of silwer en 'n saal) met hul nabepalings pragmaties-semanties deur ontkenning bereik word.

- (2) Die optrede van die pro-adjektief so voor die substantiefstuk wat as onbepaalde voorwerp funksioneer, kan ook tot gevolg hê dat slegs die pro-adjektief so (en die nageplaaste graadsin/vergelijkende uitdrukking) pragmaties-semanties binne die bereik van ontkenning val. Vergelyk:

... want hulle het nou nie so 'n gedagte gehad nie lat die velle sulke geld ...

Ek het mos nou nie so 'n groot skool gehad nie.

In beide voorbeelde ((77) en (78)) val die substantiefstuk: so 'n gedagte en so 'n groot skool sintakties binne die bereik van ontkenning, maar dit is egter slegs die predetermineerder so wat pragmaties-semanties bereik word deur NIE₁. Sin (78)

word byvoorbeeld gebruik met die presupposisie dat die spreker/respondent ook "'n groot skool" gehad het, maar dat dit nie so groot was soos dit vandag die geval is nie. Op soortgelyke wyse word sin (77) dan ook gebruik met die presupposisie dat "hulle" wel "'n gedagte" gehad het, maar nie een soos dié van die spreker/respondent nie.

- (3) Die teenwoordigheid van lokatiewe uitdrukkings kan ook tot gevolg hê dat onbepaalde voorwerpe wat sintakties binne die bereik van ontkenning val, egter nie pragmaties-semanties deur NIE₁ bereik word nie:

Ons kimmers, ons kry nie kos in borre (borde) nie.⁵¹

Ek gaan nie versmaai nie, want ek kry nie kos by die huis nie.

My pa het toe daar gesê, maar toe het ons nie huise daar nie.

Nee, ons het nie hier kompetisies gehou nie.

Voorbeelde (79)-(82) word gebruik met respektiewelik die volgende presupposisies:

Die kinders kry kos, maar net nie in borde nie.

Die persoon ("ek") kry kos, maar net nie by die huis nie.

Die persoon(e) ("ons") het 'n huis(e), maar binne 'n sekere gebied het hulle nie huise gehad nie.

Die persoon(e) het kompetisies gehou, maar net nie in Malmesbury ("hier") nie.

In die lig van hierdie presupposisies word dit duidelik dat slegs die lokatiewe uitdrukkings in voorbeelde (79)-(82) pragmaties-semanties binne die bereik van ontkenning val.⁵²

Soos in die geval van die nabepalings hierbo, kan pragmatiese oorwegings ook daartoe lei dat die onbepaalde voorwerp (tesame met 'n lokatiewe uitdrukking) binne die pragmaties-semantiese bereik van ontkenning val. Vergelyk die volgende

R: ... Die rokkietjie sit hierbo, die armpies is kaal, hierso is kaal [beduie]. Ek het nie 'n kappie op my kop, heeldag met die kaalkop in die son. Wat ek seker vandag, hoekom die oë vandag so sleg is van darie jare so geloep ...

Gegee bogenoemde teks en bepaalde agtergrondskennis (o.m. dat die spreker/respondent 'n stiefkind was wat deur haar stiefma besonder sleg behandel (en mishandel) was en niks gegee is nie kan die pragmaties-semantiese bereik van NIE₁ in

(83) korrek geïnterpreteer word. In hierdie voorbeeld val die onbepaalde voorwerp 'n kappie dus nie buite die pragmatiese-semantiese bereik van ontkenning nie. Op grond van pragmatiese oorwegings kan daar afgelei word dat die spreker ("ek") nie 'n kappie het nie - om nie eens te praat van een wat sy (die spreker) op haar kop moet sit nie! In voorbeeld (83) kan die gebruik van op my kop moontlik misleidend wees, gesien binne sinsverband, maar vir die hoorder/aangesprokene binne daardie betrokke diskoerskonteks wat bekend is met al die pragmatiese gegewens, is die optrede van die lokatiewe uitdrukking op my kop 'n manier om die feit te beklemtoon dat die spreker nie eens 'n kappie (op haar kop) as beskerming teen die skroeiende hitte het nie!

(ii) Bepaalde substantiewiese voorwerpe

In teenstelling met onbepaalde voorwerpe wat grootliks ná NIE₁ geplaas word, word Afrikaans in die algemeen gekenmerk deur groter vryheid betreffende die plasing van NIE₁ t.o.v. bepaalde substantiewiese voorwerpe. NIE₁ kan dus vóór of ná die voorwerp geplaas word:

(a) Ek wil nie my motor verkoop nie.

(b) Ek wil my motor nie verkoop nie.

(c) Ek wil my motor nie hier verkoop nie.

Hierdie plasingalternatiewe gaan egter wel met betekenisverskille gepaard, en wel i.t.v. kontrasteringsfokus: Wanneer NIE₁ vóór die voorwerp geplaas word soos in (a), word die betrokke voorwerp implisiet gekontrasteer met ander moontlike voorwerpe (d.w.s. nie my motor nie, maar moontlik wel my meubels, ens.) Wanneer NIE₁ egter ná die voorwerp geplaas word soos in (b), word die handeling (soos deur die werkwoord uitgedruk) implisiet gekontrasteer met ander moontlike handelinge (d.w.s. nie verkoop nie, maar dalk behou, verniet wegegee ens.). Die nageplaaste NIE₁ kan ook, soos in (c), implisiete kontrastering t.o.v. 'n ander WS-element suggereer (d.w.s. hier en nie op 'n ander plek nie).

Die databasis weerspieël dat M.A. gekenmerk word deur 'n groter geneigdheid tot die plasing van NIE₁ vóór die bepaalde substantiwiese voorwerp - in hoofsinne sowel as bysinne.

Vergelyk

- (84) Hy kon nie die gewone boek lees nie, maar hy kon die Bybel lees.
- (85) Ek sal nie jou van vergeet nie, want ek ken hulle (= hoor kom) baie.
- (86) Hulle sê, almal wat hier kom, ek kan nie daai ouderdom het nie.

Kontrastering word ook nie deurgaans (soos in voorbeelde (85) en (86)) implisiet gesuggereer nie, maar dikwels ook geëkspliseer (soos in (84))

Die bepaalde substantiewiese voorwerpe in voorbeelde (84)-(86) val dus sintakties en pragmaties-semanties binne die bereik van ontkenning. Wanneer dié substantiefstuk(ke) verbind met 'n nabepaling, val die hele komplekse NS (i.e. dié substantiefstuk en die nabepaling) wat as bepaalde voorwerp optree, ook binne die pragmaties-semantiese bereik van NIE₁:

(87) Nee, ek wil nie my biesigheid hier⁵³ opgee nie.

Voorbeeld (87) het dus die volgende betekeniswaarde:

Die spreker ("ek") wil nie sy biesigheid (die skoenewinkel) wat hy in Malmesbury besit, opgee nie.

Die komplekse NS my biesigheid hier wat as bepaalde voorwerp funksioneer, val dus (in die geheel) sintakties en pragmaties-semanties binne die bereik van NIE₁

(iii) Substantiewiese voorwerpe met kwantorvorme

In teenstelling met sowel die onbepaalde as die bepaalde

substantiefstukke wat as voorwerp optree (vergelyk (i) en (ii) hierbo), toon voorwerpe met kwantorvorme⁵⁴ 'n heel eiesoortige "karakter". By gekwantifiseerde NS^c wat as voorwerp funksioneer, kan NIE₁ sowel vóór as ná die betrokke voorwerp geplaas word. Hierdie plasingsalternatiewe van NIE₁ gaan gewoonlik gepaard met 'n verskil in betekeniswaarde, alhoewel dit nie altyd die geval blyk te wees nie. In die databasis word NIE₁ egter slegs vóór die gekwantifiseerde NS^c wat as voorwerp funksioneer, aangetref. Die kwantore wat as voorbepalings by die onderstaande substantiewe optree, heet ook eksistensiële/onbepaalde kwantore:

Soos ek sê: Verder het ek nie baie meer stories nie.

Hulle't ook nie baie plekke gehad nie.

Ek drink ook nie melk nie, ook nie baie suiker nie.

(91) Jy hoef nie einatjie suiker te vat nie.

In bogenoemde voorbeelde - (88)-(91) - is dit slegs die kwantore baie meer, baie en einatjie⁵⁵ wat pragmaties-semanties deur NIE₁ bereik word. 'n Uiting soos (90) word dus gebruik met die presupposisie dat die spreker ("ek") wel suiker drink, maar nie baie nie.

In voorbeelde (88)-(91) is dit nie duidelik of die plasing van NIE₁ na die gekwantifiseerde NS^c 'n verskil in betekeniswaarde tot gevolg het nie, alhoewel die logika van negativering dit wil hê.⁵⁶

(c) Bysin/klous as direkte voorwerp

NIE₁ word uitsluitlik slegs vóór bysinne/klouse wat as voorwerp(e) funksioneer, geplaas. Die voorwerpsin kan o.m. as spesifieke vraagbysin, algemene vraagbysin of stelbysin vergestalt wees:

Algemene vraagbysin

Ek weet nie of ek hom kan so maak nie.

Ek weet nie of hy 'n blanke is, maar hy is baie wit.

Spesifieke vraagbysin

Ek weet nie hoe't my ma, my pa gekom het weer aan't tweede vrou nie.

Ek weet nie hoe groot ek is.

Ek weet nie wat ek vir jou kan sê nie.

Ek weet nie wat was hier die moeilikheid.

Ek weet nie wat ek soek nie.

Stelbysin

Party, baie van die ouens weet nie eens dat hy kan onnederdeur die dorp loop.

Die frekwente voorkoms van NIE₁ voor vraagbysinne het te make met die feit dat die invoer van die ontkeningsbywoord NIE₁ in die matrikssin daartoe lei dat nie 'n stelbysin nie, maar 'n vraagbysin gebruik word. NIE₁ dra 'n betekeniswaarde van onsekerheid/twyfel wat as voorwaarde dien vir die gebruik van vraagbysinne.⁵⁷

Soos by die substantiewiese voorwerpe, kan die optrede van bywoordelike bepalings ook daartoe lei dat die voorwerpsin (alhoewel sintakties binne die bereik van NIE₁) pragmaties-semanties buite die bereik van NIE₁ val. 'n Uiting soos (100), hieronder, word met die presupposisie gebruik dat die spreker ("ek") wel weet wat die mense se vanne is, maar dit net nie op die huidige oomblik ("nou") kan herroep nie:

(100) Ek weet nóú nie wat die mense se vanne is nie

3.1.2.2.2.2 Plasing van NIE₁ t.o.v. die indirekte voorwerp

In die ongemerkte negativeringstruktuur gaan die indirekte voorwerp (persoonsobjek) die direkte voorwerp (saakobjek) gewoonlik vooraf⁵⁸ met NIE₁ sowel as vir vóór die indirekte voorwerp. Vergelyk

Voornaamwoordelike indirekte voorwerp + direkte voorwerp

Maar jy het nie vir hom geld gevra nie.

(102) Ma wil nie vir ons koffie gee.

Ek vertel nie vir jou leuens, man, vandag nie.

Maar sy sê nie vir my nie - kyk soos sy nou die kinners kos gee - kyk ek gaan nou vir jou 'n stukkie brood en koffie gee.

... want pa het mos nie vir my gesê - ons was nog klein - hy gaan ander vrou vat nie.

Leksikale indirekte voorwerp + direkte voorwerp

Toe sê ek : En jy trou nie weer nie, sê ek, want ek wil nie vir Kiethie 'n anner pa hê nie.

Sowel die indirekte as die direkte voorwerp val dus sintakties en pragmaties-semanties bereik van ontkenning NIE₁ kan egter ook na regs verskuif word tot tussen die indirekte en direkte voorwerp om 'n stelliger/gemerkte negativeringstruktuur te lewer. Vergelyk

Ek wil vir daai kind nie 'n stiefpa hê nie.

Die gemerkte negativeringstruktuur in (107) resulteer in groter fokus vir die direkte voorwerp met die moontlikheid van implisiete kontrastering nie uitgesluit nie (i.e. nie 'n stiefpa pa nie, maar wel sy eie pa) Hoewel slegs die direkte voorwerp ('n stiefpa) sintakties binne die bereik van ontkenning val, bly beide voorwerpe egter pragmaties-semanties binne bereik daarvan

Dit kan egter ook gebeur dat die direkte voorwerp die indirekte voorwerp voorafgaan.

Vergelyk

En al trou sy (= die spreker se dogter) oek met 'n anner ien (een) ek sal nie vir hom (haar kind) vir 'n anner man gee⁵⁹ nie.

In voorbeeld (108) is dit ook moontlik om NIE₁ na regs te verskuif tot tussen die direkte en die indirekte voorwerp om 'n meer bepaald stelliger/gemerkte negativeringstruktuur tot gevolg te hê:

108 (a) ek sal (vir) hom nie vir 'n anner man gee nie.

Die verskuiwing van NIE₁ tot tussen die direkte en die indirekte voorwerp blyk egter nie in alle gevalle moontlik te wees nie. Vergelyk:

... want 'n anner man het nie die liefde vir daai kind⁶⁰ soes sy eie pa nie, nè.

109 (a) ... want 'n anner man het die liefde nie vir daai kind soes sy eie pa nie, nè.

Voorbeeld 109 (a) blyk 'n ongewone (en twyfelagtige) konstruksie te wees.

Dit is slegs wanneer die indirekte voorwerp (daai kind) vóór die direkte voorwerp (die liefde) geplaas word, dat NIE₁ verskuif kan word tot ná die indirekte voorwerp:

109 (b) ... want 'n anner man het vir daai kind nie die liefde soes sy eie pa nie, nè.

In hierdie gemerkte negativeringstruktuur verkry die direkte voorwerp (die liefde) groter nadruk.

3.1.2.2.2.3 Die optrede van NIE₁ by die setselvoorwerp

NIE₁ word slegs vóór setselvoorwerpe aangetref sodat die setselvoorwerpe sintakties en pragmaties-semanties binne die bereik van ontkenning val:

(110) Ek ken nie van dans nie.

Ek weet nie van sout of water.

Die man hou miskien nie van die kind of die kind hou nie van die pa nie.

In M.A. is daar ook 'n tendens om die setselvoorwerp te verskuif vanaf 'n posisie direk na die spilwerkwoord (soos in (110)-(112)) ná 'n sinseindposisie:

Ons het nie gewiet van "juffrou" of "meneer" of daai nie.

Ons het nie geken van daai nie

(115) Maar daai tyd toe' die mense nie gewiet van kieme nie.

Die vrou, die stiefvrou, ma van my, sy het nie gehou van my nie.

Hierdie verskuiwing na regs het tot gevolg dat die setselvoorwerp in voorbeelde (113)-(116) eindrelevering verkry

3.1.2.2.3 NIE₁ voor die kopulapredikaat

Die plasing van NIE₁ by die kopulapredikaat(e) is hoofsaaklik beperk tot slegs een

plasingsmoontlikheid, i.e. vóór die kopulapredikaat.

3.1.2.2.3.1 Adjektiwiese predikate

In die databasis is geen voorbeelde van ontkenningsuitings met oorganklike adjektiefstukke as predikaat opgespoor nie. Derhalwe word daar vervolgens slegs gekonsentreer op die plasing van NIE₁ in uitings met selfstandige en voorsetsel-adjektiefstukke as predikaatelemente.

(a) Selfstandige adjektiefstuk as kopulapredikaat

Die optrede van NIE₁ voor die selfstandige adjektief (x voorsetsel-adjektiewe) toon, blykens die databasis, 'n hoë gebruiksfrekwensie in M.A. Vergelyk:

(117) Ek is nie skaam nie.

Die ou man is nie bang nie.

Maar hier, ons straat, is tog nie rof nie.

Dis nie hoog nie.

(121) Ek kan nie wegtrek, my huis is nog nie klaar nie.

selfstandige adjektief val in voorbeelde (117)-(121) sintakties en pragmaties-semanties binne die bereik van ontkenning.

teenwoordigheid van graadbepalings (en vergelykende uitdrukkings/graadsinne) het egter tot gevolg dat die selfstandige adjektief pragmaties-semanties buite die bereik van ontkenning val. Vergelyk:

(122) Ek voel nou nie so gesond nie.

Ek is nie baie groot nie.

Ek was in die oggendsbiduur gewies, nou voel ek nie so lekker nie.

Maar daai man se verstand is vandag nie soe heller (= helder) - sal ek
maar sê - soos myne nie.

Toe's ons darem nie so oud soos ons nou is.

Bruinmense was nie so onnosel soos die wittes.

In voorbeelde (122)–(124) val die graadbepaling (so, baie) sowel as die adjektief en in (125)–(127) ook die vergelykende uitdrukking/graadsin sintakties binne die bereik van ontkenning. Pragmaties-semanties beskou, is dit egter slegs die graadbepaling(s) (en die vergelykende uitdrukking/graadsinne) wat deur NIE₁ bereik word. Voorbeelde (122)–(127) word naamlik gebruik met die volgende presupposisies:

Die spreker ("ek") voel gesond, maar nie so soos sy dit graag sou wou hê nie.

Die spreker is groot, maar nie veel/baie nie.

Die spreker voel "lekker", maar nie so soos sy dit graag sou wou hê nie.

"Die man" se verstand is helder, maar nie so soos die van die spreker ("myne") nie.

Die spreker(s) ("ons") was oud, maar nie so oud soos "nou" nie.

"Bruinmense" was onnosel, maar nie in die mate/graad waarin die "wittes" was nie - d.w.s. die "bruinmense" was slimmer as die "wittes".

Die teenwoordigheid van bywoordelike bepaling impliseer nie noodwendig dat die selfstandige adjektief pragmaties-semanties buite die bereik van ontkenning (gaan) val nie. Vergelyk:

(128) R ... Vleis in die pot gesit en die uiwe (= uie) geskil ... Ek skil 'n hele paar aartappels. Sy sê: Braai dit. Maar nou moet ek, nou moet ek die, ja, nou moet ek nou as die vleis nou bruin is dá moet ek nou bring na haar toe dat sy kan sien of dit reg is. So't ek geleer kos maak. Ek is nie vandag spyt nie. Ek ken dit. Ek het geleer. As 'n mens nie wil leer nie, meneer, dá ken jy niks ...

Uit die tekskonteks kan afgelei word dat die uiting "Ek is nie vandag spyt nie" nie gebruik word met die presupposisie dat die spreker ("ek") spyt is, maar nie vandag nie. Intendeel, die betekeniswaarde van die genoemde uiting is dat die spreker "nie spyt is nie". Die selfstandige adjektief spyt wat as kopulapredikaat funksioneer, val dus pragmaties-semanties (en sintakties) binne die bereik van ontkenning. Die optrede van die bywoordelike bepaling vandag het dus nie tot gevolg dat die adjektief spyt buite die pragmaties-semantiese bereik van ontkenning val nie.

(b) Voorsetsel-adjektiefstuk as kopulapredikaat

NIE₁ kan slegs vóór die voorsetsel-adjektief geplaas word sodat die

voorsetsel-adjektiefstuk (i.e. die voorsetsel-adjektief + die vaste voorsetselgroep/infinitiefsin) sintakties en pragmaties-semanties binne die bereik van ontkenning val. Vergelyk:

Stof en goed was nie goed vir sy bors nie.

Toe sê ek: Man, ek is nie lus om te gaan nie, maar ek sal maar vir my aantrek.

Die ou is toe nie tevrede met daai plek nie.

Sy't st.8 hier by my gemaak, toe's sy ook nie meer lus vir die skool nie.

Die optrede van bywoordelike bepalings voor die adjektiewiese predikaat kan tot gevolg hê dat die adjektiewiese predikaat buite die pragmaties-semantiese bereik van ontkenning val. Vergelyk:

(133) R: ... Ek was in die oggendbiduur gewies nou voel ek nie so lekker nie. Nou dink ek: Ek sit maar 'n bietjie. Ek is nie vanoggend lus om iets te doen nie. My kragte, jy wiet. Ek is nie siek lat ek nou dood, maar net ek voel nie lekker nie, my gestel nie - dis al ...

Uit die tekskonteks en tersaaklike gedeelde agtergrondskennis (o.m. dat die spreker/respondent nie 'n lui persoon is nie) blyk dit dat die uiting "Ek is nie vanoggend lus om iets te doen nie" nie gebruik word met die presupposisie dat sy (= spreker) nie lus het om iets te doen nie, maar slegs dat sy nie "vanoggend" goed/lus voel om iets te doen nie. Dit is 'n toestand wat slegs vir "vanoggend" geld en nie konstant

voorkom nie. Die genoemde uiting het dus o.m. die volgende betekeniswaarde, gesien binne sy pragmatiese konteks:

Die spreker het altyd/gewoonlik die lus/begeerte om te werk, maar weens haar liggaamlike ongesteldheid is dit nie "vanoggend" die geval nie.

Om hierdie rede blyk dit dat slegs die bywoordelike bepaling in bogenoemde uiting pragmaties-semanties deur ontkenning bereik word. Pragmatiese faktore is dus bepalend in die interpretasie van die "pragmaties-semantiese bereik van ontkenning"

3.1.2.2.3.2 Naamwoordelike predikate

Die databasis weerspieël dat NIE₁ slegs vóór naamwoordelike predikate van diverse vergestaltings geplaas kan word sodat die predikate dan sintakties en pragmaties-semanties binne die bereik van ontkenning val. Vergelyk:

(a) NIE₁ voor substantiewese predikate

(134) Dit was mos nie teerpaai en soe nie.

Hier was mos nie buste nie.

Hy sê dis nie 'n liewendige perd nie.

(b) NIE₁ voor predikatiewe komplekse NS^c met 'n voornaamwoord as kernnaamwoordstuk

(137) Nou toe kan die kind huis toe, daar's nie ietsie om hom te gee nie.

(138) Maar dit was nou nie baie om van te praat nie.

(c) NIE₁ voor 'n nominaalkonstruksie as predikaat

Daar moet nie 'n gewoelery wies nie.

(d) NIE₁ voor 'n NS+NS-konstruksie as predikaat

Maar dis nie 'n pakkie suiker nie.

Ten opsigte van ontkennde uitings met substantiwiese predikate (wat vergelykenderwys die hoogste gebruiksfrekwensie in M.A. geniet) dien die volgende tendense uitgewys te word:

(i) Die teenwoordigheid van betreklike bysinne en voorbepalende adjektiewe kan tot gevolg hê dat die substantiwiese predikaat pragmaties-semanties buite die bereik van ontkenning val. Vergelyk

(14) Dis mos nie lesse wat jy uit 'n boek uithaal nie.

(142) Dit was mos nie 'n groot stuk wat ek geskryf het nie.

In (141) val slegs die betreklike bysin wat jy uit 'n boek uithaal pragmaties-semanties binne die bereik van ontkenning - en nie die substantiwiese predikaat lesse nie, en wel in die lig van die volgende presupposisie:

Die saak onder bespreking is wel lesse, maar nie dié wat jy uit 'n boek haal nie.

In (142) word slegs die voorbepalende adjektief groot pragmaties-semanties bereik. Die uiting word naamlik gebruik met die presupposisie dat die spreker ("ek") wel 'n stuk geskryf het, maar die stuk was nie groot ("lank") nie.

- (ii) Substantiwiese predikaat kan voorafgegaan word deur 'n vir - voorsetselgroep waarvan die setselaanvulling as n tipe "meewerkende/ondervindende voorwerp"⁶¹ optree:

(143) So, dis nie vir my 'n probleem nie.

NIE₁ word dus in sulke gevalle voor die meewerkende voorwerp geplaas.

Die plasing van NIE₁ tussen die meewerkende voorwerp en die substantiwiese predikaat kan groter nadruk vir laasgenoemde tot gevolg hê. Slegs een geval van hierdie "gemerkte" variant is in die databasis gerealiseer:

(144) Daar was vir my kleingood nie amper klere om te dra nie.

Wanneer die meewerkende voorwerp (tesame met vir) agter geplaas word, is dit egter onmoontlik om NIE₁ tot tussen die substantiwiese predikaat en die meewerkende voorwerp te verskuif:

*/? Dis 'n probleem nie vir my nie.

Die onderstaande voorbeelde uit M.A. bevestig dat in sulke gevalle NIE_i slegs voor die substantiewiese predikaat geplaas kan word.

Hier is nie ruimte vir hom nie

146) Daar was amper nie kos vir ons om te eet nie.

(147) .. dan's daar nie eens 'n kossie vir die kind nie.

3. 2.2.3.3 Ander tipes predikate

Ontkennende uitings in M.A met ander tipes predikate herbevestig die algemene tendens om NIE_i vóór die predikaat te plaas sodat die predikaat sintakties en pragmaties-semanticies binne die bereik van ontkenning val. Vergelyk:

(a) NIE_i voor lokatiewe predikate

Dis dan nie by ons huis so nie.

(149) Toe ek hier kom, wou ek nie hier bly⁶² nie, want dit was so bitter stil

Hy is nie daar by hulle nie.

Nou ja, nou vandag gaan ek nie winkel toe nie.

(b) NIE_i voor tydsprekate

(152) Dit is nie in my tyd nie.

As jy saans daar kom, dan moet dit nou nie laat wees nie.

(c) NIE₁ voor sinspredikate

(154) Dis nie lat ek nou uit anner mense se monne uit praat nie.

(155) Malmesbury was nie soos dit vandag is nie.⁶³

3.1.2.2.4 Plasing van NIE₁ t.o.v. adjunkte

Betreffende die plasing van NIE₁ t.o.v. adjunkte, kan vier alternatiewe onderskei word:

- (a) die plasing van NIE₁ slegs na die adjunk(te),
- (b) die plasing van NIE₁ slegs voor die adjunk(te),
- (c) die plasing van NIE₁ sowel vóór as ná adjunkte met behoud van die betekeniswaarde van die sin,
- (d) die plasing van NIE₁ sowel vóór as ná adjunkte met 'n verskil in die betekeniswaarde van die sin

Teen die agtergrond van hierdie alternatiewe kom die plasing van NIE₁ t.o.v. verskillende adjunktipes vervolgens aan die orde

3.1.2.2.4.1 Plasing van NIE₁ t.o.v. tydsadjunkte

Die plasing van NIE₁ t.o.v. tydsadjunkte in M.A. weerspieël 'n redelike mate van variasie. Vergelyk:

- (a) NIE₁ vóór of ná tydsadjunkte, met behoud van die betekeniswaarde van die sin

In M.A. word ontkeningsuitings met NIE₁ vóór 'n tydsadjunk en dié ná 'n tydsadjunk vryelik afgewissel. Veral frekwent is uitings met die tydsbywoord

Vergelyk:

NIE₁ vóór tydsadjunkte

(156) Ek weet nie nou hoe nie.

Jy skink dit nie nou nie, lat dit eers trek.

Ek is nie vandag spyt nie.

Ek is nie vanoggend lus om iets te doen nie.

NIE₁ ná tydsadjunkte

(160) Ek voel nou nie so gesond nie.

(161) En toe't ons nou nie 'n leier nie.

Ek het nou nie 'n foto van hom nie.

(163) Verder, ek kan vandag nie loep nie.

(164) Kan ek nou nie sê nie.

(165) Kyk daai tyd het hy nie "geworry" met verkoop nie.

Op grond van hierdie vrye wisseling kan dit nie sonder meer aanvaar word dat gevalle soos (156)-(159) waar die tydsadjunk sintakties binne die bereik van val, noodwendig resulteer in groter nadruk vir die tydsadjunk nie. Die plasing van NIE₁ vóór of ná die tydsadjunk blyk dus geen betekenisverskil teweeg te bring nie.

(b) NIE_i slegs vóór tydsadjunkte

In ontkenningssuitings met frekwensiebywoorde en die NEG-geassosieerde vorm⁶⁴ meer tree NIE_i oënskynlik altyd vóór die tydsadjunk|op. Vergelyk:

(i) NIE_i voor frekwensiebywoorde

Hy roep my nie weer gou nie.

(167) Sy wil ook nie weer trou nie.

(168) Sy opstelle was nie altyd tot op datum nie.

(ii) NIE_i voor die NEG-geassosieerde vorm MEER⁶⁵

Nou kan ek nie meer vandag nie.

(170) Nee, ek kan nie meer so baie staan en loop nie.

(171) Sy kan nie meer onthou nie.

Toe sê hy vir my: Hierie Albie - hy't sulke wysheid gehad - hierie Albie kry nie meer seer nie.

Uitings met die NEG-geassosieerde vorm meer het, blykens die databasis, 'n relatief hoë gebruiksfrekwensie in M.A. Hierdie hoë frekwensie is te begrype, en wel in die lig van die volgende: Die respondente is gevra om oor hul verlede te praat en het gevolglik dikwels 'n saak/toestand/gebeure beskryf wat in die verlede gegeld het, maar wat teenwoordig "nie meer" van krag is nie.

(c) NIE_i slegs ná tydsadjunkte

Tydsadjunkte wat slegs vóór NIE_i optree, omsluit onder meer die NEG-geassosieerde vorm nog⁶⁶ en die tydsadjunk toe. Vergelyk:

(i) NIE₁ ná NOG

Hulle't nog nie 'n leier nie.

Ek is nog nie vrede nie, my kind

My huis is nog nie klaar nie.

(ii) NIE₁ na TOE

Ek het toe nie die tien rand nie.

(177) Wel toe, daai koor het toe nie weer 'n leier gekry nie.

(178) Baie van ons is toe weg en nuwe manne kan toe nie weer die dinge doen nie.

plasing van NIE₁ voor die tydsadjunk toe is heel ongewoon, alhoewel dit tog kan voorkom. Indien NIE₁ vóór die tydsadjunk toe optree, sal dit nie resulteer in 'n verskil in die betekeniswaarde van die sin nie.

(d) NIE₁ tussen twee tydsadjunkte

NIE₁ kan ook optree tussen twee opeenvolgende tydsadjunkte:

(179) Ek kan nou nie vandag vertel van alles nie, maar so 'n bietjie kan ek vertel.

Wel toe, daai koor het toe nie weer 'n leier gekry nie.

Dit wil voorkom of die tydsadjunkte wat in (179)-(180) vóór NIE₁ optree, nie binne die pragmaties-semantiese bereik van NIE₁ val nie.

3.1.2.2.4.2 Plasing van NIE₁ t.o.v. houdingsadjunkte

Ontkenningsuitings in M.A. waarin houdingsadjunkte⁶⁷ optree, weerspieël ontkenningsuitings met tydsadjunkte) diversiteit betreffende die plasing van NIE₁.

Vergelyk:

- (a) NIE₁ sowel vóór as ná houdingsadjunkte met behoud van die sin se semantiese waarde

In M.A. is dit gebruiklik om NIE₁ ná houdingsadjunkte soos miskien en amper te plaas:

(181) Die man hou miskien nie van die kind nie.

(182) Kyk, jy gesels nie iets wat kwaad is nie, maar nou wil daai een miskien nie hê jy moet gepraat het van hom nie.

(183) Daar was amper nie kos vir ons om te eet nie.

Afwisselend word NIE₁ egter ook vóór miskien en amper geplaas:

(184) Maar as hulle nou 'n brigade hier weer gestig het, ek sal nie miskien nou aansluit nie.

(185) Maar die hoender kan hy nie miskien nie nou verkoop (= verkoop).

(186) Daar was vir my kleingood nie amper klere om te dra nie.

Hierdie afwisselende gebruik om die houdingsadjunkte sintakties binne die bereik van NIE₁ te laat val, blyk egter nie groter nadruk vir die houdingsadjunkte tot gevolg te hê nie. Voorbeelde (184)-(186) ongrammaties aandoen) sou dus semanties identiek wees met hul sintaktiese teenhangers waarin NIE₁ (soos in (181)-(183)) na die houdingsadjunk geplaas

word.

Tot hierdie groep houdingsadjunkte kan ook die ontkeningsversagter⁶⁸ eintlik gereken word

So, ons het nie eintlik skool gekry nie, maar min skool gekry.

So, ken ek nie eintlik, jy wiet, die grond uit Malmesbury nie.

Indien NIE₁ in voorbeelde (187)-(188) ná die houdingsadjunk geplaas sou sou dit geen merkbare verskil in betekenis teweeg bring nie (vergelyk o.m. De Stadler, 1989:312 en Feinauer, 1987:180)

(b) NIE₁ Sowel vóór as ná die houdingsadjunk, met 'n verskil in die betekeniswaarde van die sin

Daar is 'n groep houdingsadjunkte wat 'n direkte korrelasie tussen die plasing van NIE₁ en betekenis reflekteer. Vergelyk:

Hulle het nie sommer rondgeloep nie.

Ons gaan = kan) nie sommer gelyk betaal het nie.

Hey moerskond, jy kan gooi, maar jy gooi net nie vir my raak nie.

Dit werk net nie uit nie

n Merkbare betekenisverskil kan waargeneem word, indien NIE₁ in voorbeelde (189) en (190) ná die houdingsadjunkte geplaas word. Die plasing

van NIE₁ vóór die houdingsadjunkte in voorbeelde 191) en (192) sal ook resulteer in 'n verskil in die betekeniswaarde van die sin(ne). Hierdie betekenisverskille hang eweneens saam met die pragmaties-semantiese bereik van NIE₁.

(c) NIE₁ Slegs ná die houdingsadjunk

Houdingsadjunkte wat slegs vóór NIE₁ optree, is o.m. die ontkeningsintensiveerder glad en die sinsbywoord darem.⁶⁹

(193) Maar ons het glad nie hier gebly nie.

Die een broer het ook al 'n spyker onner in die stam gekap, maar dit wil glad nie help nie.

Maar jy kan die Groepsgebiedewet glad nie gekeer het nie.

(196) Ek is darem nie alleen nie.

(197) Hy kan hier deurgaen, maar hy wil dit darem nie waag.

Woorde soos mos en tog wat hulself reeds aggressief gevestig het as sinsbywoorde, sou ook by hierdie groep houdingsadjunkte ingedeel kan word

(198) Dit was mos nie teerpaai en soe nie.

(199) Nou daai tyd se kinnere se mense wil mos nie hê nie die kinnere moet in die huis kom soes nou se kinnere wat inkom.

Maa kyk, e is mos nie r kind nie.

Ek sal tog nie "worry" met nog verkoop nie.

(d) NIE₁ : Slegs vóór die houdingsadjunk

Tot hierdie groep houdingsadjunkte word die sinsbywoorde eens (en eers)

gereken:⁷⁰

Maar ek sê maar net, hulle't nie eens plesier gehad nie.

(203) Jy kan nie eens 'n huis gebou het hier nie, man

dan's daar nie eens 'n kossie vir die kind nie.

Ek het nie eens gesien nie.

In Paarl, sal ek my nie eens so iets kan gekry het nie

3. 2.2.4.3 Plasing van NIE₁ t.o.v. versamelingsadjunkte

In M.A. funksioneer die sinsbywoord ook veral as versamelingsadjunk:

(207) Ek drink ook nie melk nie, ook nie baie suiker nie.

(208) Maar ek is mos ook nie 'n boorling van Malmesbury nie.

(209) Sy wil ook nie weer trou nie.

Dit blyk dat die versamelingsadjunk ook alreeds gevestig geraak het in dié optrede vóór NIE₁, sodat die plasing van NIE₁ vóór die versamelingsadjunk minder frekwent en ongewoon aandoen

3.1.2.2.5 NIE₁ in sinseindposisie

NIE₁ kan ook aan die sinseinde staan:

(210) Baie mense wiet (= weet) dit nie.

(211) Ek wiet nie.

(212) Maar baie mense van ons verstaan dit nie.

(213) Hy traak nie.

(214) Bedags slaap ek nie.

Hierdie voorbeelde uit M. A. dien ter bevestiging van die voorwaardes vir die optrede van NIE₁ aan die sinseinde, soos gepresiseer deur Barnes (1966:315). NIE₁ verskyn naamlik in die sinseindposisie in die volgende gevalle:

- (a) wanneer die sin net uit 'n onderwerp + 'n werkwoord in die teenwoordige tyd bestaan (vergelyk voorbeeld (211) en (213)),
- (b) wanneer die sin net uit 'n onderwerp + 'n werkwoord in die teenwoordige tyd + 'n voornaamwoord/selfstandige naamwoord as voorwerp bestaan (vergelyk voorbeelde (210) en (212)),
- (c) wanneer die sin met 'n bepaling as aanloop begin en 'n werkwoord in die teenwoordige tyd bevat (vergelyk voorbeeld (214)).

Die plasing van NIE₁ aan die sinseinde word ook by neweskikkende sinne aangetref:

(215) Sommige mense aanvaar jou, sommige aanvaar jou nie.

In (215) tree NIE₁ op aan die sinseinde van die tweede konjunk. In neweskikkende sinne is die bereik van NIE₁ beperk tot slegs die konjunk(te) waarin dit optree.

DIE PLASING VAN DIE ONTKENNINGSBYWOORD NOOIT

Die ontkeningsbywoord van tyd NOOIT⁷¹ is, wat plasing betref, beperk tot die werkwoordstuk. As sodanig tree dit soos volg op.

Selfstandig

'n Mens weet nooit nie

Voorafgegaan deur die NEG-geassosieerde vorm NOG

Ek was nog nooit in die dorp nie.

Gevolg deur die nadruksversterkende NEG-geassosieerde vorm OOI

(218) Ek sal nooit ooit van jou skinder nie.

Blykens die databasis toon die werkwoordstukposisies van NOOIT in M.A. sterk ooreenkomste met dié van NIE₁ (vergelyk 3 2.2). In M.A. word NOOIT naamlik soos volg geplaas:

(a) NOOIT altyd tussen 'n medewerkwoord en 'n hoofwerkwoord, en wel in die volgende gevalle:

(i) in onoorganklike werkwoordstukke

(219) Ek sal nooit steel nie.

(ii) in oorganklike werkwoordstukke met voorwerpsinne

(220) want jy sal nooit verstaan hoe tuis ons in die huis is

(221) Ek het nooit geweet dit sal ook my oorkom.

(b) NOOIT vóór of ná leksikale voorwerpe

(i) Vóór die leksikale voorwerp (= die ongemerkte negativeringstruktuur)

Maar oom Albie het nooit vir Samp verbygeloop nie.

Van my ouderdomsmense sal nooit so 'n gedagte gehad het nie.

(ii) Ná die leksikale voorwerp (= die stelliger/gemerkte variant)

Ek het Santie nog nooit verneuk nie.

Willempie sal so 'n ding nooit doen nie.

(c) NOOIT vóór of ná voornaamwoordelike voorwerpe:

(i) Ná die voornaamwoordelike voorwerp (= die ongemerkte negativeringstruktuur)

Ek sal dit nooit vergeet nie.

Nee, ek het dit nooit gehad nie.

(ii) Vóór die voornaamwoordelike voorwerp (= die stelliger/gemerkte variant)

Maar hulle twee het nooit mekaar afgestaan nie.

By daai plek kry jy nooit vir my nie.

(d) NOOIT altyd vóór kopulapredikate

(i) Vóór substantiewiese predikate

O hena, dit lyk my daar's nooit plek vir my nie.

Nee, hy was nog nooit 'n onderwyser nie.

(ii) Voor adjektiewiese predikate

Hulle was mos nou maar nooit reg nie.

Nee, ek is nooit alleen nie.

(iii) Voor lokatiewe predikate

(234) Ons was nooit by die huis gewies nie.

Ek was nog nooit in die dorp nie.

(236) Maar hulle't nooit sulke plekke toe gegaan nie.

(e) NOOIT voor of na adjunkte, maar meestal vóór:

(i) Voor ander tydsadjunkte

Hulle het nooit laat ingekom nie

Ek het nog nooit vroegoggend gebad nie.

(ii) Voor lokatiewe adjunkte

In daai tyd het ek nog nooit by anner mense gewerk nie.

Ek het nooit ooit by die kroeg rondgelê nie.

(iii) Voor houdingsadjunkte

Hulle't nooit eintlik mekaar afgestaan nie as ons personeelvergadering het

(f) NOOIT in die sinsaanloop, en wel ter wille van nadruk:

En nooit het ek ooit in my gedagte gehad om uit te tree.

(243) Ja, nooit ooit het ek vir Santie verneuk nie.

3.2 DIE OPTREDE VAN NEG₂ (= NIE₂)

NIE₂ kan in die sinseindposisie eksplisiet gerealiseer word of weggelaat word:

3.2.1 Die plasing van NIE₂ aan die sinseinde

NIE₂ word tipies in die eindposisie van sinne geplaas. Nader gepresiseer, tree NIE₂ op in die eindposisie van o.m. simplekse sinne, sinskonjunkte en bysinne. Waher (1983:698) konstateer in hierdie verband:

In simplekse sinne met 'n ontkenningwoord staan NIE₂ gewoonlik aan die einde van die sin; as 'n hoofsin 'n ontkenningwoord bevat, kom NIE₂ gewoonlik aan die einde van die komplekse sin; in 'n ingebede of bysin staan NIE₂ aan die einde van die bysin.

Hierdie plasingdiversiteit word ook in M.A. weerspieël. Vergelyk:

(a) NIE₂ in simplekse sinne

NIE₂ in die eindposisie van simplekse sinne sinjaleer die regterkantse grens van die sintaktiese bereik van ontkenning:⁷²

(244) Jy kan nie hier kom bly nie.

Nee, ek het hom toe niks geld gevra nie.

'n Mens weet nooit nie.

(b) NIE₂ in komplekse sinne

NIE₂ tree op in die eindposisie van komplekse sinne, ongeag of die bysin op die hoofsin volg of dit voorafgaan:

(i) hoofsin + bysin

(247) Ek weet mos nie wat die mense se vanne is nie.

(248) Ek weet nie wat ek hom daai dag gesê het nie.

(249) Ek wil nie vir die ounooi sê ek het nou al geiet (= geëet) by die ounooi nie.

(ii) bysin + hoofsin

(250) As ons bymekaar kom, het ons nie anner gesels nie.

(c) NIE₂ in bysinne

Wanneer slegs die bysin (en nie die hoofsin nie) genegativeer word, word NIE₂ aan die einde van die bysin geplaas ten einde die regterkantse grens van die bereik van ontkenning aan te dui. Vergelyk:

Al wil jy nie hê nie, hulle sit in

(252) As hy jou nie slaan nie, dan vloek hy jou of hy daag jou uit vir 'n vuisgeveg.

(253) As 'n mens nie wil nie, meneer, da' ken jy niks.

(254) Hy kom partykeers as hy nou nie biesig (= besig) is nie.

Dis nou 'n jaar rug dat ek nou nie daar gewies het nie.

(d) NIE₂ in neweskikkende konstruksies

Wanneer slegs een van die konjunkte in neweskikkende sinne genegatieweer word, sinjaleer NIE₂ die regterkantse grens van die bereik van ontkenning in die betrokke konjunk

Hy kon nie die gewone boek lees nie, maar hy kan die Bybel lees.

Vandag kan ek jou gee, annerdag kan ek nie vir jou gee nie.

(258) My galpilletjies is hier binne, maar ek drink nie koffie nie.

(259) Deesdae sê mos nie "tripens" nie; deesdae sê ons mos "drie oulap", "drie sent".

Wanneer beide sinskonjunkte genegatieweer word, word NIE₂ aan die einde van elke konjunk geplaas:

(260) Ek gaan nie versmaai nie, want ek kry nie kos by die huis nie.

(261) Ek drink ook nie melk nie; ook nie baie suiker nie.

(262) Nou ja, en so't ek maar, ek het nou geleer spaar, maar suinig was ek nooit gewies nie, want my pa was nie 'n suinige man nie.

NIE₂ wat, soos hierbo aangedui, in die eindposisie van simplekse sinne, sinskonjunkte en bysinne geplaas word, het wesenlik geen intrinsieke semantiese waarde nie.

Terwyl ontkenning deur NIE₁ teweeggebring word, het NIE₂ meer bepaald 'n ritmiese en psigologiese (afrondings-) funksie. Hierdie psigologiese funksie van NIE₂ belig

Nienaber (1965:27) soos volg:

... Die spreker voel dat die ontkenning nou afgelope is en die herhaling van die partikel geskied om die negatief-gekleurde sin of sinsdeel af te rond.

In bepaalde gevalle kan NIE₂ egter in medewerking met NIE₁ daartoe bydra om bepaalde konstituente sintakties af te baken en hulle sodoende in aandagfokus te bring. In hierdie verband wys Nienaber (1965:28) daarop dat NIE₂ nie net na buitentoe afsluit nie, maar dat dit ook na binnetoe kan saamsmelt om 'n bepaalde ontkenningselemente saam te snoer en deur sy omringing af te baken

Hierdie afbakenings- en/of fokuseringsfunksie blyk o.m. uit die gebruik in M.A. om NIE₂ in die geval van sinne met hoof- en bysinne soos volg te plaas:

(i) Aan die einde van die hoofsin (d.w.s. voor die bysin):

Daai tyd se kinnere se mense wil mos nie hê nie die kinnere moet in die huis kom soos nou se kinnere wat inkom.

(ii) Aan die einde van sowel die hoof- as die bysin:

Ek kan nie sê nie ek is afhanklik van die kinnere nie.

In hierdie voorbeelde resulteer die atipiese plasing en/of herhaling van NIE₂ (en wel in medewerking met NIE₁) in groter fokus op die hoofwerkwoord in die hoofsin (hê, sê) maar ook (en veral) op die voorwerpsin (die kinnere moet in die huis kom ..., ek is afhanklik van die kinnere)

3.2.2 Die weglating van NIE₂

NIE₂ het geen intrinsieke semantiese inhoud wat deur sy weglating verlore sou gaan nie⁷³ en daarom kan dit so maklik weggelaat word:

(265) Bruinmense was nie so onnosel soos die wittes

- Ma wil nie vir ons koffie gee
- (267) Ek weet nie hoe groot ek is
- (268) Ek weet nie van sout of water
- Ek kan nie nou nog honger wees

Hierdie weggelate NIE₂ word getipeer as die elliptiese NIE₂.

In M.A. word geen vaste reëlmaat t.o.v. die weglating van NIE₂ weerspieël nie. Dié weglating van NIE₂ kom (tot 'n groot mate) arbitrêr voor en varieer van spreker tot spreker.

In die omgangstaal is daar gevalle waar NIE₂ wel voorkom, maar nie duidelik hoorbaar is nie. Hierdie optrede van NIE₂ word beskryf met die term "half-elliptiese NIE₂". Nienaber (1965:29) wys ook op dié tipe optrede van NIE₂ wanneer hy aanvoer dat in Afrikaans die slot nie kort en sag, in 'n afnemende toon uitgespreek word, en wel in ooreenstemming met sy afrondende funksie. In die onderstaande voorbeelde uit M.A. is NIE₂ tydens die gespreksituasie met 'n sag en afnemende toon uitgespreek:

- Maar die anner ene, hy wil ook nie geleer het Λ .
- (271) Jy wil mos nie gedoen het Λ .
- (272) Ek sit binne drie maande hier, toe sal jy nou nie sê daar is sulke verskille tussen die hoof en die personeel Λ .
- (273) My ouers het nie die veldienste gehad Λ

Soos by die elliptiese NIE₂, word die half-elliptiese NIE₂ eksklusief deur die spreker(s) self bepaal en varieer dit van spreker tot spreker. Sommige sprekers kan van die half-elliptiese NIE₂ meer geredelik gebruik maak in uitgebreide sinne, terwyl dit by ander sprekers selfs in eenvoudige simplekse sinne kan voorkom.

Die half-elliptiese NIE₂ en elliptiese NIE₂ is - vir sover dit M.A. aangaan - eksklusief 'n sprekersgebonde of -afhanklike verskynsel. Voorts het die gevalle sonder NIE₂ in M.A. 'n heelwat laer gebruiksfrekwensie as dié waarin NIE₂ wel gerealiseer word.

3.3 SAMEVATTING

Soos in Afrikaans in die algemeen, word ontkennende sinne in M.A. gekenmerk deur die aanwesigheid van (a) NEG-vorme/NEG₁-vorme (= negatief 1) wat deur verskeie vorme/partikels verteenwoordig word en in die eerste deel van die sin staan en (b) NEG₂ (= negatief 2) oftewel eind-NIE/slot-NIE wat teen die einde van die sin geposisioneer word:

Hy gaan NIE (NEG₁) kom NIE (NEG₂)

Die NEG₁-vorme in M.A. wat NEG-inkorporasievorme omsluit, weerspieël die volgende tendense t.o.v. vergestaltung, plasing en gebruiksvoorkeur:

- (a) Die NEG-inkorporasievorme niks en geen tree veral op as voorbepalings by substantiewe wat óf as voorwerpe (vergelyk 3.1.1.1.2) óf as kopulapredikate (vergelyk 3.1.1.1.3) diens doen. Niks geniet voorkeur bo geen/g'n, veral as

voorbepaling by meervoudige soortnaamwoorde, massanaamwoorde en substantiewe wat óf soortnaamwoordelik óf massanaamwoordelik gebruik word (vergelyk 3.1.1.1.4).

- (b) Onder die voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorme is dit veral niemand en niks wat voorkeur geniet. Terwyl niemand in hoofsaak slegs as onderwerp funksioneer (vergelyk 3.1.1.2.1), word niks o.m. as voorwerp (vergelyk 3.1.2.2.1) en as kern-naamwoordstuk (vergelyk 3.1.2.2.2) ingespan
- (c) Die ontkeningsbywoord NIE₁ verskyn tipies in die werkwoordstuk net na die spilwerkwoord (vergelyk 3.1.2.2), en tree ook op as sintaktiese insetelement ter wille van sinsdeel- en sinsnegasie (vergelyk 3.1.2.1). Die optrede van NIE₁ as werkwoordstukverbonde element toon o.m. die volgende kenmerke:
- (i) NIE₁ kan tussen twee opeenvolgende werkwoorde geplaas word (vergelyk 3.1.2.2.1).
- (ii) NIE₁ word tipies vóór direkte voorwerpe geplaas, maar ook daarná. Hierdie alternering t.o.v. plasing word in 'n groot mate gerig deur die semantiese aard van substantiewiese direkte voorwerpe (vergelyk 3.1.2.2.2.1 (b) (i), (ii) en (iii)). Voorts word NIE₁ bykans uitsluitlik vóór voorwerpsinne (3.1.2.2.2 (c)), setselvoorwerpe (3.1.2.2.2.3) en kopulapredikate (3.1.2.2.3) geplaas.

- (iii) Die plasing van NIE₁ vóór of ná adjunkte (veral tyds- en houdingsadjunkte) word vryelik afgewissel (vergelyk 3.1.2.2.4.1 en 3.1.2.2.4.2).

Die plasing van NIE₁ vóór of ná direkte voorwerpe, indirekte voorwerpe, setselvoorwerpe, kopulapredikate en adjunkte (sowel as die aanwesigheid van gegewe elemente) het belangrike implikasies vir die sintaktiese en pragmatiese semantiese bereik van ontkenning.

- (d) Die werkwoordstuk-posisies van die ontkenningsbywoord van tyd NOOIT toon sterk ooreenkomste met dié van NIE₁. NOOIT tree naamlik op tussen 'n medewerkwoord en 'n hoofwerkwoord, vóór of ná leksikale en voornaamwoordelike voorwerpe, slegs vóór kopulapredikate en vóór of ná adjunkte (vergelyk 3.1.3).

NEG₂ kan in die sinseindposisie eksplisiet gerealiseer of weggelaat word. As eksplisiet gerealiseerde element tree NIE₂ op in die eindposisie van o.m. simplekse sinne, sinskonjunkte en bysinne (vergelyk 3.2.1). Wat die weglating van NIE₂ betref, word onderskei tussen die half-elliptiese NIE₂ en die elliptiese NIE₂ (vergelyk 3.2.2). Ontkenningsuitings sonder NIE₂ het in M.A. 'n heelwat laer gebruiksfrekwensie as dié waarin NIE₂ wel gerealiseer word.

AANVULLENDE NOTE

1. Vergelyk De Villiers (1983:205).
2. Sien hieroor o.m. Nienaber (1965:29) en Ponelis (1979:371, 1989:334).
3. Betekenisvolle werke in verband met die verhouding semantiek en pragmatiek is o.m. Van Dijk (1971:31; 1986:20-25, 34-35), Levinson (1983:1, 12-14), Jackendoff (1983:208-209), Fillmore (1981:143-144) en Yule (1985:91, 97).
4. Vergelyk in hierdie verband Ponelis (1979:373-375)
5. Vergelyk Ponelis (1979:374).
6. In hierdie studie word sover moontlik 'n verband gelê tussen 'n negatiewe sin en sy positiewe korrelaat. Die negatiewe sin kan dan beskou word as die gemarkeerde variant van die positiewe korrelaat (vergelyk o.m. Givon, 1978:90-102 en Ponelis, 1979:372).
7. Die term "negative subject" (= negatiewe onderwerp) word deur Quirk et al. (1972:378) gebruik.
8. Die begrippe onderwerp/subjek en sinstopiek kan nie sonder meer as wissel terme beskou word nie. Alhoewel die subjek hoofsaaklik as sinstopiek funksioneer, is dit nie altyd die geval nie. 'n Verdere onderskeid word ook

getref tussen die begrippe sinstopiek en diskoerstopiek. Volgens Li en Thompson (1976:464-466) is die sinstopiek "the centre of attention of the sentence", terwyl die diskoerstopiek "the centre of attention of a particular discourse" is. Onder diskoerstopiek word verstaan "a proposition (or set of propositions) expressing a concern (or set of concerns) the speaker is addressing" (Keenan en Schieffelin, 1976:343). In die mate waarin die sinstopiek deel uitmaak van die proposisie (= diskoerstopiek), sal die sinstopiek as 'n diskoersentiteit beskryf word.

Vir verdere inligting m.b.t. die verband tussen onderwerp en sinstopiek sien o.m. Kuno (1987:16), Van Dijk (1977:115-116), Gundel (1977:16-17, 30-32), Stute (1986:17-19), Givon (1976:154, 1979a:209-211, 1979b: 83-85, 1983:5-7), Dik (1989:16-17, 216-217), Chafe (1976:49) en Keenan (1976:318).

Vir verdere besprekings m.b.t. die begrippe sinstopiek (ook bekend as tema) en diskoerstopiek sien o.m. De Beaugrande en Dressler (1981:88, 189), Dik (1980:3-4), Venneman (1975:317), Van Dijk (1977:50, 14-115, 118-121, 132-136; 1981: 79-192), Brown en Yule (1983:126-133, 135-138), Hendricks (1988:20) en Quirk et al. (1972:945).

9. Sien hieroor o.m. Li en Thompson (1976:461), Givon (1976:154), Dik (1989:217), Venneman (1975:316) en Carstens (1984:154-156).

10. Vergelyk in hierdie verband die standpunt van Chafe (1976:39):

Noun phrases I (the speaker) think you already know
and can identify the particular referent I have in mind.
(My invoeging.)

Vir verdere inligting m.b.t. die begrip ou/bekende inligting sien o.m. Givon (1979b:26, 28; 1989:208-209), Sgall (1975:297, 303-305), Van Jaarsveld (1982:362), Brown en Yule (1983:169-174, 179-180), Hendricks (1988:21-25), Carstens (1984:22, 27-28, 151-153), Prince (1981:226-232, 236-237), Kuno (1976:283) en Quirk et al. (1972:940-958).

11. Vergelyk o.m. Ponelis (1979:19, 26) en Quirk en Greenbaum (1973:68) m.b.t. die generiese verwysing van naamwoorde.

12. Keenan en Schieffelin (1976:346) konstateer in hierdie verband:

Speakers often draw discourse topics from the dialogue
as it proceeds. They base their discourse topic on some
proposition (or set of propositions) that has been
produced in the course of the conversation.

13. Volgens Keenan en Schieffelin (1976:346) is 'n "collaborating discourse topic" 'n topiek wat ooreenstem met dié van 'n voorafgaande uiting.

14. Alle elemente wat regs van 'n gegewe NEG-vorm staan, val gewoonlik binne die sintaktiese bereik daarvan:

The scope of negation consists of everything commanded by the negative morpheme and to its right (Jackendoff, 1972:349).

en

The scope of negation normally extends from the negative word itself to the end of the clause (Quirk et al., 1972:381).

- 15 Vergelyk Givon 1978:79-87)
- 16 Nog tree hier op as 'n NEG-geassosieerde vorm. NEG-geassosieerde vorme word in 3.1.2.2.4. (c) bespreek. Sien hieroor ook o.m. Ponelis (1979:370)
17. Kraak en Klooster (1968:98-103) kategoriseer die voorbepaling geen as 'n onbepaalde lidwoord. In die woorde van Overdiep gestel:

Het onbepaald-lidwoord staat alleen bij enkelv. woorden. Het meervoud zonder lidwoord omvat een onbepaald getal. Er is wél een meervoudig onbepaald "lidwoord" nl. het negatiewe "geen" (aangehaal deur Kraak en Klooster, 1968:103).

Terwyl Kraak en Klooster die status van onbepaalde lidwoord slegs aan geen toedig, word in die studie ook geargumenteer vir die kategorisering van niks as onbepaalde lidwoord

18. Ponelis (1968:29, 86; 1979:132-133) klassifiseer die NEG-inkorporasievorme geen en niks (ook) as onbepaalde telwoorde

19. Daar bestaan 'n duidelike verband tussen onbepaalde lidwoorde en onbepaalde kwantors/telwoorde. De Stadler (1982:8-21) wys daarop dat die onbepaalde lidwoord 'n en die zero-lidwoord ook kwantorstatus/telwoordstatus Dienooreenkomstig behoort geen/g'n en niks as negatiewe teenhangers van die onbepaalde lidwoord 'n en die zero-lidwoord dan ook bestempel te word "kwantordetermineerders" i.e. elemente (determineerders) met kwantor-/telwoordstatus.

Vergelyk in hierdie verband ook Kraak en Klooster (1968:98-100), Quirk et al. (1972:128, 159-160) en Ponelis (1979:124).

20. Vergelyk in hierdie verband o.m. Chafe (1976:30), Keenan en Schieffelin (1976:337), Halliday en Hasan (1976:69), Quirk et al (1972:940), (1975:305), Kuno (1976:283; 1987:14, 275), Brown en Yule (1983:169, 182), Prince (1981:235-236), Van Jaarsveld (1982:362), Carstens (1984:149-150) en Hendricks (1988:22-23).

21. Vergeiyk in hierdie verband die uitspraak van Chafe (1976:49):

The so-called topic is simply a focus of contrast that has for some reason been placed ... at the beginning of the sentence.

22. Onder "inligtingsfokus" word die volgende verstaan.

The focus, signaled by the nucleus, indicates where the new information lies (Quirk et al., 1972:408).

Palková en Palek (1976:214-215) wys ook daarop dat nuwe inligting 'n hoë graad van kommunikatiewe dinamika ("communicative dynamism") het.

Vir verdere inligting, sien o.m. Burgess (1986:29), Van Dijk (1977:118), Lyons (1977:509) en Kuno (1987:275).

23. Onder "herwinbare inligting" word verstaan inligting wat bekend is aan die gespreksgenote. Vir verdere inligting in hierdie verband, raadpleeg die bronne by voetnoot 10.
24. Onder die begrip "question of immediate concern" word verstaan "the question (or set of questions) an utterance is a response to" (Keenan en Schieffelin, 1976:344). Vergelyk verder Keenan en Schieffelin (1976:344-345 en 360-361).
25. Raadpleeg Prince (1981:235) en Hendricks (1988:22) m.b.t. die begrip heeltemal nuut.
26. Die setselgroep tussen ons en die witmense wat in voorbeeld (12) as plekbepaling funksioneer, tree op as komplement by die naamwoordelike predikaat niks verskil. Vergelyk Botha (1975:733-76) in hierdie verband.
27. Sien hieroor o.m. Li en Thompson (1976:467-468), Du Plessis (1977:234-245) en Quirk et al. (1972:98).

28. Vergelyk in hierdie verband Givon (1990:741-745) se beskrywing van eksistensiële konstruksies as "gemarkerde topiek-konstruksies".

Die term konstituent-negasie is ontleen aan Klima (1964:307). Onder konstituent-negasie word verstaan dat slegs sekere konstituente in die sin binne die bereik van ontkenning val

Die begrip word bespreek in 4.1 , en in die besonder voetnoot 10 (van hoofstuk 4).

31. Quirk en Greenbaum (1973:108) bestempel nobody en nothing (i.e. die Engelse ekwivalente van niemand en niks) as "partitive pronouns". Vergelyk 3.1 .2.2 vir die gebruik van niks in 'n partitiewe betekenis.

32. Givon (1978:71-79) beweer in dié verband:

Negative sentences are not used in discourse to introduce new arguments (i.e. indefinites), but rather are used in contexts in which the referential arguments have already been introduced in the preceding context.

Hierdie uitspraak is ook van toepassing op die voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorm niks wat as voorwerp optree.

33. Brown en Yule (1983:215) beskryf die term "pragmaties-beheerde anafoor" soos volg:

In this sense, "anaphora" covers any expression which the speaker uses in referring on the basis of which the hearer will be able to pick out the intended referent given certain contextual and cotextual considerations.

Vergelyk in hierdie verband ook Carstens (1984:161-167) en Grimes (1975:289-290) Grimes (1975:289) se begrip situasionele anaforiek (x tekstuele anaforiek) toon ooreenkomste met die konsep "pragmaties-beheerde anafore"

34 Die term geheelbetekenis word hier geskep - by gebrek aan 'n beter term - as teenoorgestelde vir die konsep partitiewe waarde/betekenis.

35 Die term "spilwerkwoord" (wat hier in navolging van Ponelis (1989) gebruik word), is ekwivalent aan die term "persoonsvorm" waaronder Kraak (1966:120) die volgende verstaan:

(Die persoonsvorm) bestaan uit Vaux (= hulpwerkwoord) indien dat element optreedt, anders uit Verb (= hoofwerkwoord), plus in beide gevalle een gesuffigeerd Tempus. (My invoegings.)

36. Klima (1964:298) wys daarop dat die oorspronklike posisie van die NEG (= NIE₁) "appears to be one of the following : (a) before the Predicate ... i.e. pre-Predicate position or (b) before the whole declarative clause ... i.e. pre-Sentential position

37. Ponelis (1979:336) beskryf ook konstruksies met gelede, laas en (van-)tevore as "adjektiefagtig".
38. De Stadler (1989:295) wys ook op die fokuserende aard van NIE₁, wanneer hy aanvoer dat voorbeelde soos NIE sillabes speel 'n groot rol "gekenmerk word deur 'n sterker fokus op die onderwerp".
39. Sien hieroor o.m. Van Schoor (1983:342).
40. Vergelyk Van Jaarsveld (1982:307-309, 365) m.b.t. die begrip taalhandeling.
- 4 Klima (1964:256) konstateer in hierdie verband:

The particle not or so is placed after the AUX(iliary), if the sentence contains such an element, or after Tense-be, otherwise after Tense alone.

Vir verdere inligting in verband met die plasing van NIE₁ na die spilwerkwoord, sien o.m. Ponelis (1979:514, 542), Van Schoor (1983:337) en Kraak (1966:120)

42. Vergelyk o.m. De Stadler (1989:308) en Botha (1985:208).
43. Vergelyk De Stadler (1989:308)

44. Dié verskillende plasingsmoontlikhede van NIE₁ is grootliks gebaseer op die kategorie-indeling van Waher (1978:133) m.b.t. negativering by bywoordelike bepalings. Waher onderskei dan t.o.v. negativering drie kategorieë bywoordelike bepalings:

- (a) dié wat voor die eerste nie of na die tweede nie optree, d.w.s. die groep wat (sintakties) buite die bereik van negativering val;
- (b) dié wat na die eerste nie of voor die tweede nie optree, d.w.s. die groep wat altyd (sintakties) binne die bereik van die negativering val;
- (c) dié wat voor die eerste nie of na die tweede nie optree, of na die eerste nie en voor die tweede nie, d.w.s. die groep wat binne/buite die bereik van negativering kan val

Addisioneel tot hierdie verskillende plasingsmoontlikhede van NIE₁, word in die studie ook die semantiese komponent bygebring (vergelyk 3.1.2.2.2 en 3.1.2.2.4)

45. Sien hieroor o.m. Ponelis (1979:205) en Raïdt (1969:48, 1979:93-97).

46. Uit standaardtaal-voorbeelde blyk hierdie "ongemerkte" optrede van NIE₁ ook duidelik. In die gevalle/voorbeelde waar NIE₁ in verbinding met die voornaamwoordelike voornaamwoord dit optree, kom dit slegs ná die

voornaamwoordelike voorwerp voor. Vir standaardtaal-voorbeelde m.b.t. die optrede van die voornaamwoordelike voorwerp ná NIE₁, sien o.m. Van Schoor (1983:338), Barnes (1966:136), Bouman en Pienaar (1933:153), Du Toit (1982:147) en De Klerk et al. (1975:386).

47. Vir voorbeelde van hierdie klas voornaamwoordelike voorwerpe, raadpleeg De Stadler (1989:298-299), voorbeeldgroep 93(b)-(d).

48. Raadpleeg De Stadler (1982:53-61) m.b.t. die begrip "onbepaalde kwantore".

49. De Stadler (1989:297) konstateer in hierdie verband:

... Konstruksies met die onbepaalde direkte voorwerp sintakties buite die bereik van die negativering (bly) 'n ongewone konstruksie wat selde aangetref word en dan net onder besondere omstandighede. (My invoeging.)

50. In die voorbeeld tree 'n komplekse NS op as direkte voorwerp. Die betekenis van die van -voorsetselgroep wat as nabepaling optree, loop parallel met dié van die genitiefsvorm. Om hierdie rede kan die komplekse NS : 'n foto van hom ook omgeskakel word in 'n simplekse NS : sy foto met behoud van die sin se betekeniswaarde. Die voorsetsel van tree dus hier op as die kasusaanduiding van die genitief. Vergelyk in hierdie verband Ponelis (1979:151-152), Van Schoor (1983:27) en Franck (1979:18).

51. Die lokatiewe setselgroepe in (79)-(83) blyk komplemente by oorganklike werkwoorde te wees - en nie soseer adjunkte nie.

M.A. weerspieël ook hierdie tendense m.b.t. tydsuitdrukkings wat saam met onbepaalde substantiewiese voorwerpe optree. Hierdie gegewe word egter nie bespreek nie.

Die bywoord hier in voorbeeld (87) moet gekonsipieer word as 'n nabepaling met die betreklike konstruksie as bron: wat ek hier het, en wel in oorleg met die volgende sprekersbetekenis:

Die spreker wil nie sy besigheid wat hy in Malmesbury besit, opgee nie.

54. Met betrekking tot NIE, by gekwantifiseerde vorme/NS^c, raadpleeg o.m. Jackendoff (1972:326-333), Klima (1964:276-280, 283-284), Kraak (1966:132-138), Smith (1974:29-80), Jespersen (1924:325-326), De Stadler (1989:300-304) en Ponelis (1979:514)
55. Die voorbepaling einatjie tree hier op in die gewaad van 'n "adjektiwiese" gekwantifiseerde NS en word dienooreenkomstig beskryf. Einatjie het hier die betekenis van min en kan deur laasgenoemde adjektiwiese telwoorde/kwantors vervang word met behoud van die sin se oorspronklike betekeniswaarde. Sien o.m. De Stadler (1982:58-59) m.b.t. "adjektiwiese" kwantore.
56. Vergelyk in hierdie verband De Stadler (1989:302)

57. Vergelyk in hierdie verband Ponelis (1979:448).
58. Oor die volgorde persoonsoobjek + saakobjek, sien o.m. Raïdt (1969:33, 36), Feinauer (1987:107), Bosman (1992:63) en Quirk et al. (1972:37).
59. Konstruksies met meer as een persoonsoobjek is redelik gekompliseerd. Volgens Bosman (1992:65) tree die voorsetsel vir in sulke gevalle op om aan te dui wie die objek van die handeling is. Voorbeeld (108) is egter meer gekompliseerd vanweë die dubbele optrede van die voorsetsel vir. Met inagneming van die problematiese aard van voorbeeld (108) word die vorm (vir) hom (die kind) as die direkte voorwerp beskou met (vir) 'n anner man as die indirekte voorwerp, en wel om die volgende rede(s):

In voorbeeld (108) funksioneer "'n anner man" as die ontvanger (i.e. die objek waarop die handeling oorgaan) terwyl "hom" (= die kind) wat die handeling passief ondergaan, as die direkte voorwerp beskou word - vergelyk o.m. Van Schoor (1983:24), Quirk et al. (1972:37) en Bosman (1992:65-66).

60. Voorbeeld (109) verskil van voorbeelde (101)-(107) in een belangrike opsig:

Die optrede van vir by die indirekte voorwerpe in voorbeeld (109) is verpligtend en kan dus nie weggelaat word nie. In voorbeelde (101)-(107), daarenteen, is die voorkoms van die voorsetsel vir by die indirekte voorwerpe fakultatief, en kan dit dus deur veranderinge in die woordvolgorde weggelaat

word. Indien NIE₁ in voorbeelde (101)-(107) tot ná die indirekte voorwerp verplaas word, kan vir by die indirekte voorwerp weggelaat word. Dit is egter nie die geval by voorbeeld (109) nie, d.w.s. 'n verandering in die woordvolgorde resulteer nie in die weglating van die voorsetsel vir by die indirekte voorwerp nie. Vergelyk:

109(c) *... want 'n anner man het daai kind nie die liefde soes sy eie pa nie, nè.

Om hierdie rede word dié indirekte voorwerpe wat (ongeag woordvolgorde=veranderinge) nie sonder die voorsetsel vir kan optree nie, beskryf as preposisionele indirekte voorwerpe met verpligte vir.

Hierdie beskouing van die verpligte of fakultatiewe vir by indirekte voorwerpe verskil van die meer algemene opvattinge hieroor. Vergelyk o.m. Raïdt (1969:36-39, 1979:72-73), Bosman (1992:62-66) en Feinauer (1987:108-114) m.b.t. die verpligte of fakultatiewe vir by indirekte voorwerpe.

- 61 Die "ondervindende voorwerp" verskaf slegs die perspektief waaruit die substantiwiese predikaat gesien moet word. Dit is dus nie vreemd dat Ponelis (1979:223) na die "ondervindende voorwerp" verwys as die "perspektiwiese voorsetselgroep" nie. Die "ondervindende voorwerp" (of perspektiwiese voorsetselgroepe) in voorbeelde (143)-(147) val pragmaties-semanties buite die bereik van NIE₁, en wel op grond van hul perspektiwiese waarde/funksie.

62 Oor die status van die hoofwerkwoorde bly, kom en gaan bestaan daar uiteenlopende standpunte. Enersyds word dit as onoorganklike werkwoorde beskryf (vergelyk o.m. Senekal et al., 1972:116) en andersyds as 'n kopula (vergelyk o.m. Ponelis, 1979:225; 1989:304). Laasgenoemde word hier as uitgangspunt aanvaar.

63 Die sintaktiese funksie van vergelykingsinne/vergelykende uitdrukkings doen problematies aan. Quirk et al. (1972:777) konstateer in hierdie verband.

The question of the function of the comparative clause within the sentence is problematic, and for that reason has been avoided up to this point.

In voorbeeld (155) "gedra" die vergelykende uitdrukking "hom" soos 'n predikaatsin en word dienooreenkomstig gekategoriseer.

64 Onder NEG-geassosieerde vorme/irrealisvorme word verstaan vorme wat beperk is tot negatiewe sinne (vergelyk o.m. Ponelis, 1979:131, 370).

65 Die NEG-geassosieerde vorm meer (in nie meer) in voorbeelde (169)-(172) word as 'n tydsadjunk beskou en wel om die volgende redes:

(a) Meer (in nie meer) is wesenlik die negatiewe pendant van die positiewe vorm nog:

Negatief

Positief

(171) Sy kan nie meer onthou nie. 171(a) Sy kan nog onthou.

Aangesien nog in die algemeen as tydsadjunk bestempel word (vergelyk o.m. Ponelis, 1968:26; 1979:370) kan aan meer (in nie meer) derhalwe ook die status van tydsadjunk toegedig word.

Die NEG-geassosieerde vorm meer (in nie meer) ondervang 'n betekenis wat o.m. op "herhaling" dui. In die voorbeelde (169)-(172) impliseer die optrede van nie meer dat 'n bepaalde saak/referent (wat onder bespreking is) in die verlede gereeld voorgekom het, maar dat dit nou "nie meer" die geval is nie. Die tydspan wat dus deur die NEG-geassosieerde vorm meer gedek word, is terugwerkend van aard, d.w.s. die tydspan strek van vroeër tot nou (= die huidige). Gesien binne sy semantiese raamwerk/verwysingsveld, is die beskrywing van meer (in nie meer) as 'n frekwensie-adjunk dus regverdigbaar.

Die Engelse ekwivalente van nie meer, t.w. no more/no longer word ook deur Quirk et al. (1972:376) as tydsbywoorde bestempel

66. Die NEG-geassosieerde vorm nog (in nog nie) kan bestempel word as 'n tydsadjunk met al/alreeds as positiewe pendant (vergelyk o.m. Ponelis, 1968:26 en Quirk et al., 1972:376) Semanties gesproke, skep die NEG-geassosieerde vorm nog (in nog nie) (in teenstelling met die NEG-

geassosieerde vorm meer) 'n toekomsverwagting, d.w.s. dit skep die verwagting dat die saak/gebeure onder bespreking wel in die toekoms sal plaasvind. So gesien, is die tydspan wat deur nog (in nog nie) gedek word, vooruitwerkend van aard - die tydspan strek van nou (die teenswoordige) tot in die toekoms.

67. Houdingsadjunkte is kategoriaal hoofsaaklik sinsbywoorde. De Stadler (1989:311) konstateer in hierdie verband:

Hulle (= sinsbywoorde) gee iets te kenne oor die houding van die spreker (oor die stelligheid van dit wat hy beweer of sy eie oordeel daaroor)...

68. Raadpleeg Ponelis (1979:401) en Feinauer (1987:180) m.b.t. ontkeningsversagters.

69. Tot hierdie groep hoort ook die randadjunkte/disjunkte soos gelukkig, blykbaar, seker, in alle erns, ens. (vergelyk De Stadler, 1989:311).

70. Die sinsbywoorde eens en eers (in nie eers/eens) word beskryf as NEG-geassosieerde vorme. Van Schoor (1983:338) wys daarop dat woorde soos eens/eers by negatiewe sinne 'n bepalende funksie met 'n beperkende betekenis het. Van Schoor (1983:338) groepeer dan die sinsbywoorde eens en eers saam met ander NEG-geassosieerde vorme soos meer en nog en laat sodoende die indruk dat eens en eers ook by die NEG-geassosieerde vorme tuis hoort.

Soos NEG-geassosieerde vorme in die algemeen, is eens en eers beperk tot negatiewe sinne. Wanneer eens en eers in positiewe sinne optree, is hulle tydsbywoorde en nie houdingsadjunkte nie:

202 (a) Maar ek sê maar net, hulle't eens plesier gehad

206 (a) In Paarl, sal ek my eers so iets kan gekry het.

Die waarskynlikste positiewe pendant vir die NEG-geassosieerde vorme eens en eers blyk die sinsbywoord darem te wees. Vergelyk:

202 (b) Maar ek sê maar net, hulle't darem plesier gehad

206 (b) In Paarl, sal ek my darem so iets kon gekry het.

Ponelis (1968:26) beskou wel die sinsbywoord darem as positiewe pendant vir die sinsbywoord eers. Darem blyk egter ook die positiewe pendant van die sinsbywoord eens te wees.

71 Die ontkeningsbywoord van plek NÊRENS het 'n baie lae gebruiksfrekwensie, en word daarom nie bespreek nie. In M.A. tree nêrens o.m. soos volg op:

(a) Toe sê ek: Nee da' gaan ek nêrens, da' gaan ek nêrens.

(b) Jy gaan nêrens nie.

72 Waher (1983:695) het as hipotese dat NIE_2 die regterkantse grens van die eerste ontkenningwoord aandui, en wel in gevalle waar die volgende as eerste ontkenningwoord geld : NIE_1 , niemand, niks, nêrens, nooit/nimmer, geen, geeneen.

73. Vergelyk Waher (1983:702).

HOOFSTUK 4

KOMMUNIKATIEWE GEBRUIKE VAN ONTKENNING

Met hierdie hoofstuk word die volgende beoog:

- (a) om te bepaal in watter mate NEG-inkorporasievorme bydra tot kohesie (en koherensie) in die teks/diskoers;
- (b) om die diskoerspresupposisionele kontekste wat onderliggend aan ontkenning is, te bepaal; en
- (c) om die verskillende diskoersgebruike van NEG₁-vorme op 'n vergelykende grondslag te beskryf.

4.1 Teks-/diskoersfunksies van NEG-inkorporasievorme

Onder die verskillende NEG₁-vorme is dit veral die NEG-inkorporasievorme (meer spesifiek die voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorme) wat die potensiaal besit om by te dra tot kohesie (en ook koherensie) in die teks/diskoers.

Voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorme en tekskohesie

Voornaamwoorde is anaforiese elemente by uitstek, en wel op grond van die feit dat voornaamwoorde semanties "lig" is en vir hulle semantiese interpretasie afhanklik is

'n ander element/entiteit in die teks/diskoers. Dit is hierdie semantiese afhanklikheid van voornaamwoorde wat kohesie in die teks/diskoers kan

bewerkstellig.²

Met betrekking tot voornaamwoorde wat as anaforiese elemente kan funksioneer, bestaan daar twee duidelike uiteenlopende standpunte. Enersyds word geargumenteer dat slegs bepaalde voornaamwoorde anafories gebruik kan word. Andersyds word daar van die standpunt uitgegaan dat onbepaalde voornaamwoorde ook as anafore kan optree. Behorende tot eersgenoemde groep is o.m. Carstens (1984)³ en Ponelis (1979). Ponelis (1979:18) konstateer eksplisiet in hierdie verband:

Bepaalde en onbepaalde voornaamwoorde verskil semanties wesenlik dáárin dat bepaalde voornaamwoorde na 'n duidelik omskrewe referent verwys en onbepaalde voornaamwoorde nie ... Omdat hulle (lg.) nie na omskrewe referente verwys nie, kan onbepaalde voornaamwoorde nie anafories gebruik word nie. (My beklemtoning; my invoeging.)

Hierteenoor argumenteer o.m. De Stadler (1989:363-368), Stenning (1978:187-188) en Hawkins (1978:173-186) dat onbepaalde referensiële uitdrukkings (wo. onbepaalde voornaamwoorde) wel die potensiaal het om anafories gebruik te word. Hawkins (1978:174) verwoord sy standpunt soos volg:

Indefinites can even on some occasions refer back to objects previously introduced i.e. to members of the previous discourse set.

Dit is hierdie potensiaal van onbepaalde referensiële uitdrukkings (in die besonder onbepaalde voornaamwoorde) om anafories op te tree, wat as primêre uitgangspunt

aanvaar word.

'n Onbepaalde voornaamwoord wat as anaforiese element optree, is vir sy semantiese interpretasie afhanklik van 'n leksikale antesedent wat óf vooraf óf agterna in die teksverband ingevoer word. As gevolg van hierdie semantiese afhanklikheid word 'n anaforiese verhouding/ketting tussen die anafoor en sy leksikale antesedent tot stand gebring. Anaforiese verhoudings wat in teksverband gestig word tussen leksikale antesedente en anafore, is 'n kragtige middel in die bewerkstelling van kohesie/teksbinding.⁴

In aansluiting by Halliday en Hasan (1976:4) is kohesie wesenlik 'n semantiese proses waardeur die interpretasie van 'n gegewe diskoerselement afhanklik is van dié van 'n ander element. Die een element voorveronderstel die ander, m.a.w. dit kan slegs met inagneming van die ander element na behore gedekodeer word. As sodanig word 'n kohesieverhouding bewerkstellig.

Sentraal met betrekking tot die begrip kohesie is dus die aspek van betekenisverbande. Kohesie in die teks/diskoers ontstaan dan wanneer die spreker voldoende tekstuele leiding vir die hoorder voorsien en die hoorder oortuig is dat sy interpretasie van die betekenisverbande in die teks/diskoers gepas is en in ooreenstemming is met dié van die spreker (vergelyk Stoddard, 1991:17).

Teen bogenoemde agtergrond word die teksfunksie(s) van voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorme vervolgens onder die loep geneem.

In M.A. is dit veral die voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorm niks en (in 'n mindere mate) niemand wat as anaforiese elemente funksioneer. Die optrede van niks as anafoor kan aan die hand van die volgende diskoersfragment geïllustreer word:

- 1) R: ... maar die lande hier oorsee het darem hongersnood. Kyk vir Bosnia en daai lande wat die Slamse soe is. Oe, hulle gaat kos gee, die Amerikaners moet net kos gee.
- O: Verder skiet hulle net.
- R: Skiet hulle net, ja. Hulle wil niks hoor nie. Maar een ding moet ek nou sê: Is dit darem nie vir die Amerikaners gewies het nie, weet ek darem nie. Hulle doen darem orals goed.
- O: In Afrika met die hongersnood.
- R: Kyk hoe lyk die kinnertjies! Net só maer [beduie]. Want net een ding wat ek sê van 'n kaffer: Hy's nes die Slams oek. Hy wil ook net kind maak. Daar's da' niks nie. Maar kyk hoe maak hulle kind hier in Afrika! Hulle glo nie aan die pil nie ... Hy glo aan die ding insit ...

In (1) kan die onbepaalde voornaamwoord niks anafories verbind word met die leksikale NS kos wat vroeër in die teks/diskoers geïntroduseer is. Dié NEG-inkorporasievorm niks is vir sy semantiese interpretasie afhanklik van die leksikale antesedent kos. Die hoorder kan slegs die semanties "leë" onbepaalde voornaamwoord niks korrek/sinvol interpreteer met terugverwysing na die reeds geïntroduseerde leksikale NS kos. Op grond van tekstuele gegewens, soos voorsien deur die spreker, glo die hoorder dat sy interpretasie van die betekenisverbande in die teks/diskoers gepas is en dus ooreenstem met dié van die spreker. Dié betekenisverbande wat die hoorder lê tussen die onbepaalde voornaamwoord niks en die leksikale antesedent kos het tot gevolg dat die hoorder die teks nou as kohesief

ervaar.⁵

Die betekenisverband wat in (1) tussen antesedent en anafoor bestaan, is een van teenoorgesteldheid. Die leksikale NS kos reflekteer naamlik, binne sy tekskonteks, 'n positiewe waarde, terwyl die onbepaalde voornaamwoord niks 'n negatiewe waarde vergestalt waardeur die eksistensie van kos in Afrika genegatiewer word. Hier is dus sprake van 'n kontrasverband⁶ oftewel kontrasterende kohesieverband⁷.

voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorm niks kan ook as katafoor⁸ diens doen:

R: Daai tyd het die wasgoed van die blanke mens van vanaand, Sondagaand af, gebly tot Vrydagaand toe, tot Saterdagagaand het die blanke wasgoed gebly nè, in die huis ... Nou word dit mos van Maandag af gewas, nè. Maar nou word dit somaar gestryk ook word. Da'gaat dit nou Vrydagaand, Vrydagagtermiddag of Vrydagaand uit die huis uit - uit ata (= hata) se huis uit gaan dit ... En da' moet daai wasgoed, nou bly daai wasgoed hiel wiek (= heel week) in die huis, by jou Kleurling in die huis in. En dit word gewas en gestryk tot Saterdagagaand, van Vrydagaand af tot Vrydagaand toe of tot Saterdagagaand toe. Die mense het niks oorgekom nie! Nou's dit kieme. As jy nou hoor is dit kieme, maar daai tyd toe't die mense nie gewiet van kieme nie. Dan bly ounooi se wasgoed of ouma se wasgoed of nooi se wasgoed bly in die huis in. Dit gaat Vrydagaand of Saterdagagaand gewas en gestryk, da' gaat dit, da' gaat dit.

In (2) kan die hoorder die voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorm niks slegs sinvol interpreteer indien hy/sy 'n betekenisverband identifiseer tussen die katafoor niks en die leksikale antesedent kieme. Die leksikale antesedent kieme is nie vooraf in die diskoers/teks geïntrodusseer nie, maar word nou vir die eerste keer na die katafoor niks aan die hoorder bekend gestel. Die betekenisverband tussen die

onbepaalde anafoor niks en sy daaropvolgende onbepaalde antesedent kieme blyk die enigste sinvolle verband te wees vir sover dit die semantiese interpretasie van niks aangaan. Die uiting "Die mense het niks oorgekom nie" word dan deur die hoorder vertolk as: "Die mense het nie kieme gekry nie". Die spreker self bevestig hierdie betekenisverband wanneer sy later daarop wys dat "die mense van daai tyd nie geweet het van kieme nie, maar vandag is dit kieme". Die hoorder kan dus nie verkeerd wees in sy vertolking dat die katafoor niks vir sy interpretasie afhanklik is van die leksikale antesedent kieme nie. Dié anaforiese verhouding wat gebaseer is op teenoorgestelde betekenisverbande het tot gevolg dat die hoorder die betrokke uitinge (i.e. die uitinge/sinne waarin die katafoor niks en die antesedent kieme figureer) as kohesief ervaar. Dié anaforiese verhouding tussen die katafoor niks en die antesedent kieme resulteer dus nou in 'n kontrasterende kohesieverband

Die onbepaalde anafoor niks word semanties nie slegs met leksikale antesedente verbind nie, maar blyk ook sinne as antesedente te hê.⁹ Vergelyk:

- (3) R: ... En toe't ons nou nie 'n leier nie. Toe kom ons meisiekinnars bymekaar - meisiekinnars en ek kom bymekaar. Ons moet nou ene kies: Iemand wat vir ons kan lei. Maar Tillie, sy sê vir my - sy was mos voltyd in die Kaap - sy sê vir my: Mamma, Albie is mos nou jonger as ekke. Maar Mamma, Albie het nou baie meer godheid in hom. Hy's bieter in die godheid as wat ek is. Ek probeer maar nog. Kom ons kies vir Albie ... Ek sê vir Tillie: Ek het daai klong deurgekyk al, maar wil nie praat nie. Jy praat nou net 'n regte storie. Ek dink ons moet 'n vergadering roep ... Toe kom ons bymekaar, ons grootmense en hulle stem almal saam die beste ene wat ons kan kies is vir Albie. Toe's hy siewentien (= sewentien) jaar oud. Nou ja, die aand het ons bymekaar gekom - maar hy weet mos nou niks nie - bymekaar gekom en ons het een, 'n broer van die Paarl gehad ...

In voorbeeld (3) blyk die semantiese interpretasie van die NEG-inkorporasievorm niks afhanklik te wees van die geonderstreepte sin Ons moet nou ene (= 'n leier) kies. Die hoorder kan slegs die NEG-inkorporasievorm niks korrek interpreteer indien hy/sy 'n betekenisverband identifiseer tussen die onbepaalde anafoor niks en die reeds geïntroduceerde sin Ons moet nou ene kies. Die anafoor niks in (3) verwys dus na die feit dat die betrokke persoon (Albie) geen kennis dra van die besluit om 'n leier te kies nie. Die hoorder identifiseer die betekenisverbande (i.e. die semantiese verwantskap tussen niks en die reeds gemelde sinsantedesent) en interpreteer dit dan dienoooreenkomstig. Die hoorder se interpretasie van die betekenisverbande is dus relevant/gepas en stem ooreen met dié van die spreker. Die onmiddellike gevolg hiervan is dat dit kohesie in die teks/diskoers bewerkstellig. Die onbepaalde anafoor niks staan dus in 'n kontrasterende kohesiewe verband met die sinsantedesent: Ons moet nou ene kies.

Op soortgelyke wyse kan die NEG-inkorporasievorm niemand in die onderstaande voorbeeld semanties verbind word met 'n sinsantedesent:

- (4) R: Vandag moet jy rande en rande betaal om vir jou ordentlik te kliek (= klee). Daai tyd nie, kan jy maar eenvoudig gemaak en kerk toe gestap het. Niemand het na jou gekyk nie. Maar vandag moet jy mos getof wees, uitgetof as jy wil kerk toe gaan. Die mense kyk jou in die kerk, die mense kyk.

Die onbepaalde anafoor niemand in (4) blyk vir sy korrekte semantiese interpretasie afhanklik te wees van die sin "Die mense kyk jou in die kerk" Die anafoor niemand verwys dus hier na "kerkmense" Laasgenoemde is inherent aanwesig in die

sinsantedesedent "Die mense kyk jou in die kerk".¹⁰ Die semantiese verband tussen die NEG-inkorporasievorm niemand en die gemelde sinsantedesedent is funksioneel in die bewerkstelling van kohesie in die teks/diskoers.

Uit bogenoemde bespreking word dit duidelik dat kohesie nie net uitsluitlik gebaseer word op betekenisverbande/semantiese verwantskap nie, maar dat mentale oorwegings ook 'n belangrike rol speel. Dit is tog immers die hoorder wat die teks as kohesief (of nie-kohesief) ervaar.¹¹ Anders gestel: kohesieverbande in die teks/diskoers moet eers deur die hoorder geïdentifiseer word alvorens hy/sy 'n teks as kohesief kan ervaar. Stoddard (1991:17) konstateer in hierdie verband:

We must conclude that cohesion is a mental construct resulting from reader processing.

Kohesie kan dan nader omskryf word as 'n mentaal-semantiese konstruksie waarin semantiese en mentale oorwegings 'n prominente rol speel en in 'n dialektiese verhouding staan tot mekaar.

4.1.2 Voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorme en tekskoherensie

Die onderskeid tussen tekskoehesie en tekskoherensie is uiters delikaat van aard.¹² Onderliggend aan tekskoehesie is die veronderstelde koherensie van die tekstuele wêreld (vergelyk Dressler en Beaugrande, 1981:71,76). Halliday en Hasan (1976:23) wys ook op dié delikate verband wat daar bestaan tussen kohesie en koherensie in die teks/diskoers wanneer hulle aanvoer:

A text ... is coherent with respect to itself, and therefore cohesive.

Gegee die delikate verband, sal hier gepoog word om die begrip tekskoherensie onderskeidend te beskryf. 'n Onderskeid word gemaak tussen twee tipes koherensie, t.w. proposisionele koherensie en interaksionele koherensie.¹³ Laasgenoemde is van besondere belang vir die bespreking. Onder interaksionele koherensie word verstaan dat die deelnemers aan die diskoers die onmiddellike pragmatiese konteks van kommunikasie deel. Kenmerkend van interaksionele koherensie is dat "references can only be understood in that context and by the participants themselves" (Lautamatti, 1990:34). So gesien, is dit veral NEG-inkorporasievorme wat as pragmaties-beheerde anafore kan funksioneer (vergelyk 3.1.2.2), wat in diens kan staan van interaksionele koherensie.

Een van die basiese kenmerke (en funksies!) van die gebruik van 'n pragmaties-beheerde anafoor is dat die spreker aanvaar dat die hoorder die referent sal kan identifiseer (i.e. dat die referent bekend sal wees aan die hoorder) sonder dat die spreker dit eksplisiet hoef te meld. By pragmaties-beheerde anafore is die referent dus in die situasionele konteks aanwesig¹⁴ - d.w.s. die referent kan slegs pragmaties herwin word (vergelyk Yule, 1979:127-128) Vergelyk:

- (5) R: Jammer nou laat jy eers die tee gevat het. Ouma tel nie 'n brêk op nie, my kind. Annerdag kom jy hier dan kan ek jou niks gee nie. Vandag kan ek jou gee, annerdag kan ek nie vir jou gee nie.

Die NEG-inkorporasievorm niks in (5) is vir sy semantiese interpretasie afhanklik van die situasionele konteks. In (5) moet niks in verband gebring word met die

saak(e)/referent(e) "drinkgoed" en "eetgoed" wat die ondervraer gekry het. ondervraer (hoorder) is in staat om 'n bewustelike verband te trek tussen die voornaamwoord niks (wat as pragmaties-beheerde anafoor blyk te funksioneer) en die gemelde referent(e) in die relevante situasionele konteks (vergelyk Carstens, 1985:9).

'n Belangrike funksie van die pragmaties-beheerde anafoor niks in voorbeeld (5) is dat dit die situasionele konteks direk in verband bring met die tekskonteks.¹⁵

pragmaties-beheerde anafoor niks in (5) kan nie korrek geïnterpreteer word sonder inagneming van die situasionele konteks nie. Boonop kan dit slegs sinvol geïnterpreteer en verstaan word deur die deelnemers self. Die pragmaties-beheerde anafoor niks staan dus in diens van interaksionele koherensie. Die hoorder ervaar die teks as 'n koherente geheel, omdat hy in staat is om die voornaamwoord niks korrek te kan identifiseer binne die situasionele konteks.

4.2 NEG₁-vorme in diskoerspresupposisionele kontekste

NEG₁-vorme (o.a. die NEG-inkorporasievorme, NIE₁ en NOOIT) word hoofsaaklik in diskoerspresupposisionele kontekste aangetref: Die spreker wat 'n negatiewe sin uiter, veronderstel dat die hoorder in die waarheid van die korresponderende positiewe pendant glo (vergelyk Givon, 1984:323-324). Onder diskoerspresupposisie (ook genoem pragmatiese presupposisie¹⁶) word verstaan die gedeelde kennis wat daar bestaan tussen die spreker en die hoorder. In die woorde van Van der Auwera (1979:257) gestel:

Pragmatic presupposition deals with information about which the speaker expresses a belief that the hearer appears to already believe that the speaker is in the act of expressing the belief that such and such.

Diskoerspresupposisie oftewel pragmatiese presupposisie het by uitstek te make met sprekersoortuigings,¹⁷ d.w.s. met "what a speaker assumes is true or is known by the hearer" (Yule, 1985:100; my beklemtoning).

Dié aspek van sprekersoortuiging/-aanvaarding is 'n sentrale gegewe met betrekking tot die diskoerskonteks van ontkenning. Soos reeds gemeld, word 'n negatiewe sin hoofsaaklik in presupposisionele kontekste geuit - i.e. die spreker veronderstel (of is oortuig) dat die hoorder in die waarheid van die korresponderende positiewe pendant

Die negatiewe korrelaat is dan slegs 'n ontkenning of kontradiksie van die veronderstelde oortuiging (Givon, 1984:324)

Twee tipes diskoerspresupposisionele kontekste kan met betrekking tot die gebruik van negatiewe sinne onderskei word

n diskoerskonteks waar die korresponderende positiewe pendant vroeër eksplisiet gemeld word; of

(b) 'n diskoerskonteks waar die korresponderende positiewe sin nie vroeër eksplisiet gemeld word nie, maar wel afgelei kan word uit die teks of die situasionele konteks.

4.2. Diskoerspresupposisionele konteks 1: Negatiewe sinne/proposisies met duidelik onderskeibare positiewe korrelate

Binne hierdie diskoerskonteks konstitueer die korresponderende positiewe sin die agtergrond (i.e. die gedeelde kennis) waarvolgens die negatiewe korrelaat toepaslik geïnterpreteer kan word.¹⁸ Vergelyk

- (6) R: Ek werk nog by Lewis Store, maar die ouens dink dis nou ook 'n grap, maar dis nie 'n grap nie.
- O: Hoe lank was daai rug?
- 7 R: Maar hier kom 'n mannetjie hieronner uit Garies, hy's 'n dokter ... maar hy en sy vrou en sy kind is 'n bietjie op vakansie en hulle kom die aand uit die Paarl uit ... Toe kom hulle daar en hulle - dis al taamlik laat in die aand - hy sê toe't hy na die bruggie toe kom lat die mouterkar se kop die brug sou vat toe hardloop die perd voor die kar in die pad en hy neuk in die rivier in. Sy vrou is op slag dood en die kind, maar hy lewe toe. Maar hy sê dit is 'n liewendige perd. Die mense hom nou daar die oggend daar uithaal, kom kry hulle die kar daar lê. Ou Carstens wat daar agter, daar agter by die bome ... hulle kom toe daar die oggend; die manne kom sê daar lê 'n kar in die rivier. Toe vertel hy mos nou. Toe sê die mense vir hom: Nee, maar ons perre staan almal in die stal in. Maar hy sê dis 'n liewendige perd. Maar die ou man, die staan maar daar rond. Toe die polisie nou daar kom, vertel die ou man nou vir hulle: Hy sê dis nie 'n liewendige perd nie. Toe sê die ou man vir hulle dit spook so daar.
- (8) R: ... Nou sit ek. Dis nou die agtermiddag gewies. Dank die Here dat ek daai agtermiddag bietjie tyd kry dat ek mag sit, want ek mag nie sit nie.
- (9) R: Die ounooi sê: My kind, ek sien jy's baie honger. Ek kan nie nou nog honger wies. Ek het da' geiet.¹⁹

In voorbeelde (6)-(9) kan die positiewe korrelaat van die negatiewe sin tot 'n groot mate duidelik onderskei en geïdentifiseer word. Die onderskeie positiewe korrelate, respektiewelik dis nou ook 'n grap, dit is 'n liewendige perd, ek mag sit en jy's baie

honger voorsien nou die agtergrond/gedeelde kennis waarvolgens die negatiewe sinne geïnterpreteer kan word. Die negatiewe sinne in (6)-(9) blyk 'n tweeledige funksie te hê:

- (a) Eerstens word dit gebruik omdat die spreker oortuig is /veronderstel dat die hoorder geneig is om te glo in die waarheid van die korresponderende positiewe pendante en die negatiewe sin dien dan as kontradiksie/ontkenning van dié veronderstelde oortuiging van die hoorder.
- (b) Tweedens word die negatiewe sinne ook gebruik om die bepaalde toedrag van sake wat deur die positiewe sinne vooropgestel word, te negeer/ontken.²⁰

Voorbeelde (6)-(9) kan beskryf word as die tipiese gevalle van die diskoerspresupposisionele konteks 1, omrede die korresponderende positiewe pendant duidelik binne die teks onderskei kan word. Die positiewe en negatiewe korrelate in (6)-(9) korrespondeer ten opsigte van die aspek tyd/tempus. Albei die pendante (negatief sowel as positief) kom binne dieselfde tydperiode voor. By hierdie "tipiese" gevalle in M.A. blyk 'n bepaalde patroonmatigheid te geld. Hulle word naamlik hoofsaaklik óf by sinsneweskikking²¹ (vergelyk voorbeelde (6) en (8)) óf in die geval van gesiteerde spreke (vergelyk voorbeelde (7) en (9)) aangetref.

In teenstelling met voorbeelde (6)-(9) hierbo, is daar ook gevalle waar die positiewe korrelaat wel duidelik onderskei kan word, maar nie korrespondeer met die negatiewe korrelaat wat betref die aspek tyd nie. Vergelyk:

- R: ... Toe sê ek: Jong, jy kan mos die stuk grond vat da' laat bou jy vir jou hier 'n huis, nè. Toe vat sy die grond vir haar man en hulle lat vir hulle die groot huis bou, 'n dubbelgarage en almal daai. Toe is - hy's 'n outjie wat met rissieperre aangaan, rissieperre - toe's hier nie plek vir hom, vir sy perre nie. Toe kry hy 'n plek in Paarl met 'n groot stuk grond. Toe't hy daar kampe opgesit en toe't hulle daar met die rissieperre en goeters ... (later in die teks) Nou't hulle't hul eie groot plaas daarso en allerhande diere op die plaas, maar net hy gaan nie meer met die rissieperre aan nie en soe.
- R: In ons tyd was dit nie soe nie. Ons kan geloep het soes ons wil. My kind, vandag kan die kinnars nie loep soes hulle wil. Ons kan nie loep soes ons wil ...
- R: Ek het eers gekoek (- gekook) maar nou's ek nie meer lus vir sulke iets nie. Dis te veel moeite.
- R: Ons se Engels was gewies "Teacher, may I leave the room?" daai's al wat ons ken. "Morning sir", "morning teacher", daai was ons. Nou's dit "mevrou" en "juffrou" en "meneer". Ons het nie geweet van "juffrou" of "meneer" of daai nie.
- R: Maar ek wiet darem ek het op 'n bankie gestaan en die potte van vroetyd is nie soos ons nou die stouwe het. Daai tyd het die mense nie stouwe gehad nie.

In teksvoorbeelde (10)-(12) beskryf die positiewe korrelate, respektiewelik Hy's 'n outjie wat met rissieperre aangaan/Ons kan geloep het soes ons wil/Ek het eers gekoek (= gekook) 'n bepaalde toedrag van sake wat in die verlede veranker is, terwyl die negatiewe sinne (respektiewelik Hy gaan nie meer met rissieperre aan nie/Vandag kan die kinnars nie loep soes hulle wil/Nou's ek nie meer lus vir sulke iets (= kook) nie) slegs 'n ontkenning is dat die genoemde toestande (soos beskryf deur die positiewe pendante) teenswoordig steeds geld.

Hierteenoor beskryf die positiewe korrelate in voorbeelde (13)-(14) (respektiewelik Nou's dit "mevrou" en "juffrou" en "meneer" en soos ons nou die stouwe het) telkens

'n bepaalde toedrag van sake wat vir die huidige geld, terwyl die negatiewe korrelate (respektiewelik Ons het nie gewiet van "juffrou" of "meneer" of daai nie en Daai tyd het die mense nie stouwe gehad nie) by wyse van ontkenning aandui dat genoemde toedrag van sake nie in 'n vroeëre tydperk van krag was nie.

In teenstelling met die "tipiese" gevalle (teksvoorbeelde (6)-(9)) is daar in voorbeelde (10)-(14) duidelik sprake van kontrastering t.o.v. tempus : verlede x hede. Soos by die tipiese gevalle konstitueer die positiewe korrelaat(e) in voorbeelde (10)-(14) nog steeds die gedeelde kennis/agtergrond (i.e. die diskoerspresupposisionele konteks) waarvolgens die negatiewe sinne korrek verstaan en geïnterpreteer kan word.

In teenstelling met gevalle soos teksvoorbeelde (10)-(14) waar die positiewe korrelaat sy negatiewe teenhanger telkens voorafgaan, kan dit egter ook gebeur dat die positiewe sin eers na die negatiewe proposisie volg:

(15) R Ek het 'n "stroke" gekry en is nou 'n jaar wat ek met die "stroke" sukkel. Ek het nie twee regte hande nie. Dié hand is die "stroke" in [beduie] ... Maar hy kan nie gevat het nie, maar hy kan vandag vat. Hy kan nie toegemaak het nie, maar hy kan nou alweer toemaak.

In direkte kontras met teksvoorbeelde (10)-(14) waar die positiewe korrelaat(e) die agtergrond voorsien het waarvolgens die negatiewe pendant(e) korrek geïnterpreteer kan word, blyk dit nou uit (15) dat die positiewe korrelate (respektiewelik maar hy kan vandag vat en maar hy kan nou alweer toemaak) eerder inligting tot die diskoerskonteks toevoeg as wat dit die gedeelde agtergrond van die negatiewe sin wil

konstitueer. Voorts blyk dit dat die negatiewe pendante (respektiewelik maar hy kan nie gevat het nie en hy kan nie toegemaak het nie) nie 'n ontkenning/kontradiksie is van die veronderstelde oortuiging van die hoorder nie, maar eerder 'n bevestiging/beklemtoning van die veronderstelde oortuiging van die hoorder. Die hoorder kan naamlik uit die teks (en konteks) aflei (eerder veronderstel) dat die spreker haar een hand nie kan gebruik nie, omrede dit verlam is. Dit is hierdie presupposisie wat nou die gedeelde kennis konstitueer. Die spreker aanvaar dus nou dat die hoorder in die waarheid van die veronderstelling glo, i.e. dat sy (= die spreker) nie haar een hand kan gebruik nie. Die negatiewe sinne (respektiewelik maar hy kan nie gevat het nie en hy kan nie toegemaak het nie) beklemtoon/bevestig enersyds dié veronderstelde oortuiging van die hoorder en andersyds baan dit ook die weg vir die positiewe korrelaat(e)²², en wel in dié sin dat dit die hoorder se veronderstelling weerspreek.

Dit is dus eerder die positiewe korrelate wat 'n weerleggingsfunksie blyk te hê: Die hoorder se aanvaarding (presupposisie) dat die genoemde toedrag van sake (i.e. die onvermoë van die spreker om haar verlamde hand te gebruik) teenswoordig/vandag steeds van krag is, word naamlik met die gebruik van die positiewe korrelate weerlê. Die konvensie in M.A. om negatiewe sinne nie net te gebruik om die waarheid van 'n reeds geïntroduceerde (en onderskeibare) positiewe korrelaat (waarin die hoorder geneig is om te glo) te ontken nie, maar ook relevering/nadruk te bewerkstellig, blyk ook uit die volgende twee diskoersfragmente:

R: ... Toe moet ons nou daar uit. Ek het daar gebly sit. Ek wou nie uit nie ... Ek was die laaste een wat uit daai dorp ... hulle't my kom uitgooi daar. Ek wil nie uit my huis uitgegaan het nie, hulle moet my nou uitgooi daar.

R: ... Ek moet dit nou doen, maar my stiefma lê, sy staan nie op nie ...

Die proposisionele inhoud van die negatiewe sinne (respektiewelik Ek wou nie uit nie/ Ek wil nie uit my huis uitgegaan het nie en Sy staan nie op nie) is wesenlik sinonimies met (oftewel 'n geparafraseerde weergawe/herhaling van) dié van die voorafgaande positiewe sinne (Ek het daar gebly sit en My stiefma lê). Hierdie diskoersmeganisme om 'n gegewe proposisie eers as 'n positiewe sin en dan as 'n negatiewe sin te kodeer, het tot gevolg dat sodanige proposisie benadruk/in aandagfokus gebring word

Sodanige meganisme is ook betekenisvol vanuit die perspektief van die hoorder se veronderstelde oortuiging, en wel soos volg: Die nuwe inligting wat in die gewaad van positiewe sinne geïntroduceer word én reeds deur die hoorder as waarheid aanvaar word, word met die gebruik van die semanties ooreenstemmende negatiewe korrelate herbevestig/opnuut bekragtig.

Diskoerspresupposisionele konteks 2 : Negatiewe sinne/proposisies met geen duidelik onderskeibare positiewe korrelate nie

Binne hierdie tipe diskoerspresupposisionele konteks word 'n negatiewe sin deur die spreker geuit in die veronderstelling dat die hoorder die proposisionele inhoud daarvan in verband kan bring met inligting wat óf in die presederende tekskonteks geëkspliseer is óf gemeenskaplike agtergrondskennis verteenwoordig.²³ Hierdie

veronderstelde inligting waarmee die negatiewe sinne verbind kan word én waaraan argumentshalwe, die status van implisiete positiewe korrelate toegedig kan word, is dus óf tekstueel óf situasioneel/pragmaties herwin-/afleibaar.

Voorbeelde (18)-(22) dien vervolgens ter illustrasie van hoe die implisiete positiewe korrelate van gekontekstualiseerde negatiewe sinne tekstueel herwin kan word:

- R: Toe ek daar kom toe sê hulle my my dogter (= dokter) het 'n hartaanval gekry. Hy's nie meer dogter (= dokter) nie ...
- R: Ek moet nou koffie weer maak vir Pa en da' vir my twee broers. Maar da' neem ek nie vir hulle nie. Da' sê sy : Nee wag, neem net vir jou Pa. Hulle kan water drink.
- R: ... En oom Abie is dood toe begin die swaarkry-dae vir antie Bettie. En sy stuur eendag vir my 'n briefie : Ek moet asseblief vir haar R10 leen totdat haar pensioen "pay". Sy wil koffie, suiker, vet - ... daai tipe goed koop. Ek het toe nie die R10 nie. Ons is nege onderwysers. Ek maak dit daarso ...
- R: ... Toe het die dokter nou vir my ondersoek ... En hy sê hier is kliere by my kop en hulle't gemaak ... daarom lat my kop uit balans uitgaan. Die bloed is ook hoog, maar toe gaan hulle vir bymekaar verby, die kliere hier, sê hy. My kind, en ek gaan Dinsdag, hy gee my papier Dinsdag Groot Schuur hospitaal, gaat ek Groot Schuur toe. Maar hulle't my goed, baie goed geondersoek. Toe sê dokter : Die behandeling wat ek hier gekry het, was baie, baie goed. So dit is nou baie bieter. Ek is nog nie vrede nie, my kind ...
- R: ... En die kleingeld het hulle gesê "tiekie", daai was 'n "tiekie" gewies daai tyd. En 'n "sikspens", daai sal ek maar sê, wat hulle sê "sikspens", die "tiekie" en die "nipens". Nou so't ek nou maar geleer. Ek ken mos ook nou maar nie die geld, want daai tyd se mense het nie vir die kinnars geld gegee soos nou se kinnars geld kry. Ons kry nie geld nie, nee, ons kry nie geld nie.

In (18) hierbo is die implisiete positiewe korrelaat "My dokter praktiseer steeds" af te lei uit die teksgedeelte My dogter (= dokter) het 'n hartaanval gekry. Die hoorder

se veronderstelde oortuiging omtrent hierdie afgeleide positiewe korrelaat konstitueer wesenlik die gedeelde agtergrond²⁴ oftewel diskoerspresupposisionele konteks waarteen die negatiewe sin Hy's nie meer dogter (= dokter) nie korrek geïnterpreteer kan word, en wel soos volg: Die spreker voorveronderstel dat die hoorder die proposisionele inhoud van die implisiete positiewe korrelaat (i.e. dat die dokter steeds praktiseer) tereg as waarheid sou kon aanvaar. Ter weerlegging van die hoorder se vermeende veronderstelling/oortuiging en om enige misverstand uit die weg te ruim, word die negatiewe sin (Hy's nie meer dogter (= dokter) nie) gevolglik deur die spreker geuit.

In voorbeelde (19)-(22) sou die hoorder (ondervraer) op soortgelyke wyse die volgende positiewe korrelate uit die teksverband kon herwin en die proposisionele inhoud daarvan as waarheid aanvaar:

Die broers kry ook koffie.

Die onderwyser is in besit van R10.

Sy (die respondent) is nou tevrede met haar toestand na al die goeie behandeling wat sy gekry het.

Sy (die respondent) het kennis van die vroeëre muntstukke gehad.

In voorbeeld (22) is daar sprake van 'n opeenstapeling van (drie) negatiewe sinne wat kommunikatief funksioneel is. Die eerste negatiewe sin (Ek ken mos ook nou maar nie die geld) staan, soos reeds gesuggereer, in diens van 'n weerspreking van die

hoorder se vermeende veronderstelling/aanvaarding (i.e. dat die spreker wel kennis van vroeëre muntstukke gehad het). Die daaropvolgende negatiewe sin spesifiseer weer die grond vir die weerspreking van die hoordersveronderstelling:²⁵ Die spreker het die vroeëre muntstukke nie eintlik geken nie omdat sy, anders as vandag se kinders, nie geld by haar ouers gekry het nie. Deur die gebruik van die derde negatiewe sin Ons kry nie geld nie, nee, ons kry nie geld nie (wat wesenlik sinonimies is met die negatiewe sin Daai tyd se mense het nie vir die kinders geld gegee . word groter nadruklikheid aan die spesifiseringsgrond verleen

As sodanig is (22) 'n treffende illustrasie van 'n spesifieke diskoersgebruik wat deur Givon (1984:331) soos volg belig word:

In the use of negation, ..., the speaker may, at least sometimes, be attempting to achieve two overlapping goals: (a) denial of the hearer's belief and (b) further specification of the ground for that denial. (Sy nuansering.)

Situasionele identifisering van implisiete positiewe korrelate kan aan die hand van die volgende diskoersfragment geïllustreer word:

- (23) O: So dit was in Ouma-goed se tyd glad nie so rof nie?
R2: Sy sê nogal altyd hulle kan geloop het laatnag.
R1: Ja, saans, die soemer (= somer) het ons in die dorp - toe's ons mos nou in die dorp, toe was dié gebied nog nie daar nie, toe's ons in die dorp - da' gaat ons in die soemer die winkels kyk ...

Die spreker ('n bejaarde vrou as respondent) en hoorder (die ondervraer) bevind hulle binne die grense van 'n spesifieke situasionele konteks, t.w. die bruin woonbuurt van Malmesbury, Wesbank.

Die implisiete positiewe korrelaat oftewel hoordersveronderstelling: "Wesbank was reeds in die spreker (Ouma) se kinderdae 'n woonbuurt" is in (23) nie (soos in (18)-(22)) tekstueel herwinbaar nie, maar wel situasioneel/pragmaties, en wel soos volg: Die hoorder ('n jong man, komende van Namakwaland om inligting oor die geskiedenis en Afrikaans van Malmesbury in te win) sou op grond van sy karige kennis omtrent die dorp en situasionele gegewens (soos die woonbuurt se gevestigde infrastruktuur, die vervalde toestand van baie van die huise en die beduidende inwonertal) kon aanneem dat die woonbuurt Wesbank reeds in die spreker se kinderdae bewoon is.

Hierdie situasioneel herwinbare hoordersveronderstelling word gevolglik deur die spreker ontken/weerlê by wyse van 'n negatiewe sin: Toe was dié gebied nog nie daar nie.


4.2.3 Diskoerspresupposisionele konteks 1 en 2 : verskil t.o.v. graad van kompleksiteit en gebruiksvoorkeure in M.A.

Die twee tipes diskoerspresupposisionele kontekste waarin negatiewe sinne optree, verskil ten opsigte van graad van kompleksiteit, en wel in terme van die onderskei-/aantoonbaarheid van die positiewe korrelate.²⁶

Diskoerspresupposisionele konteks (vergelyk fragmente 6-17) word gekenmerk deur 'n lae graad van kompleksiteit. Die positiewe korrelate van die negatiewe sinne is naamlik duidelik binne die teksverband te onderskei, en die spreker kan dus met 'n groot mate van sekerheid aanvaar/veronderstel dat die hoorder in die waarheid daarvan glo.

Diskoerspresupposisionele konteks 2 (vergelyk fragmente 18-23), daarenteen, word gekenmerk deur 'n hoë graad van kompleksiteit. Soos aangetoon, is die positiewe korrelate implisiet aanwesig en moet dit óf tekstueel óf situasioneel afgelei word. Die spreker wat 'n negatiewe sin uit, het in 'n mindere mate sekerheid oor die hoorder se veronderstelling, soveel so dat daar 'n diskrepansie kan bestaan tussen dit wat die spreker werklik veronderstel en die hoorder se veronderstelling/vermoede daaromtrent.

Opsommenderwys kan dié kwessie soos volg geskaleer word



In M.A. is die gebruiksfrekwensie van negatiewe sinne in diskoersprespousisionele konteks 2 veel hoër as dié in diskoersprespousisionele konteks. Die oorheersende tendens is dus om negatiewe proposisies meer bepaald te gebruik in kontekste van 'n meer komplekse aard, d.w.s. kontekste waarin die herwinbaarheid van positiewe korrelate 'n moeiliker aangeleentheid is.

Betreffende diskoersprespousisionele konteks 2 op sigself, geniet negatiewe sinne met tekstueel-herwinbare positiewe korrelate weer voorkeur bo dié met situasioneel-herwinbare korrelate.

Negatiewe sinne in diskoerspresupposisionele kontekste : opsomming van funksies

Rekapitulerend kan die gebruiksfunksies van negatiewe sinne t.o.v. die twee tipes diskoerspresupposisionele kontekste soos volg opgesom word:

- (a) Eerstens word dit gebruik om die waarheid van 'n korresponderende positiewe pendant waarin die hoorder geneig is om te glo, te ontken/weerlê.
- (b) Tweedens dien dit om 'n bepaalde toedrag van sake wat deur die positiewe korrelaat vooropgestel word, te negeer.
- (c) Derdens kan dit ook gebruik word om 'n diskoerspresupposisie te beklemtoon (en te bevestig).
- (d) Laastens kan negatiewe sinne ook die weg baan vir positiewe stellings.

4.3 Die kommunikatiewe gebruike van NEG-vorme : 'n Vergelyking

Die primêre gemeenskaplike funksie van NEG-vorme is om ontkenning te sinjaleer.

reeds aangetoon, vind hierdie ontkenning binne bepaalde diskoerspresupposisionele kontekste plaas. Daar is egter fynere kommunikatiewe gebruiksverskille te onderskei - verskille wat ten nouste saamhang met keuses van sprekers ten einde diverse kommunikatiewe effekte te bereik (vergelyk Givon, 1979a:32). Teen hierdie agtergrond word die kommunikatiewe gebruik van NIE₁, die NEG-inkorporasievorme en die tydsbywoord NOOIT vervolgens onder die loep

geneem.

4.3.1 Die ontkeningsbywoord NIE₁

Soos reeds aangetoon in 3.1.2, is die belangrikste funksie van NIE₁ (in onderskeiding van NEG-inkorporasievorme) sy fokuserende waarde, en wel ooreenkomstig sy verskillende plasingsmoontlikhede in sinsverband. Aan konstituente wat binne die pragmaties-semantiese bereik van NIE₁ val, word naamlik groter nadruk/fokussing verleen.

Dit is dus te begrype dat NIE₁ ook sterk figureer in negatiewe sinne wat 'n releveringsfunksie in diskoersverband vervul (vergelyk 4.2)

NIE₁ is ook prominent in sinne wat uiterlik die gewaad van negatiewe sinne het, maar semanties positief is. Vergelyk:

Is dit nie 'n groot skool nie!

Wat gaan ek nie vir daai grond weer betaal wat nou daar lê!

Was ons dan nie groot, kaalvoete moet geloep het!

Laat ek jou nou 'n stukkie vertel wat het nog gebeur : Hier by die gevegterye nè, van die Ingelse wat so oorsee gekom het : Hoeveel kinnars het hulle nie gemaak nie!

Ken jy nie vir John Cloete nie, my kind?

Voorbeelde (24)-(27) is, in aansluiting by Ponelis (1979:367-368), nie "negatiewe sinne" nie, maar eerder "(positiewe) sinne met ontkeningsvorme" - meer spesifiek

"uitroepe in algemenevraagvorm" wat telkens 'n stellingswaarde beliggaam Die stellingswaarde van hierdie sinne is respektiewelik:

Dit is 'n groot skool (24).

Ek gaan baie betaal vir die grond wat nou daar lê (25).

Ons was al groot toe ons nog moes kaalvoet loop (26).

Hulle (die Engelse) het baie kinders gemaak (27).

Die NEG-vorm NIE₁ in (24)-(27) het dus nie 'n negatiewe waarde nie, maar eerder 'n uitroepvormende (affektiese) funksie.

Insgelyks het NIE₁ in (28) ook nie 'n negatiewe waarde nie Die "negatiewe vraag" is beslis nie die negatiewe teenhanger van die onderstaande positiewe vraag nie:

28(a) Ken jy vir John Cloete, my kind?

Die belangrikste verskil tussen voorbeeld (28) en 28(a) is nie geleë in die onderskeid positief x negatief nie, maar wel in die affektiese waarde/krag van die betrokke voorbeeld. In voorbeeld (28) dien die negatiewe vorm eerder om affek/verbasing uit te druk (vergelyk Ponelis, 1979:368). Hier is dus duidelik sprake van, wat Leech noem, 'n tipe "cancelled expectation" (aangehaal deur De Villiers, 1975:244). In voorbeeld (28) verwag/vermoed die spreker dat die hoorder die betrokke referent ken, en is hy gevolglik verbaas/verras dat dit nie die geval is nie Die spreker se verwagting word dus gekanselleer.

Hieruit word dit duidelik dat NIE₁ veral in vraagvorme die potensiaal het om 'n affektiese waarde uit te druk

Die NEG-inkorporasievorme

Negatiewe sinne/uitings met NEG-inkorporasievorme verskil in een belangrike opsig van hul negatiewe teenhangers waarin NIE₁ optree. Negatiewe sinne met NEG-inkorporasievorme is stelliger negatiewe sinne as hul negatiewe teenhangers daarsonder (Ponelis, 1979:402). Vergelyk:

- R So sê sy : My kind, kom hiernatoe. Sê vir my : Het Mieta nou nie vir jou gegee koffie of 'n stukkie brood? Ek sê : Nee. Sy sê : Foei tog, kom hiernatoe ... Sy sê : My kind, sit daar langs die tafel. Ek sien jou lippe is asvaal. Toe ek klaar geiet is, toe sê ek : Baie dankie, ounooi. My maag is nou vol. Toe sê ek - want my maag was leeg, hy't nog niks koffie gehad of niks - Ma wil nie vir ons koffie gee ...

In (29) staan die gebruik van NEG-inkorporering in diens van ontkeningsversterking (Ponelis, 1979:402), en wel soos volg: NEG-inkorporering (niks koffie) word naamlik, met die implisiete negering van die neutrale teenhanger (nie koffie), effektief benut om groter nadruklikheid te verleen aan 'n gegewe proposisie, i.e. dat die spreker se stiefma haar niks gegee het om te eet of te drink nie.

'n Spreker maak gebruik van 'n NEG-inkorporasievorm (en wel ten koste van NIE₁) indien hy/sy nadruksversterking wil verleen aan die ontkenkende waarde van 'n bepaalde uitdrukking.

4.3.3 Die tydsbywoord NOOIT

Die ontkeningsbywoord NOOIT verskil in een belangrike opsig van die NEG-inkorporasievorme en NIE₁ deurdat dit die enigste ontkeningsvorm is wat 'n bepaalde tydsbestek/tydsperiode/tydsduur aandui:

R Haar dogter. Suster Solomons se oudste kind. Het sy dan nie net twee meisies nie?

O Nee, sy't mos 'n dogter en 'n seun.

R: Het sy nie twee meisies nie?

R Haar pa is hier begrawe, haar pa, suster Solomons se pa, laas jaar, suster Solomons se pa. Ek ken nie haar (= suster Solomons) ma nie, maar ek ken haar pa. Lat ek het nooit gewiet nie! Dis haar man wat altyd so by my huis kom dienste gehou het. Lat ek het nooit gewiet dat suster Solomons 'n seunskind ook het nie.

Die tydsbywoord NOOIT in (30) dui ongetwyfeld 'n bepaalde tydsperiode aan. Die respondent (spreker) ken die Solomonse 'n geruime tyd al en sy is verbaas by die aanhoor dat die Solomonse 'n seun en 'n dogter het en nie twee meisies soos sy oor die jare heen geglo het nie. Deur die optrede van die ontkeningsbywoord NOOIT die tydsduur van die spreker/respondent se misplaaste oortuiging sterker beklemtoon/uitgelig.

Die kommunikatiewe funksie van die bywoord NOOIT kan dan soos volg geformuleer 'n Spreker maak gebruik van die ontkeningsbywoord NOOIT, indien hy/sy die klem (of fokus) wil laat val op die tydsaspek of tydsduur van 'n bepaalde saak

4.4 SAMEVATTING

NEG-vorme het 'n diverse verskeidenheid teks-/diskoersfunksies wo. kohesie en koherensie. Onder die verskillende NEG-vorme is dit veral die NEG-inkorporasievorme (en in die besonder die voornaamwoordelike NEG-inkorporasievorme) wat die potensiaal besit om by te dra tot kohesie (en koherensie) in die teks/diskoers (vergelyk 4.1.1 en 4.1.2). Die kohesie-verband wat bestaan tussen die NEG-inkorporasievorm (= anafoor) en sy leksikale antesedent is een van kontras/teenoorgesteldheid. Om hierdie rede word na dié tipe kohesieverband verwys as 'n kontrasterende kohesieverband (sien 4 .1).

NEG-inkorporasievorme ($X \text{ NIE}_1$) dra nie net by tot teksbinding en -samehang nie, maar kan ook groter nadruklikheid verleen aan die ontkennde waarde van 'n bepaalde uitdrukking (vergelyk 4.3.2). Hierteenoor word NIE_1 hoofsaaklik gebruik om groter fokus/nadruk te verleen aan die konstituente wat binne die pragmaties-semantiese bereik van ontkenning val (4.3.1).

Onderliggend aan die kommunikatiewe funksies van ontkenning/NEG-vorme is die konteks waarbinne dié vorme bepaalde funksies kan verrig. Dit blyk dat NEG-vorme hoofsaaklik in diskoerspresupposisionele kontekste optree (sien 4.2). Twee tipes kontekste kan geïdentifiseer word:

- (a) 'n konteks waar die positiewe korrelaat (van die negatiewe pendant) vroeër eksplisiet gemeld word (vergelyk 4.2.1),

(b) 'n konteks waar die positiewe korrelaat nie geëkspliseer word nie, maar wel afgelei/herwin kan word uit die teks of situasionele konteks (vergelyk 4.2.2).

In M.A. is die tendens om NEG-vorme meer bepaald in tekstueel-herwinbare diskoerspresupposisionele kontekste te gebruik (sien 4.2.2). Hierteenoor vergestalt die optrede van NEG-vorme in diskoerspresupposisionele kontekste met duidelik onderskeibare positiewe korrelate n veel laer gebruiksfrekwensie in M.A. (sien 4.2.3)

Die gebruik/kontekstualisering van ontkenningssuitings in diskoersverband staan in 'n groot mate in verband met die presupposisies/vooronderstellinge van die spreker.

AANVULLENDE NOTE

- 1 Vergelyk hieroor o.m. Feinauer (1990:76), Halliday (1985:291), Carstens (1984:22-23) en Prinsloo (1991:63)

- 2 Raadpleeg Halliday en Hasan (1976:4-6) m.b.t. die beskrywing van kohesie as 'n semantiese relasie.

Verdere studies in hierdie verband sluit o.m. in Stoddard (1991:18-19) en Wessels (1993:76)

3. Vergelyk in hierdie verband ook die uitspraak van Carstens (1984:51):

Bepaalde voornaamwoorde [kan] in 'n anaforiese verband gebruik word en onbepaalde voornaamwoorde nie, omdat laasgenoemde groep voornaamwoorde nie na "geïdentifiseerde referente" verwys nie.

4. Halliday (1985:291) konstateer in hierdie verband:

An anaphoric relationship creates what we are calling cohesion. Presented with one of these words, the listener has to look elsewhere for its interpretation; and if he has to look back to something that has been said before, this has the effect of linking the two passages into a coherent unity. (My beklemtoning.)

Vergelyk ook Prinsloo (1993:59,63).

5. Met betrekking tot kohesie as 'n hoordersfunksie, raadpleeg o.m. Stoddard (1991:17-19) en Brown en Yule (1983:198-199).

6. Onder die begrip kontrasverbande word o.m. verstaan 'n verwysingsstelsel "that is based not on identity of reference but on non-identity : the reference item is interpreted, not by being identified with what it presupposes, but by being [contrasted] with it" (Halliday en Hasan (1976), aangehaal deur Huddleston, 1978:340). Die aangehaalde uitspraak word deur Halliday en Hasan (1976) gebruik om, wat hulle noem, "comparative reference" te beskryf. Dié uitspraak blyk ook van toepassing te wees op die aspek kontrasverbande. Onderliggend aan die begrip kontrasverbande is die feit dat die antesedent en sy anafoor, gesien binne die konteks van die teks, teenoorgesteld in betekenis tot mekaar is. Die begrip kontrasverbande blyk ook die konsep antonimie te omsluit. Die uitspraak van Halliday (1976:312) dat "lexical items which are opposite in meaning, namely antonyms function with cohesive effect in a text" kan dan ook van toepassing gemaak word op die NEG-inkorporasievorme niks (en niemand) wat kontrasverbande binne teksverband teweeg bring.

7. Die begrip kontrasterende kohesieverbande is gebaseer op 'n konsep van Spooren (1989:2) waar hy 'n bepaalde tipe koherensieverband beskryf, naamlik "contrastive coherence relations".

8. Onder die begrip katafoor word verstaan dat die antesedent eers na die anafoor volg. Daarteenoor word die term anafoor gebruik om te verwys na die gevalle waar die antesedent die anafoor voorafgaan

Sien hieroor o.m. Halliday en Hasan (1976:14-19), Carstens (1984:23-24) en De Stadler (1989:426-428)

9. In hierdie verband stem die NEG-inkorporasievorm niks ooreen met die sinsanaforiese gebruike van die voornaamwoord dit en die pro-anafoor so. (Sien hieroor o.m. Halliday en Hasan, 1976:52-53)

10. In voorbeeld (4) (asook voorbeeld (3)) blyk dit dat die hoorder die antesedent ook hipoteties kan veronderstel/aflei. Die moontlikheid bestaan dat die hoorder op grond van die tekstuele gegewens wat die NEG-inkorporasievorm niemand voorafgaan, die leksikale NS "kerkmense" as antesedent sal kan aflei/veronderstel. In hierdie verband argumenteer Partee (1972:428) ook dat antesedente as 'n hipotetiese entiteit vergestalt kan wees. Hierteenoor word egter geargumenteer dat die NEG-inkorporasievorm niemand sinsanafories verbind moet word met die sinsantesedent vir sy semantiese interpretasie. Die rede hiervoor is die primêre aanvaarding/uitgangspunt dat antesedente in die teks/diskoers duidelik geïntroduseer moet wees. Die hipotetiese entiteit is ook inherent aanwesig in die sinsantesedent "Die mense kyk jou in die kerk" en om hierdie rede blyk die betekenisverband tussen niemand en die gemelde sinsantesedent 'n sinvoller verband te wees deurdat die sinsantesedent duidelik

(en ondubbelsinnig) spesifiseer wie die mense is wat kyk!

11. Vergelyk in hierdie verband die uitspraak van Stoddard (1991:17):

... Cohesion is a mental construct resulting from reader processing. (My beklemtoning.)

12. Met betrekking tot die verband tussen kohesie en koherensie, sien o.m. Carstens (1987:28), Brown en Yule (1983:194-197), Stoddard (1991:19), Wessels (1993:76-77) en Hubbard (1993:56-58)

13 Raadpleeg Lautamatti (1990:31-32) in hierdie verband.

14. Pragmaties-beheerde anafore impliseer nie dat die referent fisies teenwoordig moet wees in die deelnemers se persepsie-veld nie, maar dit beteken slegs dat die situasionele konteks die identifikasie moontlik maak Vergelyk in hierdie verband Halliday en Hasan (1976:49) vir 'n indirekte verwysing na iets soos pragmaties-beheerde anafore.

15. Die vermoë van pragmaties-beheerde anafore om die situasionele konteks direk in verband te bring met die tekskonteks, het te make met die feit dat pragmaties-beheerde anafore primêr deiktiese elemente is. Tereg merk Carstens (1985:10) op:

Pragmaties-beheerde anafore ... is ... niks anders as slegs die pragmatiese (of simboliese) gebruik van

deiktiese elemente nie.

- 16 Vergelyk in hierdie verband die uitspraak van respektiewelik McCawley (1981) en Leech (1981) in verband met pragmatiese presupposisie:

[Pragmatic presupposition is] a proposition which the speaker "takes for granted" when he utters the sentence, that is, a proposition which either has been established in the preceding discourse or the speaker can assume that the parties to the discourse will agree to it" (McCawley, 1981:251).

en

In saying X the speaker purports to take for granted the truth of Y (Leech, 1981:287).

Vergelyk ook McCawley (1979:372), Kempson (1975:49-51, 55-60), Palmer (1976:172), Keenan (1971:49-50), Wilson (1975:65, 67), Van der Sandt (1988:190), Allwood (1977 1) en Givon (1984:328).

7. Van der Auwera (1979:255) en Kempson (1975:49) konstateer onderskeidelik in hierdie verband:

Pragmatic presupposition deals with speaker's belief.

en

... Strawson's informal discussion ... led to a characterisation of presupposition in terms of belief on the part of the speaker in making a statement ...

18. Die korresponderende positiewe pendant (van die negatiewe teenhanger) konstitueer nou die pragmatiese presupposisie/diskoerspresupposisie. Vergelyk in hierdie verband Givon (1984:328) en Givon (1978:87).
19. Betekenisvol is veral voorbeeld (9) omdat die spreker nie net die veronderstelde oortuiging van die hoorder ontken nie, maar ook duidelik spesifiseer wat die gronde van die ontkenning is.
20. Allwood (1977:31) konstateer in hierdie verband :

To negate a statement is to say that the state of affairs described by the statement (= positive statement) is not a fact. (My invoeging.)

21. In neweskikkende sinne met 'n positiewe en 'n negatiewe lid word die positiewe lid normaalweg as eerste konjunk ingespan. McCawley (1981:257) beredeneer dié gegewe soos volg:

The first conjunct of ... conjoined proposition "provides context for" the second conjunct, that is, that what is at issue in considering the acceptability of the second conjunct is not acceptability relative to the context of the entire conjoined sentence ... but relative to that context supplemented by the first conjunct.

22. Vergelyk in hierdie verband:

A negative statement is appropriate when its affirmative complementary is in some way expected (Allwood, 1977:22).

en

In everyday discourse our use of negative sentences ... prepares the way for positive assertion (Moravcsik en Gabby, 1978:251).

- 23 Die beskrywing van die optrede van negatiewe sinne sonder 'n voorafgaande korresponderende positiewe pendant is, sover vasgestel kon word, nog geensins breedvoerig beskryf nie, veral nie binne die Afrikaanse Taalkunde nie.
- 24 In meer formele terme gestel, is die gedeelde kennis tussen die gespreksgenote soos gereflekteer in voorbeeld (18) - dus "a belief of the speaker concerning a belief of the hearer concerning a belief of the speaker" (Van der Auwera, 1979:255)
- 25 Raadpleeg Allwood (1977:44-45) in dié verband
- 26 Givon (1978:79-80) wys ook op die komplekse aard van die presupposisionele konteks waarbinne negatiewe sinne optree, en wel in terme van die aspekte bepaaldheid/onbepaaldheid by referensiële argumente. Vir die doeleindes van die studie word die begrip komplekse presupposisionele konteks(te) egter beskryf in terme van die onderskeibaarheid/duidelik aantoonbaarheid van die positiewe korrelaat. Dié begrip word eerder as 'n gradeerbare begrip beskou, waarin die een diskoerspresupposisionele konteks kompleks kan wees as die ander i.t.v. die maklike of moeilike graad van identifiseerbaarheid van die

positiewe korrelaat.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTENDE BEOORDELING

Ontkenning in Afrikaans het tot op hede wye dekking in die Afrikaanse taalkunde geniet. Die nagaan van die huidige stand van studies oor ontkenning in Afrikaans (vergelyk hoofstuk 2) toon 'n swaai ván 'n histories-vergelykende/diachroniese aanpak aanvanklik met besondere fokus op die moontlike herkoms van die sg. dubbele ontkenning in Afrikaans (o.m. Du Toit, 1897; Bosman, 1923; Nienaber, 1965) ná sinchroniese ondersoeke binne óf 'n generatiewe raamwerk (o.m. Waher, 1978; Waher, 1983) óf 'n funksionele raamwerk (o.m. Ponelis, 1979; De Stadler, 1989).

Aan die belangrike bydrae van bogenoemde studies tot die insig in en verstaan van ontkenning in Afrikaans word heelhartig erkenning gegee. Verskeie aspekte rakende die grammatika, betekenis en gebruik van ontkenning wat in hierdie werke uitgewys is, word derhalwe weldeeglik in hierdie studie geïntegreer.

In die onderhawige studie word die manifestasie van ontkenning in 'n spesifieke geografiese gebied, t.w. Malmesbury, onder die loep geneem, en wel binne die raamwerk van 'n kontekstuele/pragmatiese analise - 'n benaderingswyse tot die studie van taal wat uitgaan van 'n verbandlegging tussen linguistiese vorm (grammatiese reëlsisteem), funksie (pragmatiese reëlsisteem) en gebruikskonteks (hetsy verbale/tekskonteks of pragmatiese konteks/taalgebruiksituasie):

Pragmatics is concerned with the three-termed relation that unites (a) linguistic form and (b) the communicative functions

that these forms are capable of serving, with (c) the contexts or settings in which these forms can have those communicative functions (Fillmore, 1981:144).

Die ontginning van ontkenning as verbandverweefde verskynsel in hierdie studie wil enersyds dien as teenvoeter vir die meer bepaald sinsgerigte/gedekontekstualiseerde benadering in bogenoemde studies binne 'n diachroniese, strukturele en generatiewe raamwerk. Andersyds wil dit 'n voortbouing/uitbreiding wees op die funksionele aanpak van ontkenning in die werk van o.m. Ponelis (1979) en De Stadler (1989), en wel deur 'n meer daadwerklike verbandlegging tussen ontkenningsuitings en die werklike gebruikssituasie/konteks.

Die grammatiese aspekte van ontkenning in Malmesbury-Afrikaans kom in hoofstuk 3 aan die orde. Die diversiteit rakende die grammatiese struktuurorganisasie van ontkenningsuitings word bejeën vanuit die perspektief van die interaksie tussen spreker en hoorder. Dienooreenkomstig kom die hooftipes ontkennings-/NEG-vorme (i.e. NEG-inkorporasievorme en ontkenningsbywoorde) onder die soeklig met besondere fokus op die vormlike vergestaltung, sintaktiese én pragmatiese funksies, plasing ten opsigte van ander sinskonstituente en die (sintaktiese sowel as pragmaties-semantiese) bereik daarvan. Van besondere belang is die pragmatiese presupposisies wat die gebruik van diverse ontkenningsuitings (as opsies tot beskikking van die taalgebruiker) ten grondslag lê.

Die teksfunksies en/of kontekstuele gebruike van ontkenning kom in hoofstuk 4 onder die soeklig. Aan die hand van teksfragmente uit die gekose databasis word daar

ingegaan op die rol van ontkenning ten opsigte van tekskohesie en - koherensie sowel as die verskillende diskoerspresupposisionele kontekste waarbinne ontkenningsuitings funksioneer. Dit is veral ten opsigte van die verkenning van die teksfunksies en kontekstuele gebruike van ontkenning dat die onderhawige studie hom onderskei van vorige studies oor ontkenning in Afrikaans en derhalwe 'n vernuwende bydrae tot die agterhaal van die wesenwoord van ontkenning wil lewer.

Die ontginning van die sistematiek rakende die grammatika van ontkenning (hoofstuk 3) en die kommunikatiewe gebruike daarvan (hoofstuk 4) is gebaseer op die gekose databasis. Dit hou in dat daar aspekte rakende ontkenning in Malmesbury-Afrikaans mag wees wat nie in hierdie studie ondervang is nie. 'n Moontlike ondersoekaspek, byvoorbeeld, wat nie deur die gekose databasis geregverdig word nie, is die nagaan van die optrede van ontkenningsuitings in vraag-en-antwoord-kontekste.

Dat hierdie studie nie die aard en gebruik van ontkenning in Afrikaans in die algemeen onder die loep neem nie, maar eerder 'n ontginning wil wees van die manifestasie van ontkenning in die Afrikaans van 'n spesifieke gebruikskonteks, t.w. Malmesbury-Afrikaans - sonder inagneming van etniese begrening - moet teen die agtergrond van die volgende verstaan word:

Afrikaans as taal in Suider-Afrika - en daarmee die Afrikaanse taalkunde - bevind hom tans by 'n kruispad. In debatte en publikasies die afgelope tyd oor die status, taalkundige besinning en onderrig van Afrikaans is o.m. die volgende aspekte rakende die beoefening van die Afrikaanse taalkunde tot op hede as problematies en

onaanvaarbaar uitgewys: die Afrikanersentriese aard van die tradisionele Afrikaanse taalkunde, die gedekontekstualiseerde/formalistiese benadering tot die studie van Afrikaans, die eksklusiwiteit van die Afrikaanse taalkunde vanweë die fokus op gestandaardiseerde Afrikaans en/of teenoormekaarstelling van gestandaardiseerde Afrikaans en streektaalvariëteite in taalkundige beskrywing en normering, die preskriptiewe ondertone in taalbeskrywing as uitvloeisel van 'n taalpuristiese strewe, ensovoorts.

In aansluiting by gemelde besware is dit 'n fundamentele aanname van hierdie studie dat die gebruik onder sg. toonaangewende sprekers of die oordeel van gesaghebbendes nie langer as enigste normeringsgrond kan dien nie. Eerder behoort die Afrikaanse taal aan die hand van omvattende kontekstuele studies opnuut, en sonder inagneming van etniese begrensinge, afgeluister en afgelees te word sodat die beskrywing en/of normering van die sistematiek van Afrikaans/Afrikaanse taalverskynsels o.m. reflekerend sal wees van alle variëteite en/of opsies tot beskikking van die taalgebruiker soos weerspieël in reële taalgebruik. Die onderhawige studie wil derhalwe 'n rigtingwyser in hierdie verband wees. Die veronderstelling is dat indien die bevindinge rakende die grammatika en kommunikatiewe gebruike van ontkenning in hierdie studie gekoppel sou word met die bevindinge in ander soortgelyke konteks-spesifieke studies rakende die manifestasie van ontkenning, dit noodwendig sal lei tot 'n meer inklusiewe en verteenwoordigende siening van ontkenning in Afrikaans in die algemeen.

BIBLIOGRAFIE

GERAADPLEEGDE BOEKE EN ARTIKELS

- Allwood, J. 1977 Negation and the strength of presuppositions. In Dahl, O. (red.) 1977 : - 48.
- Barnes, A.S.V 1966. Afrikaanse Grammatika vir Engelssprekende leerlinge, Standerds VI-X. Kaapstad : Nasou
- Basson, M.A.; J Kromhout, P.G. Nel, J.H. Senekal 1973. Afrikaans vir die student Die suiwer Woord Johannesburg Voortrekkerspers.
- Bosman, C 1992 Die Fakultatiewe Vir in Afrikaans. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- Bosman, D.B. 1923. Oor die Afrikaanse Taal. Amsterdam : Swets en Zeitlinger.
- Botha, J.P. 1980. Indirekte voorwerp/medevoorwerp versus pro-adjunk. Tydskrif vir Geesteswetenskappe 20(9) 152 - 72.
- Botha, J.P. 1985 Afrikaanse sintaksis vir voorgraadse studente. Johannesburg Lexicon Uitgewers.

- Botha, J.P. en J.M.H. van Aardt. 1983. Afrikaans vir die Praktyk. Johannesburg
McGraw-Hill
- Botha, K.; J. Esterhuyse, R. Gouws, T. Links, J. Pienaar. 1990. Ruimland 9 en
10. Kaapstad : Tafelberg Uitgewers
- Botha, T.J.R.; F.A. Ponelis, J.G.H. Combrink, F.F. Odendal (reds.) 1989
(Hersiene uitgawe) Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Pretoria
: Academica
- Botha, W.J. 1975. Die leë werkwoord in Afrikaans. Ongepubliseerde M.A.-
verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- Bouman, A.C. en E.C. Pienaar. 1933. Afrikaanse spraakkuns. Stellenbosch
Pro Ecclesia.
- Brown, G. en G. Yule. 1983. Discourse Analysis. Cambridge / London
Cambridge University Press.
- Burgess, E. 1986. Focus and Topic in Xavante. In : Grimes, J.E. (red.) 1986 :
28
- Carstens, W.A.M. 1984. 'n Kontekstuele analise van Afrikaanse bepaalde
voornaamwoorde. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, Universiteit van

Stellenbosch

- Carstens, W.A.M 1985 Pragmaties Beheerde Anafore? S.A. Tydskrif vir Taalkunde 3 (2) 2 -
- Carstens, W.A.M 1987. De Beaugrande en Dressler (1981) se "Standaarde van Tekstualiteit" S.A. Tydskrif vir Taalkunde 5 (2) : 18 - 30.
- Carstens, W.A.M 1991 Norme vir Afrikaans : Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. Pretoria Academica
- Chafe, W.L. 1976. Givenness, contrastiveness, definiteness, subjects, topics and points of view In Li, C.N. (red. 1976 : 27 - 55.
- Cole, P. (red.) 1978 Syntax and Semantics Vol. 9 - Pragmatics. New York / London Academic Press.
- Cole, P. (red.) 1981. Radical Pragmatics. New York : Academic Press.
- Connor, U. en A.M. Johns (reds.) 1990. Coherence in writing : Research and pedagogical perspectives.
- Dahl, O. (red.) 1977. Logic, Pragmatics and Grammar. Sweden Studentlitteratur, Lund

- Davidson, D. en G Harman (reds.). 1972 Semantics of Natural Language.
Dordrecht / Boston : Reidel Publishing Company.
- De Beaugrande, R-A. en W.U. Dressler. 1981 Introduction to Text Linguistics.
London / New York : Longman.
- De Groot, A.W. 1962 Inleiding tot de Algemene Taalwetenschap. Groningen :
Wolters.
- De Klerk, P.F.; B.J. Esterhuizen, H.J.R Hamman, E.L. Neethling 1981
Afrikaans My Taal, standerds 9 en 10. Afrikaans (Hoër graad).
Kaapstad : Maskew Miller Longman
- De Klerk, P.F. en J.J. van L. Sadie. 1990. Afrikaans My Taal, standerd 7.
Kaapstad : Maskew Miller Longman
- Den Besten, H. 1986. Double negation and the genesis of Afrikaans. In :
Muysken, P. en N. Smith (reds.) 1986 185 - 230.
- De Stadler, L.G. 1982. Oor die struktuur van die naamwoordstuk in Afrikaans.
Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- De Stadler, L.G 1989 Afrikaanse Semantiek Johannesburg : Southern-
Boekuitgewers.

De Villiers, M 1975. Die Semantiek van Afrikaans Kaapstad : HAUM.

De Villiers, M 1983. Afrikaanse Grammatika vir Volwasseenes. Kaapstad
Nasou

Dik, S.C 1980 Studies in Functional Grammar. London / New York : Academic
Press.

Dik, S.C 1989 The Theory of Functional Grammar Part 1 - The structure of the
clause. Foris Publications

Dressler, W.U. (red.). 1978 Current Trends in Textlinguistics Berlin / New
York Walter de Gruyter.

Du Plessis, H.G.W. 1977. Oor daar in Afrikaans. Tydskrif vir
Geesteswetenskappe 7 234 - 245.

Du Plessis, H 1980. Afrikaanse Sintaksis, F.A Ponelis (Boekbespreking)
Tydskrif vir Geesteswetenskappe 20 (3) : 240 - 24

Du Toit, P.J. 1986 (Hersiene uitgawe). Taalleer vir Onderwyser en Student.
Kaapstad / Pretoria : Academica.

- Du Toit, S.J. 1897. Fergelykende taalkunde fan Afrikaans en Engels. In :
Loubser, J.E. (red.) 1980 : - 30.
- Feinauer, A.E. 1987. Sinsvolgorde in Afrikaans. Ongepubliseerde D.Litt-
proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- Feinauer, A.E. 1990. Tekstuele binding in gesproke Afrikaans. S.A. Tydskrif vir
Taalkunde 9 (2) : 75 - 79.
- Fillmore, C.J. 1981 Pragmatics and the description of discourse. In : Cole, P.
(red. 1981 : 143 - 165.
- Fillmore, C.J. en D.T. Langendoen (reds.). 1971. Studies in Linguistic Semantics.
Chicago / New York : Holt, Rinehart and Winston Inc.
- Fodor, J.A. en J.J. Katz (reds. 1964. The Structure of Language : Readings in the
philosophy of language. Englewood Cliffs : Prentice Hall.
- Franck, M. 1979. VAN-konstruksies in Afrikaans. Ongepubliseerde D.Litt-
proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- Givón, T. 1976. Topic, Pronoun and Grammatical Agreement. In : Li, C.N.
(red.) 1976 : 151 - 185.

- Givón, T. 1978. Negation in language pragmatics, function, ontology. In :
Cole, P. (red. 1978 69 - 10.
- Givón, T. (red.) 1979. Syntax and Semantics Vol. 12 - Discourse and Syntax.
New York / London Academic Press.
- Givón, T. 1979 a. On understanding grammar. New York / London : Academic
Press.
- Givón, T. 1979 b. Preface. In : Givón, T. (red.) 1979 : xiii - xv.
- Givón, T. (red.) 1983. Topic continuity in discourse : a quantitative cross-
language study. Amsterdam / Philadelphia John Benjamins.
- Givón, T. 1983. Topic continuity in discourse : An introduction. In : Givón, T.
(red. 1983 : - 35.
- Givón, T. 1984. Syntax : a functional - typological introduction Vol. I.
Amsterdam / Philadelphia : John Benjamins.
- Grimes, J.E. 1975. The thread of discourse. Janua Linguarum, series minor 207.
The Hague Mouton.

- Grimes, J.E. (red.) 1986. Sentence initial devices Dallas : Summer Institute of Linguistics.
- Guenther, F. en C Rohrer (reds.). 1978 Studies in Formal Semantics : Intensionality, Temporality, Negation Amsterdam / New York North-Holland Publishing Company.
- Gundel, J.K 1977 Role of topic and comment in linguistic theory Bloomington Indiana University Linguistics Club
- Halle, M.; J. Bresnan en G.A Miller (reds 1978 Linguistic theory and psychological reality. Cambridge / London : MIT Press.
- Halliday, M.A.K. 1985. An Introduction to Functional Grammar. London Edward Arnold
- Halliday, M.A.K. en R. Hasan 1976. Cohesion in English. London : Longman
- Hawkins, J.A 1978. Definiteness and Indefiniteness : A study in Reference and Grammaticality prediction London : Croom Helm.
- Hendricks, F.S. 1988. Prolepsis in Afrikaans. Ongepubliseerde D.Litt-proefskrif, Universiteit van Wes-Kaapland

- Hubbard, E.H. 1993. Some Coherence correlates in expository writing.
S.A. Tydskrif vir Taalkunde Supplement 15 55 - 73.
- Huddleston, R. 1978. On classifying anaphoric relations A review of M.A.K
Halliday and R. Hasan, "Cohesion in English". Lingua 45 : 333 -
354.
- Jackendoff, R.S. 1972 Semantic Interpretation in Generative Grammar.
Cambridge / Massachusetts / London : MIT Press.
- Jackendoff, R. 1983. Semantics and Cognition Cambridge / Massachusetts : MIT
Press.
- Jespersen, O. 1935. The philosophy of grammar. London : George Allen and
Unwin
- Keenan, E.L. 1971 Two kinds of presupposition in natural language. In
Fillmore, C.J. en D.T. Langendoen (reds.) 1971 45 - 52
- Keenan, E.L. (red. 1975. Formal Semantics of Natural Language. London /
New York Cambridge University Press
- Keenan, E.L. 1976. Towards a universal definition of "subject". In : Li, C.N.
1976 305 - 331

- Keenan, E.O. en B.B. Schieffelin. 1976. Topic as a discourse notion : A study of topic in the conversations of children and adults. In : Li, C.N. (red.) 1976 337 - 382
- Kempson, R.M 1975 Presupposition and the Delimitation of Semantics. Cambridge Cambridge University Press
- Klima, E.S. 1964 Negation in English In : Fodor, J.A. en J.J. Katz (reds.) 246 - 316
- Kraak, A. 1966 Negatieve zinnen Een methodologische en grammatische analyse. Hilversum De Haan.
- Kraak, A. en W.G. Klooster. 1968 Syntaxis Culemborg / Keulen : Stam-Kemperman Uitgeverij
- Kuno, S 1978. Generative Discourse Analysis in America. In : Dressler, W.U (red.) 1978 : 275 - 292
- Kuno, S 1987 Functional Syntax : Anaphora, Discourse and Empathy. Chicago / London The University of the Chicago Press
- Lautamatti, L. 1990 Coherence in spoken and written discourse In : Connor, U. en A.M. Johns (reds. 1990 : 31 - 39.

- Leech, G. 1981 Semantics. Middlesex / New York / Australia / Canada : Penguin Books.
- Levinson, S.C. 1983 Pragmatics. Cambridge / London / New York : Cambridge University Press.
- Li, C.N. (red.). 1976. Subject and Topic. New York / London : Academic Press.
- Li, C.N. en S.A. Thompson. 1976. Subject and Topic : A new typology of language. In : Li, C.N. (red.) 1976 : 459 - 489.
- Links, T.H. 1989. So praat ons Namakwalanders. Kaapstad : Tafelberg Uitgewers.
- Loubser, J.E. (red. 1980. Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal en Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels. Kaapstad Tafelberg Uitgewers.
- Lubbe, H.J. 1980. Die waarde van die transformasioneel-generatiewe grammatika vir die diachroniese taalbeskrywing. Reeks nr. 1. Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Lyons, J. 1977. Semantics Vol. II. Cambridge : Cambridge University Press.

- Matthews, P.H. 1981 Syntax Cambridge/London/New York : Cambridge University Press.
- McCawley, J.D. 1979. Presupposition and discourse structure. In : Oh, C-K. en D.A. Dinneen (reds.) 1979 371 - 387.
- McCawley, J.D. 1981. Everything that linguists have always wanted to know about logic. Oxford : Basil Blackwell.
- Mey, J.L. (red.). 1979. Pragmalinguistics theory and practice. The Hague / Paris Mouton
- Mey, J.L. 1979. Introduction. In : Mey, J.L. (red.) 1979 : 9 - 7.
- Meyer, P.S.; F.F. Odendal, J. Vosloo, H.S. Wolvaardt. 1985 Keurige Afrikaans, standerd 8. Kaapstad : Nasou.
- Meyer, P.S.; F.F. Odendal, J. Vosloo, H.S. Wolvaardt. 1986. Keurige Afrikaans, standerd 9. Kaapstad : Nasou
- Meyer, P.S.; F.F. Odendal, J. Vosloo, H.S. Wolvaardt. 1987. Keurige Afrikaans, standerd 10. Kaapstad : Nasou.

- Moravcsik, J.M. en D.M. Gabbay. 1978. Negation and Denial. In : Guenther, F. en C. Rohrer (reds. 1978 : 251 - 264.
- Muysken, P. en N. Smith (reds. 1986. Substrata versus Universals in Creole genesis. Amsterdam Benjamins.
- Newmeyer, F.J. 1986. The Politics of Linguistics. Chicago The University of the Chicago Press.
- Nienaber, G.S. 1965. Iets naders oor die ontkenning in Afrikaans. In : Nienaber, P.J. (red. 1965 : 22 - 38.
- Nienaber, P.J. (red.) 1965. Taalkundige opstelle. Kaapstad / Amsterdam : Balkema
- Oh, C-K. en D.A. Dinneen (reds.) 1979. Syntax and Semantics Vol. II Presupposition. New York / London / San Francisco : Academic Press.
- Palková, Z. en B. Palek. 1978. Functional Sentence Perspective and Textlinguistics. In : Dressler, W.U. (red. 1978 : 213 - 218.
- Palmer, F.R. 1976. Semantics. Cambridge : Cambridge University Press.

- Partee, B.H. 1972 Opacity, coreference and pronouns. In Davidson, D. en G. Harman (reds.) 1972 : 415 - 434
- Pauwels, J.L. 1958. Het dialect van Aarschot en omstreken. Tongeren
- Ponelis, F.A. 1968. Grondtrekke van die Afrikaanse Sintaksis Pretoria : Van Schaik.
- Ponelis, F.A. 1985. Afrikaanse Sintaksis Pretoria Van Schaik.
- Ponelis, F.A. 1989 a. Die aard en die bestudering van die Afrikaanse taal. In : Botha, T.J.R. et al. (reds.) 1989 : 27 - 35
- Ponelis, F.A. 1989 b. Sintaksis. In : Botha, T.J.R. et al. (reds. 1989 : 255 - 356.
- Prince, E. 1981 Towards a taxonomy of given - new information. In Cole, P. (red. 1981 : 223 - 255.
- Prinsloo, S. 1991 Anaforiek in Substandaardafrikaans. S.A. Tydskrif vir Taalkunde 9 (3) 63 - 68.
- Prinsloo, S. 1993 Die rol van anaforiek in die spontane mondelinge vertelling in Afrikaans. S.A. Tydskrif vir Taalkunde 11 (2) : 59 - 63

- Quirk, R. S Greenbaum G Leech, J Svartvik. 1972 A Grammar of Contemporary English London Longman.
- Quirk, R. en S. Greenbaum 1973 A university grammar of English London Longman
- Raidt, E.H 1969. Die gebruik van vir in objekkonstruksies. Tydskrif vir Geesteswetenskappe 9 1) 32 - 48.
- Raidt, E.H 1976. Die herkoms van objekkonstruksies met vir. In 1875-1975 Studies oor die Afrikaanse Taal 1976 72 - 97
- Raidt, E.H 1980. Afrikaans en sy Europese verlede Van Tacitus tot Van Wyk Louw. Kaapstad Nasou
- Raidt, E.H 1989. Ontwikkeling van Vroeë Afrikaans In Botha, T.J.R. et al. (reds.) 1989 109 - 10.
- Rossouw, P.J.; H.A. du Toit, M.L. Jurgens, J. Louw, J.W. Theron 1975 a. Die Lewende Taal, standerd 8 (Eerste Taal, Hoër Graad). Kaapstad Juta en Kie.
- Rossouw, P.J. et al 1975 b Die Lewende Taal, standerds 9 en 10 (Eerste Taal, Hoër Graad) Kaapstad Juta en Kie.

- Scholtz, J. du P. 1980. Wording en ontwikkeling van Afrikaans. Kaapstad
Tafelberg Uitgewers.
- Senekal, H.E.J.; F.A. Ponelis en W.J. de Klerk. 1972. Die Patroon van Afrikaans
Taalstruktuur vir Seniors. Johannesburg : Afrikaanse Pers-
Boekhandel.
- Sgall, P. 1975. Conditions of the use of sentences and a semantic representation
of topic and focus. In : Keenan, E.L. (red.) 1975 : 297 - 305.
- Sinclair, A.J.L. (red.). 1983. G.S. Nienaber - 'n Huldeblyk. Bellville : U.W.K.-
Drukkers
- Smith, S.B. 1978. Meaning and Negation. Janua Linguarum, Series minor 206.
The Hague / Paris : Mouton.
- Spooren, W.P.M.S. 1989. Some aspects of the form and interpretation of global
contrastive coherence relations. Sneldruk Enschede.
- Stenning, K. 1978. Anaphora as an approach to pragmatics. In : Halle, M. et al.
(reds.) 1978 : 162 - 178
- Stoddard, S. 1991 Text and Texture : Patterns of Cohesion. Norwood Alex
Publishing Corporation.

- Stute, H. 1986. Constituent order, Cohesion and Staging in Gavião. In : Grimes, J.E. (red.) 1986 : 7 - 25
- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 1976. 1875-1975 Studies oor die Afrikaanse Taal. Johannesburg Perskor.
- Valkhoff, M.F. 1966. Studies in Portuguese and Creole with special reference to South Africa. Johannesburg : Witwatersrand University Press.
- Van der Auwera, J. 1979. Pragmatic presupposition : Shared beliefs in a theory of irrefutable meaning. In : Oh, C-K. en D.A. Dinneen (reds.) 1979 249 - 263.
- Van der Merwe, H.J.J.M. (red.). 1969. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria : Van Schaik.
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1969. Die opkoms en ontwikkeling van die taalwetenskap. In Van der Merwe, H.J.J.M. (red.) 1969 : 23 - 44.
- Van der Sandt, R.A. 1988. Context and Presupposition. London / New York / Sydney : Croom Helm
- Van der Walt, C.P.; C.P. van Aardt en L.C. Eksteen. 1969. Taalkunde vir die Middelbare Skool, Standerds 9 en 10. Johannesburg

Voortrekkerpers

Van Dijk, T.A. 1971 Moderne Literatuurteorie : een eksperimentele inleiding.
Amsterdam : Van Genneep.

Van Dijk, T.A. 1977. Text and Context Explorations in the semantics and pragmatics of discourse. London / New York : Longman.

Van Dijk, T.A. 1978. Tekstwetenskap : een interdisciplinaire inleiding.
Utrecht / Antwerpen : Het Spectrum Uitgeverij.

Van Dijk, T.A. 1981. Studies in the Pragmatics of Discourse The Hague / Paris
/ New York : Mouton.

Van Dyk, T.J. 1988. Die plek van die pragmatiek binne die linguistiek.
S.A. Tydskrif vir Taalkunde 6 (2) : 92 - 97.

Van Jaarsveld, G.J. (red.). 1982 Wat sê jy? - Studies oor taalhandelinge in Afrikaans. Johannesburg : McGraw-Hill.

Van Jaarsveld, G.J. 1986. Semantiek en Pragmatiek S.A. Tydskrif vir Taalkunde
Geleentheidsuitgawe 3 : 15 - 35

- Van Rensburg, F.I.J. 1960. Nuwe rigtings in die taalwetenskap. Tydskrif vir Wetenskap en Kuns XX : 69 - 73.
- Van Schalkwyk, D.J. en G. Kroes. 1982. Doeltreffende Afrikaans : 'n Handboek vir Skriftelike Taalgebruik. Kaapstad Nasou
- Van Schoor, J.L. 1983. Die Grammatika van Standaard-Afrikaans. Kaapstad / Johannesburg Lex Patria
- Venneman, T. 1975 Topics, sentence accent, ellipsis: a proposal for their formal treatment. In Keenan, L. (red. 1975 : 313 - 321
- Waher, H. 1978 Die probleem van die bereik van die ontkenning met spesiale verwysing na Afrikaans. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit van Kaapstad.
- Waher, H. 1983. Die tweede ontkenningpartikel in Afrikaans. In : Sinclair, A.J.L. (red. 1983 : 695 - 703
- Waher, H. 1988. Eenders of Anders? 'n Vergelyking tussen die ontkenning in Afrikaans en Afro-Portugees. S.A. tydskrif vir Taalkunde 6 (1) : 109 -127.

- Wessels, E.M. 1993 Lexical cohesion in student academic writing. S.A. Tydskrif vir Taalkunde Supplement 15 75 - 86.
- Wilson, D. 1975 Presuppositions and Non-Truth Conditional Semantics. London / New York / San Francisco : Academic Press.
- Yule, G. 1979 Pragmatically controlled anaphora. Lingua 49 : 127 - 135.
- Yule, G. 1981 New, Current and Displaced Entity Reference. Lingua 55 : 41 - 52.
- Yule, G. 1985 The study of language : An introduction Cambridge / London / New York : Cambridge University Press.

Woordeboeke

- Odehdal, F.F. et al 1985. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT). Johannesburg Perskor.
- Schoonees, P.C. et al s.j Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT). Pretoria Staatsdrukker.